# Paulus

## Sendeling na die Heidene



Louis Nel

# Paulus
# Sendeling na die Heidene

## 'n Reeks Oordenkinge
## oor die lewe van Paulus

## Louis Nel

*Mei 2015*

Saamgestel deur
Mosbolletjie Publikasies
louis@dagstukkie.co.za
082 771 4925
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud

Klik op titel om na hoofstuk te gaan


Paulus
Aan die Voete van Gamaliël
Saul se Woede
Die Vervolging Begin
Op Pad na Damaskus
Waarom Vervolg Jy My?
'n Gewillige Gestuurde
Die Vredemaker
Wéér Barnabas
Uitgestuur
Op Siprus
Johannes Gooi Tou Op
Evangelie aan die Heidene
IkoniumIkonium
Zeus en Hermes
Terug Huistoe
Knellende Voorskrifte
Vriende Kry Stry
Voltyds in die Sendingveld
Lidia
Die Besete Vrou
Bevryding in die Tronk
Oproer in Tessalonika
Atene, Groot Kultuurstad
Op die Areopagus
Akwila en Priscilla
Paulus wil 'n Brief Skryf
Paulus is Omgekrap!
Slegs Jesus......
Paulus Voor die Hof Gesleep
Apollos
Tirannus se Saal
'n Brief aan die Korintiërs
Verdeeldheid
Skewa se Seuns
Opstand in Efese
2 Korintiërs
'n Nuwe Mens
'n Brief aan Rome
Die Wet
Vryspraak
Riglyne vir die Lewe

# *Inhoud*

Klik op titel om na hoofstuk te gaan


Eutigus se Groot Val
Die Ouderlinge van Efese
Laaste Skof na Jerusalem
Die Besoek aan Jakobus
Paulus Gevange Geneem
Paulus se Toespraak (1)
Paulus se Toespraak (2)
Op die Rooi Tapyt
Chaos in die Joodse Raad
Die Komplot
Paulus Voor Feliks
Nie Nou Nie....
Alweer op die Rooi Tapyt
Voor 'n Uitgelese Gehoor
Die Storm (deel 1)
Die Storm (deel 2)
Skipbreuk
'n Slang in die Gras
Uiteindelik Rome!
Die Jode Luister na Paulus
Brief aan die Kolossense
Filemon en Onesimus
Brief aan die Efesiërs
In die Dodesel
Filippense, Blydskapsbrief
Brief aan Titus
Vir Oulaas, Timoteus


Om aanlyn te luister na die betrokke dagstukkie,
klik op die Musiek Simbool





Gaan Na Inhoud



# Paulus

## Inleiding oor Paulus

As daar nou een persoon is wat ek graag as rolmodel sou wou hê, dan is dit Paulus. Hierdie man was fenominaal! Maar ek dink nie dat ek sy soort van lewe sou kon hanteer nie, daarvoor is ek gans te gemaksugtig en kleinserig. Hy het beslis nie 'n maklike of gemaklike lewe gehad nie. Hy is deur bitter swaar tye, en nie maar eenmalig nie: kort-kort beleef Paulus dinge wat jou hare laat regop staan. En dan skud hy bloot maar net die stof van sy klere af en gaan voort asof niks op aarde gebeur het nie.

Paulus is die skrywer wat naas Lukas die grootste volume skryfwerk gedoen het in die Nuwe Testament. Boonop is hy die eerste een wat geskrifte die lig laat sien het in die Nuwe Testamentiese era. Die vier evangelies het eers baie jare na Paulus se briewe ontstaan. Om die waarheid te sê was Paulus waarskynlik al dood toe Markus die eerste evangelie geskryf het.

Ten spyte daarvan lyk dit asof Paulus persoonlik selde 'n pen in die hand gehad het. Hy het moeilik gesien en hy moes van ander mense gebruik maak om sy skryfwerk te doen terwyl hy gedikteer het. Af en toe het hy 'n sinnetjie of wat geskryf, maar dan met groot moeite. "*Van hier af skryf ek eiehandig aan julle*," skryf Paulus in Galasiërs 6:11, "*kyk net die groot letters!*" Lukas was een van die persone wat baiekeer as sy sekretaris opgetree het. Dalk was dit juis die inspirasie wat


Gaan Na Inhoud

hy hieruit kon put wat hom aangespoor het om die Evangelie volgens Lukas asook Handelinge te skryf.

Inderdaad het ek self ook 'n groot inspirasie gekry om iets te skryf oor Paulus deur die pragtige boek van Jaco Thom: "Paulus, die Dertiende Apostel". Hierdie is 'n lekkerlees roman waar Jaco 'n bietjie verbeelding gebruik het om te skryf oor die deel van Paulus wat nie in die Bybel opgeteken is nie. Inderdaad is daar baie dinge van Paulus waaroor ons eintlik maar net kan raai. Was daar ooit 'n liefde ('n vrou) in sy lewe? In Jaco Thom se roman oor Paulus maak hy die aanname dat daar wél 'n meisie was en dat die liefde geblom het. Maar na Paulus se Damaskuservaring het sy hom soos 'n warm patat gelos! Dit is egter suiwer spekulasie. Nog 'n vraag waaroor daar al baie gegis en gewonder is, is wat daardie "doring in die vlees" was waarvan hy praat? Wie was die werklike Paulus? Wat het in sy binneste en in sy binnekamer aangegaan? Wat is die dinge waarmee hy in sy binneste geworstel het?

Ek gaan poog om saam met jou die ware Paulus te ontdek en om sy lewensverhaal kronologies te probeer neerpen. En jy sal my vergewe as ek per geleentheid aannames maak wat ek nie werklik kan staaf nie. Ek belowe egter dat ek my bes sal probeer om nie sommer wilde gedagtes uit die lug te gryp nie, maar slegs te skryf uit die agtergrond wat beskikbaar is.

Wie is Paulus? Waar kom hy vandaan?

In Filippense 3:5,6 lees ons wat Paulus oor homself skryf:

“*Ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam van Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik.*”

Paulus is gebore in die jaar 10nC in die stad Tarsus in Silisië. Agt dae later neem Pa hom na die sinagoge. Salig onbewus van wat hom sou tref, het die seuntjie in sy trotse pa se arms gelê. Die volgende oomblik gil die knapie as hy die operasie ondergaan wat alle klein Joodse seuntjies ondergaan, en sy pa gee hom die naam “Saul”. Dit was traumaties, maar nou, na sy besnydenis was hy 'n Jood in murg en been!

Sy pa was 'n Fariseër, en dus was dit ook die paadjie wat vir die jong Saul uitgelê was. 'n Seun volg mos immers in sy pa se voetspore. Soos ons uit Filippense sien, lê Saul se voorgeslagte diep gewortel in die volk van God. Hy stam af uit die stam van Benjamin, nes sy naamgenoot Saul, die eerste koning van Israel.

Aangesien sy pa 'n Fariseër was, het klein Saul al van babatyd af begin om die basiese beginsels van die wet te leer ken. En toe hy begin verstaan, moes hy gedeeltes van die Tora uit sy kop leer, sodat dit nie maar net gelees word nie, maar deel van sy lewe word. Hy word touwys gemaak in die gebruik van gebedsrieme. Daar is een wat twaalf keer om jou arm gedraai word, een keer vir elke stam van Israel. En daar is ook een wat om jou kop gedraai word. Hierdie een het 'n dosie aan wat om jou voorkop vaskom. Hierin is vyf


Gaan Na Inhoud

velletjies perkament met vyf skrifgedeeltes op. Aan die gebedsriem wat om jou arm kom is daar 'n soortgelyke dosie met vyf skrifgedeeltes in. Dan word daar ook nog 'n gebedsdoek oor sy kop gedrapeer. Sy pa het hom geleer dat gewone mense slegs hierdie gebedsrieme aansit wanneer hulle die oggendgebed doen, daarna haal hulle dit af. Fariseërs haal egter nie die gebedsrieme af voor die aandgebed verby is nie. Hulle loop heeldag lank daarmee.

Dankie tog dat ons nie vandag gebedsrieme nodig het om ons te herinner om te bid nie. Ons het vrye toegang tot die Here, enige tyd van die dag.

Gebed:

Here, baie dankie dat ek met U kan gesels. En dankie dat die wet nie vir my 'n voorvereiste is om U kind te wees nie. Leer my om dit uit dankbaarheid te onderhou.



Gaan Na Inhoud



# Aan die Voete van Gamaliël

## Handelinge 21:37-22:5

Hy het so pas dertien geword, die jong Saul. Hy bewe van opgewondenheid en terselfdertyd ook angs waar hy in die sinagoge staan voor 'n klomp manne wat hom nors aangluur. Met 'n stem wat wil-wil breek begin hy voorlees uit die Tora terwyl Pa trots toekyk. Wanneer hy opkyk van die boekrol af, sien hy hoedat die manne tevrede die koppe knik. Dit voel vir Saul asof 'n reuse las van sy skouers afval. Nou is hy 'n volwaardige lid van die sinagoge! Sy hart swel van trots.

Kort na Saul se groot dag in die sinagoge, onderneem hy saam met sy pa die lang reis na die stad Jerusalem. Hulle het baie lank gepraat hieroor, en ál die verskillende opsies oorweeg. Pa voel dat net die beste goed genoeg is vir sy skrander seun, en die beste kan alleen in Jerusalem gekry word. Jong Saul sal vir die volgende paar jaar by 'n familielid tuisgaan terwyl hy studeer.

Met hulle aankoms in die groot stad gaan hulle reguit na die tempel. Die tempelplein is 'n miernes van bedrywigheid, en dit is veral die pilaargang van Salomo wat rondom hierdie groot kompleks gebou is, waar mense saamdrom. Oral sit daar klein groepies jong seuns of mans by die een of ander Rabbi en slurp sy woorde op.

Saul se pa soek een spesifieke Rabbi met die naam Gamaliël. Sy naam is op almal se lippe, en hy is beroemd as dié leermeester by uitstek. Ellelange onderhandelinge volg

wanneer hulle hom opspoor, en Saul word onderwerp aan eindelose vrae. Gamaliël wil dóódseker maak dat hierdie nuwe student briljant is en boonop die deursettingsvermoë het om die werk te kan doen wat hy aanbied. Hy mors nie sy tyd met iemand wat sukkel nie.

En só begin die jong Saul sy lang en bitter moeilike pad om in Pa se voetspore te volg. Hy wil die beste en mees toegewyde Fariseër word in die ganse Joodse gemeenskap. Ses dae 'n week sit Saul saam met 'n handjievol ander dissipels, dag-in, dag-uit, van sonop tot sononder en luister na die wyshede wat Gamaliël kwytraak.

Baie gou begin Saul besef dat daar baie meer is aan die Wet as wat hy geleer het. Hy het nooit mooi verstaan waarom Pa sekere dinge doen en ander nie doen nie. Nou moet hy uitvind dat daar 'n groot klomp ongeskrewe reëls is wat as veiligheidsmeganisme dien sodat jy nie dalk per ongeluk die Wet van God oortree nie. Saul vind 'n paar van hulle nogal baie snaaks. Hy het nooit geweet waarom sy ma 'n doek oor haar spieël gooi voor die Sabbat begin nie. Nou moet hy hoor dat die Fariseërs 'n wet gemaak het dat 'n vrou nie op die Sabbat in die spieël mag kyk nie. Nee, dis nie sonde om in die spieël te kyk nie, maar dit is wat daaruit mag voortvloei wat sonde kan word. Sy mag dalk nét 'n grys haar in haar wenkbroue raaksien, en dan besluit om dit uit te pluk. En om 'n haar uit te pluk is niks anders as om te oes nie. Oes is natuurlik werk, soos almal mos weet, en jy mag nie werk op die Sabbat nie.

Dus het Ma maar veiligheidshalwe die spieël toegegooi sodat sy nie dalk in die versoeking mag kom nie. En skielik gaan daar 'n lig vir Saul op!

'n Ander bywet wat Saul nogal amusant gevind het, is dat jy nie op die Sabbat meubels mag rondskuif nie. Waar hulle staan sal hulle staan! En die rede? Nee, dit is nie juis werk om iets te skuif nie, maar daar is mos altyd stof op die vloer. Wanneer jy 'n meubelstuk skuif, trek jy 'n voortjie in die stof. En dit is natuurlik presies dieselfde as om te ploeg. En op die Sabbat mag niemand die hand aan 'n ploeg slaan nie, dus is dit sonde van die ergste graad! Jy ontheilig die Sabbat!

'n Jaar gaan verby soos 'n oogwink. Maar nou het Saul skaars begin om al die wysheid van sy leermeester in te drink. Dit sou nog 'n hele paar jaar kos voordat hy gereed sou wees om die lewe vol in die oë te kyk. Intussen begin die jong Saul om 'n ambag aan te leer sodat hy iets sal hê om hom aan die lewe te hou. Hy kies tentmakery as 'n beroep, en baie gou is hy byna net so vaardig met 'n naald en seilgaring as met sy skrander verstand.

Toe Saul agtien is, gebeur daar iets baie opwindend in Israel. Dit gons onder Gamaliël se studente oor 'n "wilde" man wat preek dat die biesies bewe en dan mense in die Jordaanrivier doop. "Hulle sê dat hy van sprinkane en wilde heuning leef in die woestyn," vertel een van sy medestudente, terwyl hy kraai van die lag.

Gamaliël is gladnie beïndruk nie: “Hoe kan hy mense wil leer? Hy het dan géén opleiding gehad as rabbi nie!”

Skaars 'n jaar later gons dit weer onder die studente: “Daardie doper kêrel, Johannes is in die tronk gesmyt. Hy het glo vir Herodus beledig!”

Slegs 'n kort rukkie later is daar wéér 'n “lekeprediker” tot Gamaliël se groot ontsteltenis, 'n sekere Jesus. Hy preek hoofsaaklik in Galilea. “Nés daardie Johannes-kêrel, sal Hy óók nêrens kom nie,” voorspel die wyse Gamaliël. En Saul stem heelhartig saam.

Maar 'n jaar of twee later is die jong Saul woedend as hy van oraloor verneem hoe daardie Jesus groot opgang maak en boonop hulle Fariseërs verkleineer. Ál wat 'n Fariseër en Skrifgeleerde is, het hulle mes in vir Hom.

Gebed:

Here, dankie dat U wet vir my 'n vertroosting is en nie kettings wat my bind nie.



Gaan Na Inhoud



## Saul se Woede

## Handelinge 2 en 3

Saul is 'n baie bekommerde jong man. Hy is 23 jaar oud, in die fleur van sy lewe, en hy voel asof hy die hele wêreld kan aanvat, veral nou dat hy sy studies by Gamaliël afgehandel het. Nou kan hy die slimste man aanvat oor énige aspek van die wet. Die Tora ken hy uit sy kop, en niemand sal hom vasvra nie.

Met groot kommer het hy gesien hoedat die sogenaamde Profeet Jesus opgang maak en duisende mense trek wat Hom daagliks volg. Maar daaraan het ook 'n einde gekom toe Hy die dag tereggestel is. Hy was vas oortuig dat dit die einde van die nagmerrie was, maar skaars drie dae later tref 'n skokgolf die kring van Fariseërs. 'n Onverklaarbare ding het die Sondagoggend gebeur na Jesus se teregstelling. Die wagte wat die graf bewaak het, het beweer dat twee engele vroeg daardie oggend gekom het en die graf oopgemaak het. 'n Paar van hulle het nét daar bewusteloos neergeval van skok. Die res het gevlug so vinnig hulle kon. Hierdie manne was doodsbleek toe hulle die gebeure kom rapporteer. Die owerhede het die soldate 'n aansienlike som geld gegee om hierdie dinge tog net stil te hou. Eintlik moes hulle eerder die doodstraf gekry het vir hulle nalatigheid! Gerugte doen nou die rondte dat Hy uit die dood opgestaan het.

Aanvanklik het die handjievol dissipels van Jesus wat oorgebly het, weggekruip uit vrees vir die owerhede. Maar

toe gebeur nóg 'n onverklaarbare ding. Op 'n sekere Sondag, veertig dae na Jesus se teregstelling, word Saul geruk deur die allerverskriklikste geluid. Hy was nog diep in bepeinsing, besig met sy oggendgebed toe die geluid Jerusalem tref. Dit het geklink soos 'n geweldige stormwind, maar toe hy gaan kyk, moet hy tot sy ontsteltenis sien dat daar nie 'n luggie trek nie. Oral het hy mense sien hardloop in 'n sekere rigting. Saul het ook maar agter die geluid aangeloop tot waar hy die reuse skare mense om 'n huis sien saamdrom het. Hy was nuuskierig om te sien wat daar aangaan.

Wat hy daar gesien het, het sy nekhare laat regop staan! 'n Sekere Simon met die bynaam Petrus het uit die huis gekom en met die skare, wat teen hierdie tyd al maklik 5000 kon tel, begin praat. Hy het vir die mense die allerverskriklikste leuens vertel, dat Jesus uit die dood opgestaan het. Hy het boonop beweer dat hierdie geluid die werk van die Heilige Gees is en dat God Hom op die mense uitgestort het. En die ergste van alles is dat Simon hulle vertel dat alles voorspel was deur die profete!

Woedend het Saul omgedraai. Hy het genoeg gehoor van hierdie snert!

'n Paar dae later is hy saam met 'n klompie Fariseërs. Die manne was hewig ontsteld, want met daardie charismatiese toespraak van Simon het hy nie minder nie as 3000 volgelinge verwerf vir hierdie nuwe sekte van hom. Die manne is dit eens dat hierdie ding sommer dadelik in die

kiem gesmoor moet word, anders kan hier gróót probleme kom. “Toemaar, die hoëpriester beplan om hom voor die hof te daag,” deel een van die manne hulle mee.

Hulle was nog besig om oor Simon en sy toespraak te gesels, toe 'n kêrel uitasem ingehardloop kom. “Julle sal my nou nie glo nie, maar ek het so pas die mees ongelooflike ding aanskou!”

“Toe, vertel,” por die manne hom aan terwyl hy nog na sy asem hyg.

“Julle het sekerlik al daardie verlamde man voor die tempel sien sit? Wel, hy loop!”

“Aag, dis tog onmoontlik! Hy sit elke dag al daar vandat ek my verstand het! Wat het gebeur?”

En dan vertel die man dat daardie Simon-kêrel, die een wat hulle Petrus noem, bloot die man aan sy hand gegryp het, en toe spring die man op, blakend gesond. Hy het soos 'n klein seuntjie gehardloop en gebokspring asof hy nooit enigiets makeer het nie. “Ek het dit met my eie twee oë gesien! En nou staan Simon in die pilaargang van Salomo en preek vir 'n reuse skare mense. En almal hang aan sy lippe, want almal het gesien wat gebeur,” sluit hy sy storie af.

“Hierdie ding moet nou dádelik stop!” Die manne is héwig ontsteld. En Saul kry eintlik 'n pyn op sy maag van bekommernis. Hoe gaan hulle hierdie vloedgolf óóit gestop kry?

Daardie selfde dag nog is Simon Petrus en sy regterhand

Johannes voor die Joodse Raad gesleep. Saul moes egter later verneem dat hierdie twee eenvoudige vissermanne (Ja, hulle is maar net vissermanne!) vir die slim manne van die Raad ore aangesit het. In plaas daarvan dat hulle in die tronk gesmyt is, het hulle skotvry daarvan afgekom! Hulle is nie eers 'n bietjie geslaan nie, want die ou ringkoppe was glo bang oor wat die mense sou sê. Saul is woedend, vir Simon, vir Johannes, vir hierdie nuwe sekte, en sommer vir die Joodse Raad ook!

Soos Saul, is daar baie gelowiges wat vandag met 'n opgekropte woede in hulle rondloop, vir mense, die kerk, die dominee en selfs vir God. Is jy dalk een van hulle? Maak dan asseblief vrede voordat dit te laat is!

Gebed:

Here, dankie dat ek uit Paulus se lewe kan leer. Help my om vrede te maak.



## Die Vervolging Begin

## Handelinge 6 en 7

Twee jaar het verloop sedert daardie droewige dag toe Simon-Petrus die verlamde man laat loop het. Vir twee jaar lank loop Saul rond met 'n woede in hom wat besig is om sy ganse lewe te verteer. Daar was darem een ou ligpuntjie, die dag toe die hoëpriester hom ingeroep het. Hy en daardie hoogheilige man sit nou nie juis om dieselfde vuur nie, en hy het maar langtand na hom gegaan. Die hoëpriester, nes die meeste van die priesters, is 'n Sadduseër, en hulle dink mos nie soos die Fariseërs nie! Hierdie klomp glo mos nie dat daar 'n opstanding uit die dood sal wees nie. Wat is die lewe dan werd as daar nie lewe na die dood is nie? Dis absurd! En boonop vat hulle die Wet nie so ernstig op soos die Fariseërs nie.

Saul is dus maar half kriewelrig wanneer hy teenoor die hoëpriester gaan sit. Maar hierdie man is al spierwit grys, en van kleins af het Pa dit in hom ingedril dat jy respek moet hê vir oumense. Boonop moet Saul homself daaraan herinner dat hierdie immers die hoëpriester is, en daarvoor het hy ook die grootste respek.

“Saul,” val die hoëpriester sommer dadelik met die deur in die huis, “jy is 'n skrander jong man, en jou ywer het nie by ons verby gegaan nie. Jy is baie uitgesproke teenoor hierdie nuwe sekte wat soos 'n veldbrand versprei, en daarom wil ek vandag vir jou 'n aanbod maak. Ek wil hê dat jy vir ons kom



Gaan Na Inhoud

werk. Jy sal goed beloon word!"

Saul spits sy ore. Maar skielik is hy in 'n tweestryd: 'n goeie betrekking in die kerk lyk baie aantreklik, en dit is immers wat hy die graagste sal wil doen. Maar dit beteken dan dat hy vir die Sadduseërs sal moet werk. En dit steek hom dwars in die krop. Maar hy luister die man uit.

"Saul, soos jy weet, het ons 'n baie groot probleem op hande met hierdie dissipels van Jesus. As jy iewers probeer wal gooi, bars hulle net op 'n ander plek uit. Ek hoor dat hulle nou al so ver as Damaskus versprei het. Ons wil jou aanstel om hierdie sekte vir eens en altyd uit te roei. Jy kan vir jou medewerkers aanstel om jou te help. Ons wil hê dat jy hulle gaan opsoek oral waar hulle wegkruip en die lewe vir hulle so moeilik maak as moontlik."

Saul wil uit sy stoel opspring en skree: "Ja! Ja!" Maar sy waardigheid laat hom byna emosieloos sit en net sy kop knik.

"Hierdie mense oortree die wet. Hulle pleeg heiligskennis! Daarvoor het baie mense al die hoogste prys betaal. Smyt hulle in die tronk as jy genoeg bewyse teen hulle kan kry!"

Saul het nie eers tweekeer gedink oor hierdie aanstelling nie. Hy is baie opgewonde uit die hoëpriester se huis, en vir die eerste keer in 'n lang tyd het hy rede om te huppel die straat af. Hy sal hierdie spul Godsloënaars wys waar Dawid die wortels gegrawe het! En hy begin sommer dadelik planne beraam. Hy is baie opgewonde as hy vir al sy vriende gaan

vertel wat hom getref het.

Slegs 'n paar dae na sy aanstelling, verneem Saul dat een van die gróót belhamels gevang is, 'n baie uitgesproke leier met die naam Stefanus. Hy het glo lasterlike dinge kwytgeraak, en hy sou die volgende oggend voor die Joodse Raad gesleep word. Hierdie verhoor wil Saul vir niks op aarde mis nie!

Saul is tot in sy siel geskok as hy luister na die aantygings wat teen Stefanus gemaak word tydens die verhoor. Verskeie getuies word ingeroep, en hulle vertel van gruwelike dinge wat die man gesê het. Wanneer Saul na Stefanus kyk skrik hy, want daar is die eienaardigste gloed op die man se gesig, amper soos 'n engel. Saul kan dit nie verstaan nie! 'n Yskoue rilling gaan langs sy ruggraat af. “Is hierdie man nie dalk......?” Saul skud kwaad die gedagte van hom af. Nee, hierdie man is nie heilig nie! Hy moet uitgeroei word!

Wanneer Stefanus die geleentheid kry om homself te verdedig, steek hy 'n ellelange toespraak af, en Saul hou nogal van wat hy hoor. Iemand wat die wet ken soos Stefanus kan tog nie skuldig wees nie? Maar wanneer Stefanus sy toespraak afsluit, slinger hy beskuldigings na die Joodse Raad en by implikasie ook na die Fariseërs. Saul wil sommer opspring van woede!

Stefanus word gevonnis om gestenig te word, en só word hy weggesleep tot buite die stad. Tevrede kyk Saul toe wanneer die groot klippe op die armsalige man begin reën, en hy

glimlag selfvoldaan. Maar hy word yskoud as hy Stefanus se laaste woorde hoor, net voordat hy sterf: “Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie!”

“Hoe kon hierdie Godslasteraar sterf met die Naam van die Here op sy lippe?” wonder Saul, terwyl woede in hom opstoot. Nou gaan hy in alle erns begin om hierdie klomp skynheiliges uit te roei. Hierdie was maar net die begin!

Die vraag wat ons vanoggend vir onsself moet vra, is hoe ver ons bereid is om te gaan om op te staan vir die Evangelie? Stefanus was bereid om álles te waag, en so ook Petrus en later Paulus. Waarvoor is ons bang? Hulle het die dood in die oë gestaar, maar ons is dikwels bang om selfs 'n bietjie bespotting of verwerping te verduur. Kom ons wees vandag braaf en staan op vir Jesus, maak nie saak wát die gevolge is nie!

Gebed:

Here, gee my asseblief die moed en wysheid om Jesus te verkondig ten alle koste.



Gaan Na Inhoud



# Op Pad na Damaskus

## Handelinge 5:17-21; 8:1-25; 9:1,2

Saul, oftewel Saulus soos hy genoem word in Latyns, is baie tevrede met die teregstelling wat so pas plaasgevind het. Miskien sal dit hierdie mense laat dink en hulle terugruk na hulle Joodse bande. Saul skrik amper vir homself as hy 'n hardheid in hom merk wat nooit voorheen so erg daar was nie. Maar hy skud die gedagte gou af – hy is mos immers besig met die werk van God! Al wat hy doen is om die heilige Naam van God in ere te probeer herstel!

Na Stefanus se teregstelling begin die vervolging in alle erns. Dag-vir-dag loop Saul en sy medewerkers van deur tot deur en sleep enige Jesus-dissipel hardhandig uit en stop hulle in die tronk. Dit is nou 'n kriminele oortreding om 'n navolgeling van Jesus te wees.

Saul is fanaties, hierdie ding moet wortel en tak uitgeroei word! Daar het weinig oorgebly van daardie student wat oopmond aan die voete van Gamaliël gesit het om elke stukkie wysheid in te drink. Hy het verander in 'n harde, ongenaakbare, selfs wrede vervolger van die kerk.

Op 'n dag hoor Saul 'n berig wat hom laat uitbars in 'n woedebui. Die Joodse Raad het 'n paar van die leiers van hierdie sekte laat vang en in die tronk gesmyt om die volgende dag verhoor te word. Daardie nag, so vertel die tronkwagte, het daar glo hemelwesens gekom en die manne uit die tronk bevry. Die volgende oggend staan dieselfde

manne alweer en preek op die tempelplein!

Saul is woedend, en dit maak dat hy die mense net nóg wreder vervolg. Wanneer Saul se tierade deur Jerusalem weergalm, begin die gelowiges bang raak vir die gevolge. Een-vir-een pak hulle op en vlug uit Jerusalem uit. Die Apostels besluit egter om aan te bly in Jerusalem, want dit is hier waar hulle die nodigste is. Die vlugtelinge spat uitmekaar regoor die hele wêreld. En so ver as wat hulle gaan vertel hulle vir almal wat hulle teëkom die wonderlike blye nuus van Jesus. En so versprei die Evangelie soos 'n onblusbare veldbrand.

Op 'n dag bars Saul uit van die lag, een van die min kere wat hy die afgelope twee jaar die lus gehad het om te lag. Maar hierdie was 'n skreeusnaakse situasie. Hy verneem dat lede van hierdie Jesus-sekte na Samaria toe is, van alle plekke. “Ja, laat hulle maar hulle verfoeilike boodskap gaan verkondig aan die gehate Samaritane! Dis nou om jou pêrels voor die varke te gooi!” Maar terselfdertyd kry Saul 'n knop op die krop van sy maag, want hulle vertel dat talle Samaritane daardie geloof aangeneem het. “Waar gaan dit eindig?” wonder hy.

Nie lank daarna nie, verneem Saul die verskriklike nuus dat daar nou al 'n groot groep van hierdie aanhangers van die Jesus-geloof in die stad Damaskus bymekaar is. En hulle groep groei daar met rasse skrede! “Volgende is dit natuurlik Antiogië, en voor jy weet waar jy is, dan vorder hulle tot in my geboortestad, Tarsus! Ons moet hulle daar gaan afsny

voor hulle te ver gaan en naderhand die ganse wêreld besoedel!" tier hy.

Die volgende oggend sit Saul weer by die hoëpriester, en hy deel hom die ontstellende nuus mee. "Daar is baie Israeliete oral versprei in die buiteland," verduidelik Saul, "en hulle is baie vatbaar vir 'n boodskap soos hierdie een wat die verfoeilike mense versprei. As ons hulle nie nou in die kiem smoor nie, gaan dit chaos afgee!"

Die hoëpriester stem heelhartig saam, en Saul word afgevaardig om 'n sending te onderneem na Damaskus. Al die nodige reis- en bekendstellingsdokumente word verkry, asook toestemming by die owerhede om daar in die provinsie Fenisië die afvalliges te gaan vervolg.

En só vertrek Saul op die reis wat sy ganse lewe sou verander. Onwetend word die wrede, wraaklustige Saul gestuur om 'n afspraak na te kom, 'n afspraak wat die ganse geskiedenis van die wêreld uiteindelik op sy kop sou keer.

Die reis van 216km duur etlike dae, en dit is veral die eerste been van die reis van Jerusalem na Jerigo wat uiters vermoeiend is, want dit gaan oor onherbergsame berge. Maar Saul is jonk, skaars vyf en twintig, en die adrenalien van die vooruitsig om nóg 'n klomp mense tronk toe te sleep, laat hom skoon vergeet van al sy ontberinge.

Uiteindelik sien hy die stad Damaskus in die verte opdoem, en 'n gevoel van tevredenheid sak oor hom toe.

Maar dan gebeur die ding wat hom klokhelder tot met sy

dood sal bybly. Maar daaroor gesels ons more!

Ons sien uit hierdie gedeelte hoedat die onverbiddelike vervolging juis 'n wonderlike heilsame effek op die jong kerk gehad het. Hulle moes vlug uit Jerusalem, en dan versprei hulle die evangelie regoor die wêreld. Dit was soos 'n suurdeeg wat al groter rys. Wanneer swaarkry ons vandag tref, het dit gewoonlik ook baie heilsame geestelike waarde. Dit bring ons nader aan die Here, en dikwels het dit juis ook tot gevolg dat dit ons motiveer om met mense daaroor te praat, en sodoende die negatiewe in 'n positiewe energie te omskep. Wees dus dankbaar as dit die dag begin sleg gaan, en maak ten volle gebruik daarvan!

Gebed:

Dankie vir die swaarkry in my lewe, Here. Help my asseblief om dit positief te gebruik.



# Waarom Vervolg Jy My?

## Handelinge 9:1-9

Damaskus  - sal hy ooit Damaskus kan vergeet? Nee, hy wíl dit nóóit, óóit vergeet nie, al was dit so 'n traumatiese ervaring.

Alles het begin daardie middag laat net voordat hulle die stad sou binnegaan, hy en sy meewerkers, om die aanhangers van Jesus daar te gaan jag. En toe gebeur daardie geweldige ding: 'n verblindende lig, amper soos 'n weerligstraal kom skielik uit die helderblou hemel en tref Saul tussen die oë. Almal saam met hom het die lig op hom sien straal en baie bang geword. Almal het onmiddellik besef dat dit die lig van God is. Saul het soos 'n dooie op die grond neergeval.

Die volgende oomblik kom daar 'n stem uit die hemel: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Bewend van angs vra Saul: "Wie is U, Here?"

En dan kom die antwoord wat Saul yskoud laat inmekaarkrimp van angs: "Ek is Jesus," sê die Stem. "Dit is vir My wat jy vervolg." Die hele geselskap saam met Saul sien wat gebeur en hoor die stem uit die hemel. Hulle staan daar, stomgeslaan, sprakeloos en bewend van angs. Dan vervolg die Stem: "Staan op, gaan na die stad toe. Dáár sal vir jou gesê word wat om te doen."

Die volgende oomblik is alles weg en Saul lê op die grond, sy hande styf gekramp oor sy oë. Haastig storm die manne

nader en help hom op sy voete. As hy sy oë probeer oopmaak, tref die volgende skok hom. “My oë! My oë!” kerm hy. “Ek kan niks sien nie! Ek het blind geword!”

Almal skarrel om hom te help, maar niemand weet mooi wat om te doen nie. Wanneer Saul begin kalmeer, maal die woorde van die Stem uit die hemel oor en oor en oor in sy kop: “Waarom vervolg jy My? Waarom vervolg jy My?” Stadig begin dit tot hom deurdring dat dit God is wat met hom gepraat het. “Gaan na die stad, Saul.......” hoor hy weer die opdrag.

“Kom manne, julle moet my help asseblief. Ek moet dadelik na die stad toe gaan.”

En so word die blinde Saul Damaskus binnegelei. In Reguitstraat kry hulle 'n gastehuis wat aan 'n sekere Judas behoort, en daar kry hulle vir Saul blyplek. “Julle kan maar terug gaan na Jerusalem. Los my hier,” beveel Saul hulle. Baie teësinnig vertrek hulle terug na Jerusalem om daar aan die hoëpriester te gaan verslag doen oor die tragiese ongeluk.

Drie dae lank lê Saul op sy bed. Drie volle dae en nagte bring hy deur in gebed. Hy verstaan gladnie wat met hom gebeur het nie. Al wat hy weet is dat dit 'n ingryping van die Almagtige God is. Hy is deurmekaar, en aanmekaar vra hy vir die Here wat aangaan? Maar dit voel asof hy teen die plafon vasbid. “Waarom vervolg jy My, Saul?” weerklink net die hele tyd deur sy verwarde gemoed.

“Maar Here, ek het dan gedink dat ek die regte ding doen?” is sy verweer, terwyl bitter trane van berou oor sy wange stroom.

Stadig begin daar 'n prentjie in sy verwarde gedagtes vorm. “Was ek nie dalk al die tyd verkeerd nie?” wonder hy. Maar dan wil hy sy dade probeer regverdig uit die Skrif. Die Woord sê tog baie duidelik dat daar slegs één God is en dat jy Hóm alleen mag aanbid. En hierdie mense wou dan van Jesus 'n God maak!

Dan kom die gedagte in sy binneste op: “Wat van die Messias, Saul? Is Hy nie God nie? En was hierdie Jesus nie dalk die Messias nie?” Nou is Saul totaal verward. Jesus kon tog nie die beloofde Messias wees nie, want Hy het dan nie die volk gered van die Romeinse juk nie!

“Saul, Saul, waarom vervolg jy My?” hoor hy weer die stem. “Ek is Jesus, dit is vir My wat jy vervolg.”

Saul is oortuig dat die stem uit die hemel die stem van God was. En as Hy sê: “Ek is Jesus,” dan is Jesus mos God! Nou is Saul nóg meer verward, en die trane stroom van vooraf oor sy wange. Hy weier om enigiets te eet of te drink. Hierdie ding móét hy eers met God uitspook.

'n Aangrypende verhaal. Maar is dit nie dikwels ons eie verhaal nie? Ek onthou nog baie goed dat ek veertig jaar gelede óók gedink het dat ek die Here wáárlik volg. En toe word my borreltjie een nag gebars, en moes ek uitvind dat dit nooit die geval was nie. Ek was sélf ook verward. Maar

danksy wonderlike vriende wat my op die eerste treë van navolging van Jesus gehelp het, kon ek baie gou my voete vind.

Saul was op die punt om die eerste tree na ware geloof te gee. Maar daarvoor het hy óók iemand nodig gehad om hom te help om daardie stap te neem.

My vraag aan jou vanoggend, is waar jy op hierdie oomblik staan? Dink jy dat jy besig is om die Here te dien op jou eie manier? Of het jy al by daardie punt gekom waar jy séker is dat jy waarlik 'n kind van God is? Baie kerkmense het nie daardie sekerheid nie. Dit is nie 'n skande nie, maar dit kan beteken dat jy dalk nie die ewige lewe het nie. As jy vandag nie seker is nie, kontak my asseblief vandag nog by brood@chl.co.za Moenie uitstel nie, more mag dalk net te laat wees!

Gebed:

Here, ek bid vir elkeen wat hierdie dagstukkie lees en nog nie 'n oorgawe aan U gemaak het nie.



## 'n Gewillige Gestuurde

## Handelinge 9:10-25

Ek het talle briewe gekry na aanleiding van gister se dagstukkie, van mense wat nes Paulus worstel met die vraag, of hulle ooit besig is om te doen wat God se wil is. Is hulle ooit waarlik kinders van die Here? Ek is opgewonde oor elke brief wat ek kry, want dit gee my die geleentheid om die blye Evangelieboodskap met elkeen te kan deel. Baie dankie vir elkeen wat geskryf het. En as jy ook met hierdie vraag worstel en jy het nog nie geskryf nie – ek wag in spanning op jou brief!

Maar Saul was nie die enigste een wat in daardie tyd in 'n worsteling met God was nie. Intussen is daar iemand anders wat óók met die Here worstel, 'n man genaamd Ananias. In 'n vervoering hoor hy die stem van die Here na hom roep. Dadelik antwoord hy: “Hier is ek, Here!” Dan kry Ananias van die Here die opdrag om na Saulus te gaan, waar hy in die huis van Judas besig is om baie hard te bid.

Ananias skrik hom yskoud. Ja, hy werk baie graag vir die Here, en hy sal die Evangelieboodskap met enigeen deel. Die probleem is egter dat hy presies weet wie hierdie Saulus is, en hy weet baie goed hoe wreed die man in sy vervolging van die gelowiges is. “Hierdie man is gevaarlik, Here!” protesteer hy. “Saulus is hier met volmag van die priesterhoofde om almal van ons wat U navolg te vang en in die tronk te stop!” Maar dan verduidelik die Here vir

Ananias dat hierdie selfde vervolger uitgekies is as Sy werktuig om die Evangelie aan al die heidennasies toe uit te dra. Selfs konings sal deur hom die boodskap kry! Al wat Ananias moet doen is om die Here se boodskap oor te dra. God sal sélf vir Saul die pad wys.

Met kniekoppe wat teen mekaar klap van angs, gehoorsaam Ananias en loop na die adres in Reguitstraat, waar hy die blinde Saulus kry nét soos die Here dit vir hom beskryf het.

Hy kniel langs Saulus se bed en lê sy hande op die man se betraande hoof. “Saul, broer,” sê hy met 'n bewende stem, terwyl hy wonder of hierdie “broer” gedeelte heeltemal korrek is, want so 'n wreedaard kan mos nie 'n “broer” wees nie? Maar hy gehoorsaam die Here se opdrag en gaan voort: “Die Here Jesus wat aan jou verskyn het toe jy op pad hierheen was, het my na jou toe gestuur sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word.”

Dan gebeur die wonderwerk en daar val iets soos skille van Saulus se oë af. Die volgende oomblik sien hy weer. Hy verstaan nog nie mooi waaroor dit alles gaan nie, maar hy omhels Ananias en kan nie ophou om vir hom dankie te sê nie. Maar nou moet Ananias eers verduidelik!

Terwyl Saulus vir die eerste keer in drie dae 'n volle maaltyd nuttig, vertel Ananias hom waaroor dit alles gaan, dat Jesus die Seun van God is. “Doop my,” vra Saulus, “asseblief Ananias, doop my sodat ek deel kan hê aan Jesus!”

Saulus is daarvandaan weg saam met Ananias om vir die

volgende paar dae tuis te gaan by een van die ander gelowiges. Eers was die mense baie skepties om hom in te neem, maar toe Ananias vertel wat gebeur het, word hulle gerus gestel. Vir ure lank gesels hulle, en Saulus wil elke klein detail weet. Stadigaan begin alles vir hom duidelik word. Sy jarelange kennis van die Woord maak dat hy baie gou snap waaroor dit alles gaan, en weldra maak alles sin.

En dan besluit Saulus dat hy hierdie nuwe kennis van hom net eenvoudig met ander mense móét gaan deel. Hy is reguit na die naaste sinagoge, en dan deel hy die opsigter mee dat hy iets op die hart het. Die Jode is dadelik opgewonde, want hierdie skrander jong man se redenaarsvermoë het hom ver vooruitgeloop. Wanneer hy egter begin preek, is sy boodskap dat Jesus waarlik die Seun van God is. Hy haal uit die Skrif aan dat alles so voorspel was deur die profete, en hy is uiters oortuigend met sy redenasies.

“Maar nou verstaan ek gladnie,” sê een ou Joodse omie vir sy maat, “is dit dan nie dieselfde man wat die volgelinge van hierdie Jesus wou uitroei nie? En nou verkondig hy Hom!”

“Ja,” sê sy maat, “en ek het dan verstaan dat hy juis hierheen gekom het om hierdie mense gevange te neem. Nee, ek verstaan ook nie.”

Elke dag preek Saulus in die sinagoge, en die mense bly terugkom om te luister. En hoe meer hulle hoor, hoe meer raak hulle verward. Uiteindelik besluit die kerkleiers dat hierdie man gevaarlik is, want hy verkondig 'n dwaalleer!


Gaan Na Inhoud

Hulle sweer saam om vir Saulus te vermoor.

Die gelowiges kom egter hiervan te hore, en daardie nag laat sak hulle hom met 'n mandjie deur 'n opening in die stadsmuur. Hierdie sou die eerste van talle pogings wees om hom dood te maak.

Die Here gebruik doodgewone mense soos ek en jy om die boodskap van Jesus uit te dra. Ons moet net gewillig wees, die Heilige Gees sal die res doen! Ananias se effe onwillige poging het die deur oopgemaak na baie miljoene mense. Die Here wil jou ook gebruik. Wil jy nie dalk vandag “Ja!” sê vir Hom nie? Jy hoef nie eers geleerd te wees nie. Hy vra net jou gewilligheid.

Gebed:

Here, ek is maar 'n doodgewone mens, maar ek is gewillig om te gaan waar U my wil stuur.



# Die Vredemaker

## Handelinge 9:26-31

Na sy Damaskuservaring is Saulus nou vuur en vlam vir die Evangelie. Hy wil nou gaan regmaak waar hy oral verbrou het, en terselfdertyd wil hy daardie wonderlike Evangelie wat hy so pas ontdek het met elkeen deel wat hy teëkom. Hierdie ou insidentjie in Damaskus toe die Jode hom verwerp het en wou vermoor, rol soos water van 'n eend se rug af.

Dit borrel in Saulus wanneer hy inderhaas vertrek na Jerusalem. Hy het maar baie las van sy oë van daardie dag toe God se lig hom verblind het, maar dit is sommer 'n kleinigheid. In sy gemoed sien hy al hoedat die gelowiges hom met ope arms ontvang in Jerusalem. “Hulle sal só bly wees as hulle my sien en besef dat ek verander het!”

Na 'n paar dae se stap kom hy in die stad aan. Hy gaan soek dadelik die gelowiges op waar hulle in die geheim bymekaarkom. Met 'n glimlag wat dreig om reg rondom te gaan, stap hy die vertrek binne. Grootoog en vervul met vrees staar die handjievol gelowiges hom aan. “Shalom! Ek is Saulus!” groet hy opgewonde.

Maar al wat Saulus tot sy grootste frustrasie kry, is totale afsydigheid. “Hy is hier met 'n slim slenter om ons tronk toe te sleep,” fluister hulle vir mekaar, en een-vir-een verdwyn hulle totdat Saulus stoksiel alleen in die vertrek oorbly.

“Here, wat gaan aan? Ek dog dan.......” Saulus is verslae.

Niemand wil hom vertrou nie. Ja, hy kan hulle sékerlik nie kwalik neem nie. Maar hy hét dan vir hulle gesê dat hy nou een van hulle is. Verstaan hulle dan nie?

Nou is Saulus alleen in die wêreld. Sy medegelowiges kruip vir hom weg uit vrees dat hy maar net voorgee. En sy eertydse Fariseër-vriende durf hy nie eers nader nie, want hulle sal hom verséker doodmaak na sy “verraderlike” oorstap na die “vyand”. Saulus wil huil van frustrasie. “Here, wat moet ek doen?” huil hy.

En dan gebeur Barnabas! Liewe ou Barnabas! Daardie aand het die gelowiges soos gewoonlik weer onder die grootste geheimhouding bymekaar gekom. Maar die atmosfeer was baie stroef. Die gesprek het oor één ding gegaan: Saulus! Daardie slinkse heksejagter het nou met 'n splinternuwe taktiek gekom om die gelowiges uit te roei. “Hy maak asof hy een van ons is, en nes ons hom begin vertrou, dan slaan hy toe!” kerm een kêrel bewend van angs.

“Nee wat,” reken Barnabas, “ek is séker daarvan dat sy bedoelings opreg is. Ek sal hom more gaan opsoek en met hom gesels.”

En so waag Barnabas sy lewe om na Saulus te gaan soek. Saulus val amper van sy stoel af toe hierdie bebaarde reus by sy kamertjie instap. Vriendelikheid en liefde straal uit die man as hy vir Saulus groet. “Ek hoor dat jy nou een van ons is. Is dit rêrag waar?”

Dan vertel Saulus hom van sy Damaskuservaring. Hy hou

sommer dadelik van hierdie opregte man met die innemende geaardheid. Met hóm sal hy 'n lang pad kan saamstap. Min het Saulus geweet hoe lank die pad vorentoe sou wees wat hulle letterlik sou saamstap. “Maar nou is almal bang vir my! Niemand wil my aanvaar nie.....” kerm Saulus.

“Toemaar, laat dit aan my oor!” stel Barnabas hom gerus. Daardie selfde aand nog gaan stel Barnabas vir Saulus voor aan die apostels. Hy verduidelik aan hulle wat daar in Damaskus met Saulus gebeur het, en hoedat hy selfs daar in Damaskus openlik gepreek het oor Jesus! Die manne verstaan, en dan neem hulle hom saam met hulle na die byeenkomste van die gelowiges en stel die splinternuwe Saulus aan hulle voor. En skielik loop Saulus nou weer oor van selfvertroue. Nou het hy 'n oop deur om vir mense te preek, en wát 'n wonderlike prediker, want nie alleen is hy nou 'n gelowige nie, maar hy het boonop kennis van die Skrifte wat van onskatbare waarde is. Almal hang aan sy lippe.

Saulus besluit om dit 'n stappie verder te neem, en hy begin met Griekssprekende Jode, wat nog nie met Jesus kennis gemaak het nie, te gesels. Hy verduidelik en redeneer, maar dan tref die ongeluk. Die kerkleiers kom hiervan te hore, en hulle is woedend. “Ons moet van hom ontslae raak!” tier die hoëpriester. “Die vermetelheid om nog daardie dwaalleer te kom staan en verkondig!” En dan maak hulle planne om hom te vermoor. “Hy móét uit die weg geruim word!”

Vir die tweede keer in 'n baie kort tydjie moet Saulus vlug

vir sy lewe. Sy medegelowiges help hom om tot by Sesarea te kom waarvandaan hy vertrek na sy geboortestad Tarsus.

Dit kos dikwels net een enkele vredemaker om mense met mekaar te versoen, iemand soos Barnabas. Jesus het in Matt. 5 gesê: “Geseënd is die vredemakers.....” Kan dit van jou gesê word dat jy 'n vredemaker is? Vir Saulus het dit wonderlike deure oopgemaak. Deur 'n vredemaker te wees kan jy dalk ook wonderlike deure oopmaak.

Gebed:

Here, ek wil U vredemaker wees. Ek wil graag nie alleen mense met mekaar versoen nie, maar ook mense met U versoen.



## Wéér Barnabas

## Handelinge 11:19-26

Toe Saulus op 25-jarige ouderdom sy Damaskuservaring gehad het, was hy 'n skrander jong man, propvol entoesiasme en energie, en hy wou die wêreld nét daar en dan verander. Hy het immers al hierdie kosbare kennis van die Skrifte gehad, kennis wat hy opgedoen het by die grootste leermeester en Skrifkenner van sy tyd, Gamaliël.

Maar daar het iets gekort: lewenservaring asook ervaring in die Christelike lewe. Saulus was immers 'n Fariseër, en die dinge wat in jou ingedril word oor die jare, kan jy mos nie sommer net so eensklaps eenkant toe skuif nie, asof dit nooit bestaan het nie. Saulus moes eers leer wat reg en wat verkeerd is. Hy moes leer wat noodsaaklik in die geloof is, en wat oorbodig is.

Sy leerskool het begin so pas na sy Damaskuservaring. Hy is nie onmiddellik na sy bekering na Jerusalem nie, maar hy het eers 'n tyd lank in Arabië deurgebring in die woestyn, waar hy baie tyd gehad het om hierdie dinge te oordink. Van daar het hy in Damaskus gaan preek, en moes hy uiteindelik vlug na Jerusalem toe dinge te warm raak.

Nadat hy ook uit Jerusalem moes vlug, is hy na sy geboortestad Tarsus, waar hy dit op homself geneem het om die Evangelieboodsakap te gaan meedeel aan elkeen wat wil luister, asook diegene wat nie wil luister nie. Hy het die gebied in Sirië en Silisië, die gebied rondom Tarsus, dééglik

deurkruis en gepreek dat die biesies bewe. Bedags maak hy tente vir 'n lewe, en saans preek hy.

Vir Saulus was hierdie paar jaar se ondervinding van onskatbare waarde, want hier het hy begin leer wat werklik belangrik is in 'n gelowige se lewe, en hoe om hierdie waarhede aan mense oor te dra. En aangesien Saulus dan in Tarsus grootgeword het, was die Griekse spreektaal, wat almal daar gepraat het, vir hom géén probleem nie. Die bietjie wat hy vergeet het tydens sy Gamaliël-dae het hy baie gou weer opgevang, totdat hy later Grieks gepraat het soos 'n egte Griek.

Twaalf jaar het reeds verbygegaan sedert sy bekering, en Saulus was hart en siel in sy evangelisasiewerk. Maar tóg was daar naderhand 'n hunkering na iets meer. Hy het groter uitdagings gesoek.

En dan, op 'n mooi dag, terwyl hy besig is om te werk aan 'n tent vir 'n kliënt, sien hy die groot man met die welige bos baard na hom toe aangestap kom. Opgewonde spring Saulus op. Hy herken sommer dadelik vir Barnabas, alhoewel hy hom tien jaar laas gesien het. Die vreugde is baie groot as die twee manne mekaar omhels.

Daardie aand sit hulle tot laatnag en gesels. Saulus vertel vir Barnabas van al sy ondervindinge en hoe wonderlik dit is wanneer heidene die Evangelie aanvaar en hulle eie maak. Dit is nou gladnie meer slegs Jode wat gelowiges word nie! “Maar wat het met jóú gebeur sedert ek uit Jerusalem weg

is? Is jy nog daar in die groot stad?”

Nou kan Barnabas nie meer sy opgewondenheid wegsteek nie. Hy het gewag vir die regte oomblik om die nuus vir Saulus te breek. Hy begin vertel van die wonderlike dinge wat gebeur het in Antiogië in Sirië. Toe die gelowiges begin vlug het uit Jerusalem oor die vervolging, het 'n klompie van hulle hulleself in Antiogië gaan vestig. En daar het hulle baie opgewonde die Evangelie met die ander Jode in die stad gedeel. Op daardie stadium was daar nie minder nie as 50'000 Jode in die stad! Die uiteinde van die saak was dat daar sommer 'n groot gemeente tot stand gekom het wat gereeld bymekaar gekom het. Die inwoners van Antiogië het spottenderwys na hierdie klomp gelowiges verwys as die “Christene” omdat hulle die Christus-geloof aangehang het.

“Ja, en toe stuur die apostels my daarheen om hulle daar te gaan help om die geloof suiwer te verkondig,” vertel Barnabas terwyl hy straal van blydskap. “en nou is ek hulle leraar.”

“Ek sou my voortande gee om 'n leraar in so 'n gemeente te kan wees!” borrel Saulus opgewonde. Dit is die wonderlikste nuus wat Barnabas hom vertel, en hy is só bly vir die man – hy verdien dit werklik!

“Ja, en dit is nou juis die eintlike doel van my besoek. Die gemeente het my na jou toe gestuur, want hulle het gehoor van die wonderlike werk wat jy doen. Hulle wil hê dat jy my kom help as leraar in Antiogië.” Saulus kan nie glo wat hy

hoor nie. Hy val amper van sy stoel af! Hy is skaars 38 jaar oud, en nou kry hy die geleentheid om 'n rabbi te word! Daardie soort van eer kom slegs na ou manne soos die gryse ou Gamaliël!

Die volgende dag maak Saulus haastig die tent klaar vir sy kliënt en dan vertrek hy saam met Barnabas na Antiogië om daar 'n splinternuwe lewe te begin as leraar.

Verlede week kry ek 'n briefie van 'n bekommerde pa wie se dogter as leraar opgelei is en selfs al 'n doktorsgraad het, maar nie werk kry nie. Ja, Saulus moes 'n paar jaar geduldig wag, maar op presies die regte tyd stuur die Here hom na Antiogië waar baie groot dinge met hom gebeur. Moenie moed verloor nie – die Here het nog 'n groot plan vir haar en ook jóú lewe. Wees net geduldig, die regte plek word vir jou voorberei!

Gebed:

Here, maak my asseblief rustig, en leer my om op U te wag. Ek wéét dat U groot dinge vir my beplan!



# Uitgestuur

## Handelinge 11:27-30; 13:1-3

Die blydskap is groot in Antiogië wanneer Barnabas daar opdaag met Saulus. Die berigte oor hierdie bekwame jong prediker het hom ver vooruitgeloop. En so word hy in die groot stad aangestel as medeleraar saam met Barnabas. Uiteindelik kry hy nou die geleentheid om in sy eie gemeente te werk!

Skaars begin Saulus sy nuwe bediening, of daar kom 'n groot krisis. Daar kom 'n profeet uit Jerusalem aan, en die man is baie bekommerd. Die Here het aan hom openbaar dat daar 'n hongersnood op pad was wat die hele wêreld sou tref, en dit was veral die sukkelende gemeente in Jerusalem wat baie swaar getref sou word.

Die gelowiges wat in Jerusalem agtergebly het, het baie swaar getrek. Min van hulle het enigsins 'n inkomste gehad, want al die Jode het hulle verwerp. Tydens die bewind van Keiser Claudius in 41 tot 54 nC was daar 'n hele paar ernstige droogtes. Dit het egter in 46 tot 48 nC 'n hoogtepunt bereik en die inwoners van Jerusalem was besig om te sterf van honger. Wat die saak nog vererger het, was die feit dat die jaar 48 nC boonop 'n Sabbatsjaar was, wat beteken het dat die Jode verbied was om te plant. Al die landerye moes onbewerk gelaat word. Dit was hierdie verskriklike droogte wat die profeet uit Jerusalem, Agabus voorspel het.

Die gemeente van Antiogië is diep geraak deur dit wat hulle

hoor. Sommer dadelik neem hulle 'n besluit: “Ons sal die sukkelende Jerusalemgemeente help voordat dit dalk hééltemal te laat is. En so begin 'n fondsinsameling onder die gemeentelede. Elkeen dra by na sy eie vermoë, en kort voor lank is daar 'n aansienlike bedrag bymekaargemaak. Saulus en Barnabas, die twee leraars, word afgevaardig om na Jerusalem te gaan met hierdie geld en dit daar aan die ouderlinge van die Jerusalemgemeente te oorhandig. Hierdie geld sou genoeg wees om die gemeente deur te dra totdat die hongersnood verby was.

Vandag kan ons gaan leer by daardie aan-die-brand gemeente van Antiogië. Armoede in die kerk is vandag 'n algemene ding, en ons móét dit net eenvoudig aanspreek. As gelowiges mag ons nie maar net anderpad kyk terwyl ons medegelowiges baie swaar kry nie. Maar dit is nie net in ons eie gemeente nie, dit geld vir die gelowiges buite ons gemeentegrense ook. So het ons byvoorbeeld verlede jaar 'n sendinguitreik gehad na Jabula in Mosambiek. Jy sal dit sékerlik onthou. By daardie geleentheid het ons nie alleen die Evangelie verkondig nie, maar ook vragte kos en klere vir daardie brandarm gemeente geneem. Die blydskap was baie groot.

Vanjaar doen ons dit weer. Daar word 'n uitreik beplan vir April, en dan sal daar weer die jaarlikse groot uitreik wees in September, waar ons weereens 'n groot vrag kos en klere wil neem. Moontlik moet ek dit net hier noem dat ons tydens ons laaste uitreik 'n nuwe gemeente daar gestig het in 'n

totaal onbereikte gebied. Daardie gemeente is besig om van krag na krag te gaan en teen 'n groot tempo te groei! Ons loof die Here daarvoor!

Vir 'n jaar lank werk die twee vriende saam as leraars in Antiogië. En dan staan een van die gemeentelede een dag op en verklaar dat die Heilige Gees in baie duidelike terme vir hom gesê het dat Saulus en Barnabas uitgestuur moet word op 'n "uitreik" na die heidenlande waar die Evangelie nog nie weerklink het nie.

Die gemeente is dadelik diep geraak deur hierdie uitspraak, en almal besluit om vir 'n tyd lank te vas en in ernstige gebed te verkeer, want hierdie is immers 'n opdrag wat nie ligtelik opgeneem kan word nie. Hier word nou gepraat van baie ernstige sake! Tot dusver was die Evangelie hoofsaaklik onder die Jode verkondig, maar nou gaan dit veral die heidense wêreld raak.

Daar is by die hele gemeente egter géén twyfel dat hulle twee geliefde leraars, Saulus en Barnabas die aangewese persone is om hierdie taak uit te voer nie. En só word die twee manne uiteindelik, nadat hulle die hande opgelê is, uitgestuur op hulle lang reis wat maande sou duur. Uiteindelik sou Saulus oor die volgende jare minstens 16'000km te voet aflê op sy sendingreise.

As jou gemeente vandag sou besluit om iemand op 'n sendingreis te stuur vir 'n paar maande, wie sou julle kies? Dit sou beslis nie die leraar wees nie, want hy is mos die

man wat die gemeente aan die gang hou! Dit sou waarskynlik een van die ouderlinge wees wat nie so 'n groot taak in die gemeente het nie. Hier stuur Antiogië egter altwee sleutelpersone in die gemeente weg. Hulle sal intussen maar sélf regkom met die leiers in hulle gemeente. En hierdie gemeente is beslis nie afhanklik van hulle leraars nie, die gemeenteleiers is uiters bekwaam!

Is jou gemeente sending-gerig? Dit is goed as 'n gemeente gereeld vir die sendingwêreld bid of sendingorganisasies finansieel steun. Maar om gemeentelede prakties blootstelling te gee aan die sendingveld is van onskatbare waarde. Stuur veral jongmense op die een of ander sendinguitreik. Dit sal hulle vir die res van hulle lewe 'n sendinghart gee!

Gebed:

Here, ek dra vandag die splinternuwe gemeentetjie in Mosambiek aan U op. Ek bid ook vir die jongmense wat in April daarheen gaan om hulle te help.



Gaan Na Inhoud



## Op Siprus

## Handelinge 13:4-12

“So is Barnabas en Saulus deur die Heilige Gees uitgestuur.” So staan dit in Handelinge 13:1. Inderdaad was dit die gemeente van Antiogië wat hulle gestuur het, maar die opdrag het gekom van die Heilige Gees. Wanneer jou gemeente iemand so uitstuur, moet julle baie seker maak dat dit nie maar mense-besluite is nie, maar dat dit inderdaad van die Heilige Gees kom!

Onder groot opgewondenheid vertrek die twee manne uit Antiogië. Die ganse gemeente was sékerlik daar om hulle af te sien. En só gee Saulus sy eerste treë op die baie lang sendingpad, wat hom regdeur die bekende wêreld sou neem tot in die hartjie van “Sodom en Gomorra”, Rome. Die eerste 25 kilometer tot by die hawestad Seleukië lê hulle te voet af, en dan vaar hulle daarvandaan per skip na die hawestad Salamis aan die ooskus van die eiland Siprus. Hierdie eiland is 'n staatsprovinsie van die Romeinse Ryk.

Die twee manne reis nie alleen nie. Hulle het 'n reisgenoot, Johannes Markus wat saamgaan as 'n helper. By hulle aankoms in Salamis gaan hulle reguit na die naaste sinagoge en begin daar preek. En so gaan hulle van sinagoge na sinagoge totdat elke Jood in Salamis die Evangelie gehoor het.

Wanneer hulle daar klaar is, stap hulle tot by die westelike hawestad Pafos, 'n volle 200 kilometer. Wanneer hulle hier

aankom word Saulus vir die eerste keer op die Romeinse vorm van sy naam genoem, Paulus. Aangesien hy nou in die Romeinse leefwêreld is, sal hy dan maar 'n Romein wees en ook 'n Romeinse naam hê. Sodoende sal hy baie verder kom op die sendingpad.

In Pafos word Paulus en Barnabas uitgenooi deur die goewerneur, Sergius Paulus om 'n gesprek met hom te hê. Hy het baie gehoor van hierdie Christelike geloof, en hy wou meer weet. Die twee manne gryp die uitnodiging met albei hande aan!

Met hulle aankoms in die goewerneur se woning, tref hulle een van sy raadgewers aan, 'n Jood met die naam Barjesus, of soos hy onder die Grieke bekend staan, Elimas. Die man is 'n towenaar, maar hy het homself ook gesien as 'n profeet van God. Towery was natuurlik 'n algemene praktyk in daardie tyd, selfs onder sommige Jode. As profeet sou hy direkte kontak met God hê, en dus toegang hê tot baie groot towerkrag. Met towerformules sou hy die kragte van die onsigbare wêreld beheer.

Hierdie man het dadelik gesien wat Paulus en Barnabas wou doen, en as die goewerneur hulle boodskap van Jesus se verlossing sou aanvaar, sou dit die einde van sy werk as raadgewer beteken. Dus probeer hy die goewerneur verhoed om hierdie geloof te aanvaar.

Paulus sien dadelik dwarsdeur hierdie sogenaamde “profeet”: “Duiwelskind!” betig hy hom. “Deurtrapte skelm

en bedrieër! Vyand van alles wat reg is!" Paulus is woedend oor hierdie man in die pad van die Evangelie kom staan. "Sal jy ophou om in die pad van die Here te staan! Die Here gaan jou straf! Jy gaan blind word!"

En dan gebeur die wonderwerk: onmiddellik is die man blind, en moet hy deur iemand weggelei word. Die goewerneur se mond hang oop van pure verbasing. Hy is baie diep geraak oor die dinge wat gebeur het. "Asseblief Paulus, vertel my meer van julle geloof!"

En Paulus en Barnabas gaan sit saam met hierdie heiden en begin vir hom van voor af verduidelik waaroor dit alles gaan. Daardie dag kom daar 'n reuse deurbraak in die heidense wêreld wanneer die Romeinse goewerneur sy hart oopmaak vir Jesus en 'n gelowige word.

Paulus gee die eer vir wat hier gebeur het aan die Here. In die annale van die geskiedenis is dit dan ook aangeteken dat Goewerneur Sergius Paulus van die eiland Siprus die eerste bekeerling geword het in Paulus se sendingveld.

Wanneer ons Handelinge 13 lees, dan word daar nêrens gemeld van enige ander persoon wat op Siprus tot bekering gekom het nie, slegs hierdie een enkele man. En dit nadat Paulus, Barnabas en Johannes Markus die ganse eiland deurkruis het van hoek tot kant. Dan wil ons dalk sê dat hierdie nou nie juis 'n suksesvolle sendingpoging was nie! Alles dui daarop dat dit dalk nog op 'n volslae mislukking sou afstuur!



Gaan Na Inhoud

Jare gelede het ek saam met 'n klompie gelowige jongmense saans in Welkom die Evangelie gaan deel met die talle mense wat by die “Perdeskoen” bymekaargekom het. Aand-na-aand het ons met mense gesels en vir hulle die Blye Boodskap gebring, en bitter selde het iemand daarop reageer. 'n Mislukte poging? Nee, beslis nie! Daardie boodskap moes beslis iewers vasgeslaan het, moontlik jare later eers. Ons was maar net die saaiers. Ander werkers het later die oeswerk gedoen.

Ons het verlede jaar in Mosambiek gesaai. Vanjaar kom die berigte dat die saad ontkiem het en alreeds vrug dra! Moenie moedeloos raak as jy nie dadelik resultate sien nie. Hou aan om die Goeie Saad te saai. Iewers gaan dit groei!

Gebed:

Here, hou asseblief my hande hoog sodat ek sal aanhou en aanhou om die saad van die Evangelie te saai, al lyk dit soms vrugteloos.


Gaan Na Inhoud



# Johannes Gooi Tou Op

## Handelinge 13:13-43

Met hulle werk wat afgehandel is in Siprus, klim Paulus en sy geselskap op 'n skip en vaar na die vasteland. Hulle gaan aan wal in die hawestad Perge in Klein-Asië.

Dan tref 'n groot terugslag vir Paulus. Pas na hulle aankoms in Perge, kom die jong Johannes Markus na hom. “Oom Paulus, ek het besluit om om te draai.”

Paulus is geskok. Hy het gedink dat hierdie sendinguitreik vir die jong man van onskatbare waarde sou wees. Dink maar net hoe baie hy kon leer uit so 'n ondervinding! En nou wil hy omdraai nadat hulle maar pas begin het! “Waarom, Johannes? Wat is fout?”

“Hierdie soort sendingwerk is maar net nie vir my nie. Ek hou nie van hierdie soort rowwe lewe nie......”

Inderdaad is dit 'n rowwe lewe, want hulle kan nie bekostig om elke aand in 'n herberg te slaap nie. Die harde grond en onweer en swaarkry is hulle voorland. En die ergste lê nog voor! Paulus probeer nog om vir Johannes Markus om te praat om 'n bietjie vas te byt, maar die kêrel het klaar sy besluit geneem. Terwyl daar nou 'n skip is wat terug gaan na Antiogië, gaan hy daarop klim en huistoe gaan. Paulus is bitter ongelukkig, want dit voel vir hom asof Johannes Markus hulle in die steek laat. Later sou hierdie insident nog lelike reperkussies hê, en veroorsaak dat Paulus en sy goeie vriend Barnabas se paadjies skei.


Gaan Na Inhoud

Wanneer jy op 'n sendinguitreik wil gaan, moet jy die koste baie goed bereken. En as jy nie eenhonderd persent seker is dat jy dit gaan maak nie, moet jy liewer by die huis bly. So 'n uitreik klink dikwels baie romanties en 'n reuse avontuur. Maar die harde werklikheid is dat dit dikwels bitter moeilik is.

Toe ons verlede jaar na Mosambiek is, moes ek ook voor die tyd mooi besin of ek werklik kans sien vir die swaarkry. Ons moes op die grond slaap, en met my rug en heupe wat nie altyd wil saamwerk nie, sou dit 'n nagmerrie wees. Boonop was daar die vlieë, muskiete, versengende hitte, sand, stof, insekte, primitiewe geriewe, gebrek aan skoon water en nog baie meer! Sien ek kans daarvoor?

Die finale antwoord het gekom toe my selgroep my finansieel borg om te gaan. Ek het vasgebyt en bitter swaar gekry, veral toe my voete boonop opswel soos ballonne van die lang ry, en ek baie pyn moes verduur. Dit was nog baie erger as wat hulle dit vooraf vir ons beskryf het! Nou weet ek presies wat om te verwag, en as dit die Here se wil is, gaan ek vanjaar beslis weer! Al die swaarkry was deur en deur die moeite werd! Wie sien kans om saam te kom?

Ja, verlede jaar was daar ook mense wat op die laaste nippertjie kop uitgetrek het, en ek het hulle daarvoor kwalik geneem. Maar toe ons eers daar is, het ek deeglik besef dat hulle nie sou aanpas in die omstandighede nie.

Van Perge af val Paulus en Barnabas in die pad, en stap hulle

in 'n noordelike rigting na die stad Antiogië in Pisidië, een van die streke in die Romeinse provinsie Galasië.

Daar is hulle op die eerste Sabbat reguit na die sinagoge. Hulle word met ope arms ontvang. Soos die gewoonte is, word daar eers gelees uit die wet, en daarna word Paulus en Barnabas gevra of hulle dalk 'n woordjie van bemoediging vir hulle het hier in die verre vreemde.

Paulus gryp hierdie uitnodiging met albei hande aan. As daar 'n geleentheid is om die Evangelie te verkondig, waarom sal hy dit dan weier?

“Israeliete en Godvresendes, luister!” begin Paulus baie plegtig, en jy kan 'n speld hoor val, want hierdie man praat met groot gesag. En dan begin Paulus 'n lang toespraak wat die mense hulle ore laat spits.

Terloops, die “Godvresendes” is mense uit ander volke wat die Joodse geloof aangeneem het. Wanneer Paulus sy toespraak hou, praat hy dus nie slegs met Jode nie, maar ook met mense uit 'n totaal ander agtergrond.

Hy begin om 'n oorsig te gee van die geskiedenis van Israel, want dit is baie belangrik om te weet waar alles ontstaan het. Sy geskiedenisoorsig eindig by Johannes die Doper. Dan vertel hy van Jesus, van Sy sterwe en opstanding. Hy neem Skrifbewyse uit die Ou Testament om te verduidelik waaroor dit gaan. Die goeie nuus is dat God se beloftes nou waar geword het. Alles het in vervulling gegaan.

Die mense is opgewonde oor dit wat hulle hoor, en hulle


Gaan Na Inhoud

nooi die twee manne uit om die volgende Sabbat weer te kom praat. Hulle wil beslis meer weet oor hierdie dinge!

Baie van die mense wat daardie dag in die sinagoge was, het saam met Paulus en Barnabas gegaan. Die twee manne het lang gesprekke met hulle gehad en alles vir hulle verduidelik. Die twee was in die wolke! Skielik sien hulle dinge gebeur! Nou begin die sendingreis die moeite werd raak.

Gebed:

Here, maak my asseblief gewillig om te gaan wanneer U my stuur. Help my asseblief ook om die swaarkry wat dikwels saam met 'n opdrag gaan te kan verdra.



Gaan Na Inhoud



## Evangelie aan die Heidene

## Handelinge 13:44-52

Dikwels gebeur dit in 'n gemeente, dat nét wanneer dit vir jou lyk asof dinge mooi in plek val, en alles mooi begin loop in die gemeente, dan kom daar 'n paar dwarstrekkers en versuur alles. 'n Soortgelyke ding het 'n paar jaar gelede in ons gemeente gebeur. Uiteindelik is die moeilikheidmakers op 'n streep daar weg, en toe blom die gemeente! Soms is so 'n "terugslag" baie nodig om die gemeentelede bymekaar te bring en te laat besef hoe nodig dit is om as gemeente goed te funksioneer.

Na Paulus se eerste preek in die sinagoge in Antiogië, is die mense baie opgewonde. Wat hulle daardie oggend gehoor het, het hulle baie diep geraak, en die woord het versprei. Die volgende Sabbat kom Paulus en Barnabas by die sinagoge aan om weer met die mense te praat. Hulle kan hulle oë nie glo nie as hulle feitlik die ganse stad bymekaar sien by die sinagoge. Almal het verneem van die twee manne se wonderlike boodskap, en almal wil vir hulleself kom hoor waaroor dit gaan.

As ons praat van die hele stad, dan beteken dit natuurlik dat daar 'n groot aantal heidene bymekaar was. En hiervan het die Jode gladnie gehou nie. Hulle is baie jaloers op hulle Godsdiens, want húlle is immers die uitverkore volk! Hulle verdra nou wel die enkele "Godvresendes", mense wat hulle van die heidendom bekeer het en die Joodse geloof

aangeneem het. Maar hulle wil darem nou nie oorstroom word deur 'n spul heidene nie! Lukas skryf hier dat die Jode “met afguns vervul is” (v. 45). En wat doen jy as jy met afguns vervul is? Jy slinger beskuldigings en jy beledig! En dit is presies wat hierdie Jode begin doen.

Paulus preek dat die biesies bewe en die heidene is baie opgewonde oor wat hulle hoor. Hierdie nuwe Godsdiens wat hy verkondig is so verfrissend anders as die afgodsdiens waarin hulle vasgevang is. Om afgode te aanbid vra van jou om allerhande dinge te moet doen om die gode tevrede te stel, sodat hulle iets vir jou terug sal doen. Jy moet duur offerandes bring sodat die gode vir jou reën of oeste of kinders sal gee, as iemand hulle nie per ongeluk kwaad gemaak het nie.

Paulus verkondig verlossing en bevryding van al hierdie verskriklike kettings wat jou bind. Daar is nou nie meer 'n klomp reëls wat eers nagekom moet word voordat die gode met jou gelukkig is nie. Al wat God vra is dat jy in 'n persoonlike verhouding met Jesus sal staan.

Die heidene is in die wolke! Die Jode is briesend!

Terwyl Paulus nog preek, begin van die Jode te skree dat hy lieg! Hulle begin links en regs beledigings te slinger, en probeer so om sy preek te verongeluk. Klink dit nie baie bekend nie? Wat gebeur deesdae in ons parlement?

Later kan Paulus dit nie meer vat nie, en hy vertel vir hierdie Jode waar Dawid die wortels gegrawe het. Inderdaad het hy

héél eerste begin preek in die sinagoge, waar hy geweet het hy hulle, die Jode sou kry. Hy het nie by die heidene begin nie, maar by die Jode, want die Woord móés eerste aan hulle verkondig word. Hulle is immers die uitverkore volk van God!

Maar wat doen hulle daarmee? Hulle vertrap dit! Hulle verwerp die Evangelie! Hulle verwerp Jesus, die Verlosser, die Seun van God! En dit beteken uiteraard dat hulle baie beslis nie die ewige lewe beskore is nie. Saligheid kan jy alleen kry deur in Jesus te glo. Baie jare later sou Johannes in 'n brief skryf dat as jy die Seun het, jy die ewige lewe het, maar as jy Hom nie het nie, dan het jy beslis ook nie die ewige lewe nie (1 Joh. 5:13).

Dan verduidelik Paulus en Barnabas vir hierdie mense dat hulle van nou af na die heidene sal gaan met die Evangelieboodskap, want Jesaja het immers in Jes. 49:6 geprofeteer: "Ek het U gegee as 'n lig vir die nasies sodat U verlossing kan bring tot in die uithoeke van die aarde." Hiermee het God honderde jare gelede al gesê dat die Evangelie nie net vir Jode is nie, maar vir alle mense.

Die heidene is in die wolke, want nou kan hulle ook deel hê aan hierdie, tot nou toe eksklusiewe Godsdiens. Daar gaan 'n groot gejuig op. Maar nie almal is ewe opgewonde nie. Die Jode het 'n nederlaag gely, en dáárby sal hulle dit baie beslis nie laat nie. Hulle gaan gesels met al die vooraanstaande manne van die stad en hulle maak die pap baie dik aan oor hoe gevaarlik hierdie twee manne nou eintlik is, en dat hulle

 Gaan Na Inhoud

besig is om 'n vals Godsdiens te verkondig. En so sweep hulle almal op wat iewers Joodse bande het, selfs die vrouens!

Die uiteinde van die saak is dat 'n woedende skare Jode vir Paulus en Barnabas soos sleg honde uit die stad uitjaag. Wat sou jy doen as jy so weggejaag word? Ek sou beslis baie seergemaak voel! Hierdie twee skud bloot die stof van hulle voete af as 'n gebaar teen die stad, en dan stap hulle opgewonde na die volgende stad, want dáár wag splinternuwe uitdagings op hulle.

En die mense van Antiogië? Die Jode het nors Jode gebly! Maar die heidene het die Evangelie met blydskap aangeneem en die Woord versprei dwarsdeur die hele streek! Die vraag is: wat doen ek en jy met die Evangelie? Hou ons dit jaloers vir onsself of deel ons dit met almal wat ons teëkom?

Gebed:

Dankie Hemelvader dat U die ewige lewe aanbied vir alle mense en nie slegs 'n paar eksklusiewe mense nie.



## Ikonium

## Handelinge 14:1-11

Paulus en Barnabas skud die stof van Antiogië van hulle voete af. Hierdie gebaar van hulle sê bloot dat hulle alle bande afsny met die mense wat hulle vervolg het en die stad uitgejaag het. Hiermee sê hulle verder dat hierdie mense hulle kans gehad het om die Evangelie te hoor en te aanvaar, en dat hulle dit luidrugtig verwerp het.

Hulle laat egter nie die stad agter om maar op te snork nie, maar hulle laat 'n lewenskragtige gemeente agter in Antiogië, 'n gemeente wat volgens Lukas vol vreugde en vol van die Heilige Gees was (Hand. 13:52). Hierdie wonderlike vreugde wat die mense ervaar het, is natuurlik nie afhanklik van 'n mens se lewensomstandighede nie. Dit is blydskap wat jy moet kweek deur 'n positiewe lewensuitkyk waar Jesus sentraal in jou lewe staan en jy elke dag dankbaarheid uitleef. Later skryf Paulus juis hieroor in sy brief aan die gemeente van Filippi (Filippense 4). Die Heilige Gees maak ons van binne af vol met Sy dankbaarheid en blydskap, en dan is dit ons verantwoordelikheid om daardie selfde dankbaarheid en blydskap na buite uit te leef.

Wanneer Paulus die Filippense brief skryf, sit hy in die tronk, 'n situasie wat beslis nie blydskap kan kweek nie. Maar ten spyte hiervan gee hy die opdrag dat daardie borrelende blydskap deel móét wees van die gelowige se lewe, maak nie saak wát jou omstandighede is nie. Maar dit

mag ook nie alleen bly by 'n innerlike blydskap nie, dit moet op jou gesig en in jou lewe wys sodat elkeen wat jou teëkom iets van hierdie blydskap kan ervaar. En inderdaad is dit uiters aansteeklik!

Van Antiogië af draai die twee manne ooswaarts en stap die 120km in blydskap af na die stad Ikonium. Weereens gaan hulle eerste reguit na die sinagoge en preek eers vir die Jode. Hierdie sou in die vervolg die werkswyse wees wat hulle sou volg, want die Evangelie het immers by die Jode sy oorsprong gehad.

Aanvanklik is die prediking onder die Jode in Ikonium baie vrugbaar, en Lukas berig dat daar 'n groot aantal Jode sowel as Griekssprekende mense die Evangelie aangeneem het (v. 1). Maar weereens was daar 'n klompie Jode wat baie jaloers was op hulle eksklusiewe geloof, en het hulle probeer om die mense teen die twee op te sweep. Paulus en Barnabas het hulle egter nie veel aan hierdie manne gesteur nie, en vir 'n geruime tyd onbevrees voortgegaan om te preek, ten spyte van die teenstand.

Lukas skryf ook dat Paulus sowel as Barnabas baie “tekens en wonders” gedoen het. Hy sê nie wat hulle gedoen het nie, maar jy kan aanneem dat hulle deur die krag van die Heilige Gees baie mense genees het. Ons sien inderdaad so 'n ietsie daarvan wanneer hulle in Listra is. Die mense was vervul met verwondering. Maar nie almal was ewe opgewonde nie. Die Jode se opswepery het uiteindelik begin vrug afwerp, en hulle het daarin geslaag om verdeeldheid in die stad te saai

tussen die aanhangers van die Evangelie en die skeptiese Jode.

Uiteindelik het daar doodsdreigemente gekom en mense het oproerig begin raak. Hulle het probeer om die twee manne aan te rand en wou hulle selfs stenig. Dan besluit Paulus en Barnabas dat hulle nie meer hulle lewens seker is in Ikonium nie, en hulle moet inderhaas op die vlug slaan.

Maar weereens stap hulle bloot met 'n lied in die hart na die volgende dorp Listra, sowat 30km suid van Ikonium.

Daar tref hulle 'n gebreklike man aan. Van geboorte af is sy voete so misvorm dat hy gladnie kan staan nie. Terwyl Paulus preek, sit die man daar aandagtig en luister na wat Paulus sê. Paulus kan maar net nie help om hom raak te sien nie. Maar hy sien in die man baie meer as net sy gebrek, hy lees in die man se oë 'n ongekende geloof. Dan kom die gedagte in sy binneste op: “Praat met die man!”

Paulus kyk die man reguit in die oë, en dan sê hy vir hom: “Staan regop, staan op jou voete!”

Verbaas kyk almal vir Paulus: hierdie is mos 'n onmoontlike opdrag! Almal weet mos dat daardie arme man nog nooit op sy voete gestaan het nie, en dat hy dit in der ewigheid nooit sal kan doen nie.

Maar dan spring die man regop, sy gebrek onmiddellik genees! Jy kan hoor hoe almal hulle asems intrek van verbasing. Sówat het hulle nog nooit beleef nie. “Hierdie is nie mense nie, hulle is gode!” gons dit onder mekaar. “Die


Gaan Na Inhoud

gode het soos mense geword en na ons toe afgekom!" Die skare was in vervoering! Maar ongelukkig is Paulus en Barnabas salig onbewus van wat aangaan, omdat die mense met mekaar praat in hulle moedertaal, Likaonies, 'n taal wat die twee gladnie verstaan nie.

Onwetend dat hulle 'n groot beroering veroorsaak het, gaan hulle eenvoudig voort om te preek en die Evangelie aan die mense te verkondig. Wanneer hulle later uitvind wat die ware toedrag van sake is, moet hulle inderhaas vure doodslaan. Maar hieroor berig ons DV more.

Gebed:

Here, vul asseblief my hart met borrelende blydskap. En help my om dit te alle tye met my lewe en my gesig te wys om sodoende die blye boodskap van U verlossing aan die wêreld uit te dra.


Gaan Na Inhoud



## Zeus en Hermes

## Handelinge 14:12-20

“Zeee-us! Zeee-us! Zeee-us!” dreunsing die skare. Paulus voel hoedat dit yskoud in hom raak. Hy sien ook dat van die mense na hom beduie, en dan hoor hy die naam “Hermes”, en dit laat hom benoud voel.

“Barnabas my broer, wat is hier aan die gang?” Hy verstaan nie  Likaonies, die plaaslike taal nie. Maar hy voel aan sy bas dat hier iets onheilig besig is om te broei. Ja, natuurlik weet hy van Zeus. Dit is die hoofgod van die Grieke, en Hermes is Zeus se seun en sy woordvoerder. Stadig begin dit tot Paulus deurdring dat hierdie mense dink dat hy Hermes is, omdat hy al die praatwerk doen, en die groot, bebaarde Barnabas is die hoofgod Zeus!

“Nee, nee!” skud Paulus heftig sy kop. “Ons is nie gode nie, ons is maar doodgewone mense nes julle!”

Maar niemand hoor hulle eers nie. En wanneer hy weer sien, dan het die priester van die Zeustempel hom aan die arm beet, en die twee manne word na die stadspoort meegesleur in die rigting van die manjifieke tempel wat net buite die stad gebou is. Daar merk Paulus 'n paar bulle op wat ter slagting gelei word, asook talle veelkleurige blomkranse. Paulus se hart klop in sy keel. “Hoe stop ons hulle?” skreeu hy bo die lawaai uit vir Barnabas, wat sukkel om uit die maalkolk te kom. Dan dring die besef deur tot die twee manne dat hierdie bulle vir húlle geoffer gaan word. En die


Gaan Na Inhoud

blomme is daar om húlle te vereer!

Uit pure frustrasie skeur Paulus sy klere en Barnabas volg sy voorbeeld. As die skare dit sien, bly hulle geskok stil en staar die twee oorblufte manne aan. As iemand nog in aanbidding voor hulle wil buig, spring Barnabas woedend op die man af: “Hou op! Hou asseblieftog net op! Ons is maar net mense!”

“Ja,” beaam Paulus, “ons is doodgewone sterflike mense nes julle! Wat julle hier besig is om te doen is Godslasterlik!” 'n Geskokte stilte sak toe oor die skare. Met 'n bewende stem begin Paulus verduidelik: “Ons.... ons is maar net boodskappers van die Lewende God! Ons bring juis die blye boodskap vir julle dat dit nie nodig is om julleself aan hierdie sinlose gode te onderwerp nie. Laat staan hulle en bekeer julle tot die enigste ware God! Hy is die Een wat die hemel en die aarde gemaak het, én die see met al die diere wat daarin rondswem!”

Nou het hy almal se aandag, en hulle hang aan sy lippe. Hy vertel vir hulle dat hierdie God hulle aanvanklik maar toegelaat het om hulle eie gang te gaan. Maar nou het Hy gekom om hulle te laat deel in die goeie dinge. Ja, inderdaad is dit ook Hy wat reën gee en kos en oeste, ál die goeie dinge van die lewe. En Hy wil hulle gelukkig maak.

Die priesters skud hulle koppe. “Hierdie twee is inderdaad gode!” En dan gaan hulle voort en begin die offers voorberei onder luide protes van Paulus en Barnabas.

Maar dan gebeur daar 'n verdere ding wat so byna-byna die twee manne se sendingdraadjie hééltemal afknip. Die Jode in Antiogië het met die druiwerankie langs verneem dat Paulus en Barnabas in Listra is en dat hulle goeie resultate daar kry. Dan stap 'n klompie van hulle oor na Listra om te gaan keer dat daardie mense nie dalk verval in hierdie "dwaalleer" nie. By Ikonium kry hulle nog 'n klompie versterkings. Met hulle aankoms begin hulle sommer dadelik kwaad stook, veral onder die stad se Jode. Binne 'n kort tydjie is daar al sommer 'n groot skare woedende Jode wat voel dat hulle mislei is.

Wanneer die twee manne agterkom wat aan die gang is, is dit reeds te laat om te vlug. Woedend word hulle met klippe bestook. Paulus is die groot "belhamel" en ál die Jode se woede word op hom gekonsentreer. Paulus steier onder die groot aanslag, totdat hy uiteindelik bewegingloos bly lê, skynbaar morsdood. Woedend sleep die skare sy "lyk" uit die stad uit en laat dit daar lê vir die aasvoëls om sy beendere skoon te vreet.

Bang-bang sluip 'n groepie gelowiges nader wanneer die stof gaan lê het. Hulle kom om Paulus se liggaam te versorg en om hom 'n eerbare begrafnis te gee. Maar dan maak die "lyk" sy oë oop. Pynlik staan hy op terwyl die mense hom oopmond dophou. Dan ruk Paulus hom reg: "Kom, ons het werk om te doen! Ons kan mos nie heeldag hier rondstaan nie?"

En so stap Paulus weer die stad binne, gevolg deur 'n skare

van gelowiges wat nuwe moed geskep het. Maar Paulus besef maar ál te goed dat hulle hier nie meer welkom is nie. Die volgende oggend vertrek hulle na Derbe om ook dáár die Evangelie met groot blydskap te gaan verkondig.

Moenie toelaat dat 'n klein terugslaggie jou onderkry nie. Vir Paulus sou daar nog vele sulke “terugslae” voorlê. Hierdie verhaal moet my en jou vandag die moed gee om op te staan en maar net voort te gaan om die evangelie te verkondig, selfs wanneer ons daarvoor gekasty word. Ek het sélf al 'n paar harde klappe gekry. Maar jy vergeet sulke dinge gelukkig baie gou!

Gebed:

Here, dankie vir hierdie kosbare les uit Paulus se lewe. Maak my asseblief sterk om aan te gaan wanneer ek vervolg word vir die Evangelie.



Gaan Na Inhoud



# Terug Huistoe

## Handelinge 14:21-28

Vroeg die oggend vertrek Paulus en Barnabas op die laaste been van hulle sendinguitreik. Derbe is sowat 200km oos van Listra, drie dae se reis per voet. Wanneer hulle daar aankom gebruik Paulus en Barnabas weer hulle gewone resep om te preek en die Evangelie eers aan die Jode te bring en daarna aan al die ander mense. In Derbe gebeur daar niks opwindend nie.

Het ek miskien gesê dat niks opwindend gebeur het nie? Dan was ek báie verkeerd, want in een enkele sinnetjie skryf Lukas: “Baie mense het daar gelowig geword.” Is dit nie opwindend nie? Wow! Dikwels preek 'n leraar elke Sondag vir 'n jaar lank en dan raak daar moontlik een of twee mense gelowig. Paulus-hulle preek vir 'n baie kort tydjie en daar word sommer baie mense gelowig!

Ek dink weer terug aan daardie dag verlede jaar in Mosambiek, waar daar tydens een enkele preek 'n skare van mense gelowig geword het. En waar hulle geloof oor die afgelope paar maande só geblom het dat daar nou 'n volwaardige aan-die-brand gemeente is! Daardie was ook maar net 'n doodgewone dag. Die uitreikspan vertrek oor 'n maand weer om opvolgwerk te gaan doen in daardie gemeente. Gisteraand het ons in die klein kerkie in Shakaskraal bymekaargekom om die beplanning te doen vir die uitreik, en almal is baie opgewonde.

Paulus en Barnabas se taak was afgehandel, en dan vertrek hulle terug na hulle tuisgemeente. Maar eers is daar 'n bietjie opvolgwerk om te doen, nét om doodseker te maak dat alles reg verloop in die nuutgestigde gemeentes waar hulle so pas die blye boodskap verkondig het. Onverskrokke stap hulle terug in hulle eie voetspore, eers na die dorp waar hulle so pas "doodgegooi" is met klippe, Listra. Daarna is hulle na Ikonium en Antiogië, die stad waar hulle só baie teenstand gekry het. En dit was ook juis die Jode van Antiogië wat vir hulle soveel hoofbrekens in die ander stede gegee het, want hulle wou maar net nié sien dat die geloof in Jesus deur die wêreld versprei nie!

Oral waar die twee sendelinge aandoen bemoedig hulle die gelowiges en berei hulle voor daarop dat hulle beslis baie teenstand moes verwag. Maar hulle moes vasbyt en getrou bly, want dit is júís verdrukking wat jou by die Koninkryk van God uitbring.

Maar daar was ook 'n ander taak wat die twee moes verrig: hulle moes strukture skep in hierdie nuwe gemeentes sodat hulle ordelik kon funksioneer. Daar is mense aangestel wat leiding moes neem in die gemeente, ouderlinge. Anders as wat vandag dikwels die geval is, waar 'n ouderling gewoonlik maar net toesig hou oor sy wyk, het hierdie ouderlinge 'n groot taak gehad. Hulle moes die gemeente leer en oplei om ware dissipels te wees. Dit was hulle taak om te preek asook om die hele bestuur van die gemeente te behartig. Hulle moes sorg dat die leer van die Evangelie

suiwer verkondig word.

Eintlik is dit vandag nog steeds dieselfde taak van die ouderlinge. Dit is nie die leraar se taak om al hierdie dinge te doen nie, maar die ouderlinge s'n. Ons skram weg van die ware taak waarvoor die Here ons bestem het, want dit is mos gerieflik om alles aan die dominee of pastoor oor te laat. En só dikwels gebeur dit dan dat die arme man uitbrand omdat daar te veel op sy skouers rus. Dan wonder ons waarom hy nie sy werk behoorlik doen nie, of waarom hy so moeg lyk?

Van Antiogië af gaan hulle terug na Perge, waar Johannes Markus hulle verlaat het. Toe hulle die eerste keer deur hierdie stad is, het hulle nie vertoef nie, maar reguit na Antiogië gegaan. Met hulle terugkoms besluit die twee dat die Evangelie ook dáár moes weerklink, en het hulle die Woord gaan verkondig aan die mense van Perge. Daarvandaan vertrek hulle na die hawestad Attalië waar hulle aan boord gaan op 'n skip wat hulle terugneem na hulle moedergemeente in Antiogië in Sirië.

Daar heers groot opgewondenheid in die gemeente wanneer die twee daar aanland, en die ganse gemeente kom bymekaar om te kom hoor wat alles gebeur het. Lukas skryf dit dalk nie in soveel woorde nie, maar ek kan my indink dat hulle tot laatnag aan Paulus en Barnabas se lippe gehang het en hulle bestook het met vrae. Hulle wou álles weet, elke klein detail. Dit was vir hulle baie, baie belangrik, want hulle was immers deel van hierdie uitreik. Hulle was in die gees dáár saam met die twee manne, elke tree van hulle sendingtog, al

was hulle nie fisies by hulle nie. Hulle het die twee in gebed gedra deur elke moeilike situasie.

Wanneer ons gemeente iemand uitstuur op 'n sendinguitreik, is dit nog steeds nét so belangrik dat ons die sendelinge sal dra in gebed. Hulle gaan immers namens ons. Met die moderne tegnologie tot ons beskikking kan ons hulle gewoonlik ook maklik bereik met 'n SMS. Versterk hulle deur gedurig in kontak te bly en hulle te laat weet dat jy hulle in gebed dra. Dit maak dat so 'n sendeling sy moeilike taak, dikwels onder baie moeilike en soms selfs gevaarlike toestande, met soveel meer vreugde en vrug kan uitvoer.

Gebed:

Here, vanoggend wil ek die span wat oor 'n maand na Mosambiek vertrek aan U opdra in gebed. Maak asseblief harte oop vir die nodige fondse om die uitreik moontlik te kan maak.



# Knellende Voorskrifte

## Handelinge 15:1-21

Dit was 'n doodgewone byeenkoms van die gelowiges in Antiogië. Maar daar was tóg 'n verskil: die paar besoekers uit Judea. Baie gou kom die gemeentelede agter dat hierdie manne 'n agenda het. Hulle is diep beswaard!

"Ons het gehoor van julle sendingwerk onder die heidene," sê een van die manne plegtig, "Maar daar is 'n probleem: as diegene wat uit die heidendom kom nie die gebruik van Moses nakom deur hulle te laat besny nie, kan hulle mos nie gered word nie!"

Hierdie is 'n baie teer en ongemaklike sakie, want die meeste van hulle is uit die heidendom, en slegs enkeles is ooit besny. Beteken dit dan dat hulle almal verlore is? Wat dan van Jesus se verlossingswerk? Beteken dit dan niks?

Dan staan Paulus op: "Nee broers, julle het dit baie beslis verkeerd. Hoe kan besnydenis jou redding beteken?"

"Ja," beaam Barnabas, "ons kan nie van heidene Jode maak nie!"

"Wel, ek sê nou vir jou dat die wetboek wat Moses van God gekry het baie duidelik sê dat die man wat nie besny is nie, nie deel van die volk van God kan wees nie. Ons as gelowiges is immers nou die nuwe volk van God!"

Dan breek 'n heftige stryery uit en verwyte word oor en weer geslinger, totdat daar uiteindelik totale wanordelike chaos

heers. Dan staan Barnabas op. Wanneer sy groot basstem deur die vertrek weergalm, bly almal outomaties stil. “Broers, só gaan ons nooit in der ewigheid 'n antwoord kry nie! Daar is net één uitweg: ons moet hierdie kwessie na die kerkleiers neem om uit te sorteer!”

Hiermee stem almal saam, en weereens is dit Paulus en Barnabas wat afgevaardig word om die saak na die leiers in Jerusalem te neem. Daar word 'n paar ouderlinge afgevaardig om hulle te vergesel en saam te praat. Die gemeente voorsien alles wat hulle nodig het vir die tog.

Hulle reis neem hulle deur Fenisië en Samaria, en oral langs die pad tref hulle gelowiges aan. So ver as wat hulle gaan, vertel die twee van die wonderlike dinge wat gebeur het tydens hulle sendingreis deur die heidenlande. Die mense hang aan hulle lippe, en hulle is baie opgewonde oor die talle heidene wat tot bekering gekom het. Uiteindelik, na 'n baie lang staptog kom hulle in die mooi stad Jerusalem aan, waar die kerkleiers alreeds op hulle wag. Hulle word hartlik verwelkom deur die hele gemeente, die apostels en al die ouderlinge. Sommer dadelik moet hulle begin vertel van alles wat hulle deurgemaak het. Oopmond sit almal en luister wanneer Paulus vertel hoedat hulle met klippe “doodgegooi” is, en van die talle wonderlike verhale wat hulleself afgespeel het in die onbereikte lande.

Maar nie almal is so opgewonde nie. Daar sit 'n paar manne wat voorheen Fariseërs was, en wat met groot kommer luister na Paulus en Barnabas se verhale. Wanneer Paulus

asem skep, staan een kêrel op: “Hulle moet besny word!” sê hy met 'n krom vinger wat dramaties geswaai word.

“En hulle moet die wet van Moses nakom!” beaam sy buurman. Skielik breek chaos los en almal begin gelyk stry oor hierdie netelige saak.

“Broers! Broers!” maak Petrus die spul stil. “Kom ons laat dit aan die leiers oor om hierdie saak uit te klaar.”

En so kom al die apostels en ouderlinge bymekaar om die netelige saak uit te praat en antwoorde te soek. Die bespreking hou aan tot in die vroeë oggendure, sonder dat daar 'n oplossing kom. Dan staan Petrus op: “Broers, julle weet mos dat God my gekies het om die evangelie aan die heidennasies te verkondig.” Ja, almal is dééglik bewus daarvan. En dan gaan Petrus voort om te verduidelik dat daar mos nie onderskeid gemaak kan word tussen die Jode en die heidene nie, en dat daardie heidene se harte ook gereinig is deur die geloof. “Nou waarom wil julle dan God se geduld beproef deur 'n juk op die heidene se nek te plaas wat ons voorouers nie eers kon dra nie?”

Daar sak 'n skuldige stilte toe oor die manne. Dan sê Petrus saggies: “Ons kan alleen deur die genade van die Here Jesus gered word. Onthou dit!”

Dan staan Jakobus op: “Ek stem saam, ons moet dit nie moeilik maak vir die heidene wat hulle tot God bekeer nie.” Hy stel dan voor dat daar vir die heidene 'n paar voorskrifte gegee moet word, soos dat hulle nie vleis eet wat aan afgode

geoffer is nie, en dat hulle onsedelikheid moet vermy. En hulle moet ook nie bloed eet of enige dier wat verwurg is nie. Hierdie is immers basiese voorskrifte wat al baie jare geld.

Dikwels het ons vandag steeds “voorskrifte” wat ons op mense wil afdwing, soos hoe jy moet aantrek wanneer jy kerktoe gaan of watter soort liedere jy tydens 'n erediens mag sing. Slegs 'n geordende leraar mag die nagmaal bedien (waar staan dit in die bybel?), en slegs 'n leraar mag sy hande oplig om die gemeente te seën. Sulke voorskrifte en baie ander soortgelykes plaas 'n demper op die uitleef van jou geloof.

Gebed:

Here, maak ons asseblief vry van mensgemaakte voorskrifte wat ons Christelike vryheid aan bande lê.



## Vriende Kry Stry

## Handelinge 15:22-41

Nadat Petrus en sy mede-apostels en die ouderlinge die kwessie oor watter voorskrifte daar vir die heidene gegee word, dééglik deurtrap het, roep hulle weer die gemeente bymekaar. Nadat hulle verslag gedoen het, besluit hulle om twee manne uit hulle geledere, Judas en Silas af te vaardig om vir Paulus en Barnabas te vergesel na Antiogië om aan die gemeente daar hulle besluit oor te dra.

Daar word 'n brief opgestel om alles te verduidelik en ook om verskoning te vra vir die manne wat daar sonder hulle medewete opgedaag het en dinge aan die gemeente gesê het wat hulle verwar het. Hulle skryf aan die gemeente hoeveel waardering hulle het vir die twee sendelinge, Paulus en Barnabas, wat hulle lewe gewaag het vir die evangelie. “Die Heilige Gees en ons het besluit om geen verdere las op julle te lê nie, buiten enkele noodsaaklike dinge,” skryf hulle, en dan verduidelik hulle van die afgodsoffervleis en onsedelikheid wat hulle moet vermy.

En so vertrek die viertal na Antiogië. Die hele gemeente is bymekaar wanneer die brief aan die ouderlinge in Antiogië oorhandig word. Hulle kan nie wág om te hoor wat die apostels sê nie. Die inhoud van die brief laat trane loop van dankbaarheid, en die vreugde in die gemeente is baie groot oor die bemoedigende woorde. En die wonderlike nuus dat hulle nie die swaar juk van die stoere ou Joodse wette hoef



Gaan Na Inhoud

te dra nie, laat hulle rondspring van opgewondenheid. Nou is hulle waarlik vry!

Judas en Silas, sélf twee bekwame sprekers en profete, kry nou die kans om met die gelowiges te praat en hulle te bemoedig en te versterk. As jy 'n paar dae lank moet reis om by 'n plek uit te kom, vertrek jy mos nie weer net die volgende dag nie. Dus besluit die twee manne om 'n ruk lank in Antiogië te vertoef en te help om hierdie gemeente, wat alreeds blom, nog verder op te bou voordat hulle terugkeer na Jerusalem.

Intussen begin Paulus al meer en meer van hierdie Silas-kêrel hou. Hy is nou wáárlik 'n voorslag, iemand wat hy nie sal omgee om saam met hom te hê op 'n sendingreis nie! Hierdie man is vol van die Heilige Gees.

Die manne is uiteindelik terug, en dinge begin terugkeer na normaal in die gemeente. Paulus en Barnabas leer die gemeente met groot vreugde en ywer. Maar hulle is nie die enigstes nie, Lukas skryf dat daar "baie ander" was wat saam met hulle onderrig gegee het aan die gemeente en die Woord verkondig het. Wát 'n wonderlike situasie!

Maar Paulus begin rusteloos raak. Die sendingveld wuif al harder en harder vir hom. Op 'n dag kan hy dit nie meer hou nie: "Barnabas, my ou broer," kom deel hy sy verlange met sy troue reisgenoot, "dink jy nie dalk ons moet weer 'n slag by die gemeentes uitkom wat ons besoek het nie?"

Barnabas is sommer dadelik opgewonde, hy herkou nou al

lankal aan die gedagte, maar hy was te bang om dit met Paulus te deel. “Ja, ek stem saam, kom ons gaan kyk hoe dit gaan met die gelowiges, oral waar ons die Woord van God verkondig het.”

En sommer dadelik begin hulle planne beraam. Hulle lig die gemeente in van hulle verlange, en almal is opgewonde.

“Terloops, Johannes Markus gaan natúúrlik weer saam,” merk Barnabas op teenoor Paulus, terwyl hulle besig is met hulle voorbereidings.

Geskok kyk Paulus na Barnabas: “Nee, ek weier!” sê hy botweg. Na 'n lang, ongemaklike stilte draai hy na Barnabas: “Daardie jong mannetjie het ons baie lelik in die steek gelaat. Ek wil dit nie weer beleef nie. Nee, hy gaan beslis nie saam nie!”

Barnabas probeer verduidelik dat Johannes intussen baie meer volwasse geraak het, en dat hy dit nie weer sal doen nie, maar Paulus bly by sy standpunt. Hy wil nie rede verstaan nie. Naderhand ontaard die twee ou maats se gesprek in 'n hewige argument. Uiteindelik is die twee kwaad uitmekaar.

Nie Barnabas óf Paulus wil kopgee nie, en dan besluit hulle dat die enigste oplossing is dat elkeen maar sy eie paadjie loop. Barnabas sal met Johannes Markus na Siprus gaan en daar gaan opvolgwerk doen. Paulus besluit om 'n boodskap na Silas in Jerusalem te stuur en hom te vra om saam met hom te kom. Hulle sal die gemeentes in Sirië en Silisië gaan

besoek. Silas is dadelik baie opgewonde oor die uitnodiging, en kort voor lank sluit hy hom by Paulus aan in Antiogië, waar alles alreeds gereed is vir die lang pad deur die heidenlande. Teen hierdie tyd is Barnabas en Johannes al lankal weg.

Dit was 'n slegte ding wat met Paulus gebeur het, en dikwels vra ons sélf ook die vraag, waarom onaangename dinge met ons gebeur. Vir hulle sending het dit beteken dat hulle op twee plekke gelyk kon sendingwerk doen, en die poging is verdubbel. Boonop is Silas met sy besondere gawes ingetrek. Ons word soms gedwing deur 'n onaangename ondervinding om meer effektief vir die Here te werk. Wees dus dankbaar, selfs vir die onaangename dinge, want God het 'n baie groter plan as wat ons kan bedink.

Gebed:

Here, leer my om te aanvaar wanneer dinge nie altyd verloop soos wat ek dit graag wil hê nie.



Gaan Na Inhoud



## Voltyds in die Sendingveld

## Handelinge 16:1-5

Silas is baie opgewonde om saam met Paulus te gaan op sy volgende sendingtog. Hy het baie gehoor van die dinge wat Paulus en Barnabas deurgemaak het op hulle eerste reis, en hy besef maar al te deeglik dat hierdie nie 'n Sondagskoolpiekniek is nie, en dat dit selfs lewensgevaarlik kan wees.

Dan breek die dag aan van hulle vertrek, in die jaar 50nC. Weereens is die hele gemeente bymekaar om hulle af te sien. Plegtig word die twee aan die genade van die Here toevertrou en geseën vir die moeilike taak wat op hulle skouers rus. Hierdie slag reis hulle nie per skip nie, maar pak hulle die tog te voet aan. Hulle sou so byna 2000 kilometer ver moes stap voordat hulle sou omdraai huiswaarts, 'n uitmergelende staptog oor berge, in versengende hitte en bittere koue, son, wind en reën.

Wat Paulus op daardie stadium nie besef het nie, was dat hierdie nie maar net sy tweede sendingreis sou wees, wat opgevolg sou word deur 'n derde en dalk 'n vierde nie. Van nou af is hierdie vir hom 'n leefwyse! Wanneer hy aan die einde van hierdie reis terugkeer na Antiogië, is dit eintlik slegs 'n kortstondige besoek aan die gemeente tussen sy sendingwerk deur, en nie werklik die einde van die tweede sendingreis nie. Tradisioneel praat ons van 'n derde sendingreis, maar in werklikheid is daar nie 'n derde

 Gaan Na Inhoud

sendingreis nie, want dit is steeds deel van sy voortgaande sendingwerk wat sou voortduur tot aan die einde van sy lewe. Ons kan dus sê dat daar wel 'n eerste sendingreis was, maar daarna was hy voltyds in die sendingveld.

Paulus is dus van nou af 'n selfstandige sendeling en kerkplanter wat met behulp van 'n uitgebreide netwerk van helpers sy werk verrig. Hy begin ook gebruik maak van 'n stelsel van briefwisseling om in kontak te bly met al die gemeentes wat hy gestig het. Hy lei mense op om as leiers en selfs leraars te dien in sommige gemeentes.

Paulus en Silas se reis neem hulle deur Tarsus, Paulus se geboortestad, en dan is die eerste plek waar hulle aandoen Derbe. Weereens meld Lukas gladnie wat in Derbe gebeur nie, maar ons kan maar aanneem dat Paulus die gelowiges daar versterk en vir hulle preek.

Dit is egter in Listra waar daar iets plaasvind wat 'n geweldige impak sou hê op Paulus en die kerk. 'n Jong kêrel vang dadelik Paulus se oog. Hierdie mannetjie is borrelend en aan die brand vir die Evangelie. Sy naam: Timoteus. Timoteus se ma is 'n Jodin, maar sy pa is 'n Griek. Volgens die Joodse tradisie is hierdie eintlik 'n onwettige huwelik, want 'n Jood mag nie met 'n heiden trou nie. Maar die Jode het nogtans vir Timoteus aanvaar as 'n Jood bloot omdat sy ma 'n Jodin was. Daar was egter 'n voorwaarde: daardie seun moes besny word nes enige ander klein Joodjie. En Timoteus was nooit besny nie.

Nou sit Paulus met 'n dilemma. Hy hou so baie van hierdie jong man, dat hy dadelik besluit om hom saam met hulle te neem as reisgenoot. Timoteus kan vir hulle van onskatbare waarde wees. Maar wat maak hy nou wanneer hulle in 'n sinagoge moet gaan preek? Dan moet Timoteus buite bly, want hy is nie besny nie, en dit wil Paulus beslis nie hê nie!

Die antwoord is voor die hand liggend: Timoteus moet besny word! Maar nou druis dit weer in teen die besluit van die kerk in Jerusalem, wat bepaal het dat dit nie nodig is vir 'n heiden om besny te word nie. Boonop het hy sélf al per geleentheid gesê dat as jy jou laat besny, dan wil jy daarmee eintlik sê dat die genadegawe wat Christus gee, niks beteken nie.

Paulus is in 'n tweestryd: Wat moet hy maak? Dan besluit Paulus: as Timoteus besny word, het dit mos absoluut niks te make met geloofsake nie! Dit is suiwer 'n praktiese reëling om hom toegang te gee tot die sinagoges.

Dan roep hy vir Timoteus nader: “Ou Seun, ons het 'n probleempie. Ek wil jou baie graag saam met my neem op die reis verder, maar dan sal jy besny moet word, anders sal hulle jou nóóit toelaat in die sinagoges nie.”

Timoteus huiwer nie vir 'n enkele oomblik nie: “Ek sal énigiets doen om te mag saamgaan. Om besny te word is 'n klein opofferinkie!” En só ondergaan Timoteus daardie bitter ongemaklike operasietjie vir die Evangelie. En Paulus se hart swel van trots, want hy wéét sommer dat Timoteus vir

hom vorentoe nog báie gaan beteken.

Natúúrlik gee Paulus met hierdie besluit geensins sy beginsels omtrent die besnydenis prys nie. Inteendeel, hy neem slegs ander mense se sienings in as, soos hy tereg ook later aan die gemeente in Korinte skryf, dat hy vir die Jode 'n Jood word en vir die Grieke 'n Griek. Hy sal enigiets in sy vermoë doen om die evangelie by mense te laat tuisbring, selfs al vra dit baie groot opoffering.

Hierdie is 'n baie goeie voorbeeld vir my en jou vandag, om uiters sensitief te wees vir ander mense se gevoelens en standpunte. Ons moenie altyd op ons eie regte wil staan nie, veral wanneer dit gaan oor geloofsake waar daar grys areas is. Wees dan liewer die minste, al is jy oortuig dat jy reg is.

Gebed:

Here, leer my om sensitief te wees vir ander se gevoelens.



Gaan Na Inhoud



# Lidia

## Handelinge 16:4-15

Dit is met groot opgewondenheid wat Paulus, Silas en Timoteus uit Listra vertrek en aandoen by elke gemeente in Suid-Galasië, selfs gemeentes soos Ikonium en Antiogië, waar hulle laas nog uit die stad gejaag is. Oral waar hulle kom, versterk hulle die gemeentes en praat hulle moed in. Hulle vertel ook vir hulle van die besluite van die groot kerkvergadering in Jerusalem.

Paulus het hierdie reis van hom baie fyn beplan, en hy weet presies watter roete om te volg. Van Antiogië af draai hy in 'n noord-westelike rigting om 'n splinternuwe gebied te gaan verken in die provinsies Frigië en Asië. Hy is opgewonde om ook hier die Evangelie te gaan verkondig.

Maar dan gebeur iets wat Paulus gladnie kan verstaan nie. Helder en duidelik hoor hy die inspraak van die Heilige Gees in hom, en dadelik weet Paulus dat hulle hierdie gebied moet oorslaan. Hy bevraagteken nie die Here nie, want hy het al geleer dat die Here baie beter weet as hy. Dit maak nie mooi sin nie, want dit is tog maar net logies dat jy die Evangelie verkondig óral waar jy kom. Nogtans doen Paulus wat die Here van hom vra, en hy gaan voort na die provinsie Betinië. Hier wag groot uitdagings op hulle in die Bosporus met sy groot stede. Hier kan hulle talle mense bereik met die evangelie.

Maar weereens kom staan die Here in Paulus se pad. Hy wil

vir Paulus op 'n ander plek hê! Al Paulus se mooi beplanning is nou daarmee heen. “Here, wat wil U dan hê dat ek moet doen? Waar het U my nodig?”

En dan kom die versekering in Paulus se hart: “Gaan maar net aan, Ek sal jou die regte pad wys, My kind!” Nou het Paulus rustigheid, en hy en sy geselskap reis voort deur die provinsie Misië tot by die Griekse hawestad Troas.

In Troas ontmoet Paulus 'n skrander jong mediese dokter met die naam Lukas. Hierdie man is sommer dadelik baie geïnteresseerd in Paulus se doen en late. “Ek sal wát wil gee om saam met julle te kan reis!”

“Nou, kom dan saam!” lag Paulus.

Daardie nag het Paulus 'n droom: 'n Masedoniese man kom staan langs sy bed en smeek hom: “Paulus, kom oor na Masedonië toe. Ons het jou hulp dringend nodig!”

Paulus skrik wakker. Hierdie droom was so werklik! “Kom help ons in Masedonië!” weerklink dit oor en oor in hom. En dan wéét Paulus, hierdie was nie maar net 'n droom nie, dit was 'n visioen wat die Here vir hom gegee het. Nou val alles skielik in plek! Nou verstaan hy waarom hy verhinder is om na Asië te gaan en ook Misië. Dit is omdat die Here hom nóú in Masedonië nodig het!

Donkeroggend skud Paulus vir Silas en Timoteus wakker: “Kom, opstaan, opstaan! Ons moet vertrek!” Silas verstaan gladnie, waarom nou skielik die haas? Hulle het dan beplan om 'n tyd in Troas te vertoef. “Timoteus, gaan roep vir


Gaan Na Inhoud

Lukas. Sê vir hom dat ons vandag nog na Masedonië vertrek, en as hy nog wil saamkom, dan moet hy góú maak!”

Daardie selfde oggend nog vaar die vier manne op 'n skip oor die Egeïese See tot by die eiland Samotrake. Die volgende dag vaar hulle verder tot by die hawestad Neapolis, waar hulle vir die eerste keer in Europa aan wal gaan en hulle reis voortsit tot by die belangrike stad Filippi in Masedonië. Paulus weet nog nie mooi wat hulle doel nou eintlik hier in Filippi is nie, maar hy weet één ding, en dit is dat die Here hom en sy geselskap hier wil hê en dat Hy hulle hier gaan gebruik.

Paulus vra in die stad rond waar die sinagoge is, sodat hy sy gewone strategie kan volg, deur eers vir die Jode te gaan preek. “Sinagoge? Nog nooit van só 'n plek gehoor nie!” Die reël is dat daar tien Joodse mans in 'n stad moet wees om 'n sinagoge te kan stig. Tot sy skok moet Paulus uitvind dat daar nie eers tien Jode in Filippi is nie!

Daardie Sabbat gaan stap Paulus en sy reisgenote tot buite die stadsmure om te soek vir 'n paar Jode wat dalk iewers onder 'n boom vir hulle 'n bidplek ingerig het. Hulle kom 'n klompie vroue teë wat langs die rivier sit en gesels, en Paulus-hulle gaan sit by hulle en begin die Evangelie met hulle deel.

Een van die vroue luister aandagtig. Die dinge waaroor Paulus praat, is vir haar nie vreemd nie. Sy het jare gelede die Joodse geloof aangeneem, maar wat Paulus egter nóú sê,

het sy nog nooit voorheen gehoor nie. Haar naam is Lidia, en sy is 'n knap sakevrou wat handel dryf in gesogte pers wolmateriaal uit Tiatira. Lidia neem die Evangelieboodskap sommer dadelik aan, en dan versoek sy vir Paulus: “Ek en my gesin wil gedoop word.”

Dit is groot blydskap in die huis van Lidia, en dadelik nooi sy die sendelinge om by haar tuis te gaan.

Ons moet fyn luister na die stem van die Heilige Gees. Dit kan alleen gebeur wanneer jy 'n intieme verhouding het met die Here. Paulus se ontmoeting met Lidia daardie Sabbat-oggend was baie belangrik. Dalk het die Here ook vir jou 'n baie belangrike ontmoeting. Luister na wat die Heilige Gees vir jou wil sê, soms deur die Woord, soms deur ander mense, soms selfs in 'n droom. Bevestig dit met die Skrif en wees dan gehoorsaam.

Gebed:

Here, maak my asseblief sensitief vir U stem en gehoorsaam wanneer U iets van my vra.



# Die Besete Vrou

## Handelinge 16:16-24

Met 'n lied in die hart stap die viertal, Paulus, Silas Timoteus en Lukas die entjie na die rivier waar die handjievol Joodse vroue vir hulle 'n bidplek ingerig het. Skaars begin hulle stap van Lidia se huis af, of hulle raak bewus van 'n vrou wat ál agter hulle aanloop. “Hierdie mense is dienaars van God, die Allerhoogste!” hoor hulle haar baie hard verkondig agter hulle. “Hulle vertel julle hoe julle gered kan word.”

Tevrede stap hulle aan, want hierdie vrou het iewers hulle boodskap gehoor, en hulle is bly dat dit inslag gevind het. Maar na 'n rukkie raak dit half irriterend, want die vrou skree dit oor en oor en oor met 'n skril stemmetjie, en dit klink asof iets nie baie lekker is met haar nie.

Die volgende dag is dit wéér sulke tyd, en soos 'n stertjie loop die vrou ál agter hulle aan en skree dieselfde rympie oor en oor. Na 'n paar dae begin die manne dit moeilik vind om hulle werk te doen, want hulle kan maar nét nie van die irriterende stertjie ontslae raak nie. “Sy het 'n gróót probleem!” kom Paulus tot die gevolgtrekking. “Ja, sy sê wél die regte dinge, maar in die proses is sy besig om die Evangelie skade aan te doen. Ek is séker daarvan dat sy 'n bose gees in haar het!”

Wanneer Lukas die mense oor haar uitvra, maak hy 'n skokkende ontdekking, en hy gaan vertel vir Paulus: “Hierdie vrou is 'n slavin wat vir haar eienaars baie geld


Gaan Na Inhoud

verdien. Sy is 'n waarsegster, en die mense stroom glo na haar om hulle fortuin te hoor.”

“Nou maak dit alles sin!” sê Paulus. Wanneer die vrou weer agter hulle aanloop, draai Paulus om en hy kyk haar reguit in die oë. Hy sien daar 'n wilde uitdrukking in haar oë, wat maar net één ding kan beteken: sy word beheer deur 'n bose gees in haar! Hy kan dit nou nie meer langer uithou nie: “Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus: Gaan uit haar uit!” spreek hy die bose gees aan.

Op daardie oomblik verander die vrou rég voor hulle oë. Die wilde uitdrukking verdwyn en sy is so normaal soos enige mens, en boonop bevry van haar bose gees. En die vier manne kan aangaan in vrede, uiteindelik verlos van hulle irriterende stertjie. Boonop is hulle in die wolke dat hulle iemand bevryding kon gee deur Jesus.

Maar nie almal deel hulle vreugde nie, die vrou se eienaars is woedend! Sy het hulle 'n klomp geld gekos, maar dit was alles die moeite werd, want deur haar “gawe” het sy vir hulle sommer baie geld in die sak gebring. En nou is die gawe skielik net weg, soos mis voor die son verdwyn. “Ons moet daardie manne voor stok kry!” tier hulle, en dan beraam hulle planne om hulle te laat vervolg. Deur bloot vir die owerhede te sê dat Paulus-hulle 'n bose gees uit die vrou uitgedryf het, sal net maak dat die magistraat hulle uitlag. Nee, hulle moet aan iets anders dink.

Die volgende dag moet die vier sien hoedat 'n paar groot

manne op hulle afstorm. Paulus en Silas word gegryp en na die stadsplein gesleep waar die regsake afgehandel word. “Wat gaan aan?” wil hulle weet. Maar hulle kry nie antwoorde nie.

Wanneer hulle voor die kwaai magistraat te staan kom, word die beskuldigings teen hulle geslinger: “Hierdie manne is Jode wat moeilikheid maak in ons stad!” kla die eienaars van die vrou. “Hulle wil vir ons gebruike leer wat ons as Romeine nie kan aanvaar of navolg nie.”

Paulus en Silas se monde hang oop van verbasing: hulle het nooit enigiemand gedwing om na hulle te luister nie. Maar nou is die skare omstanders ook opgesweep teen hulle, en woedend eis hulle geregtigheid!

Die twee manne word gegryp en hulle klere word hardhandig van hulle lywe afgeskeur. Hulle word aan 'n paal vasgemaak, en die volgende oomblik begin die sweepslae op hulle ontblote rûe neer te reën. Hou op pynlike hou ruk deur hulle liggame totdat hulle naderhand voel dat hulle dit net nie meer kan vat nie.

Na wat na 'n ewigheid voel, is die onmenslike straf verby. Maar steeds is dit nie die einde nie, want dan word die twee voosgeslane manne weggesleep om in die tronk opgesluit te word. Die tronkbewaarder kry opdrag om hulle baie streng te bewaak. Dan besluit hy, dat as hierdie twee manne dan nou so gevaarlik is dat hulle maksimum bewaking moet kry, dan smyt hy hulle in die gevreesde binneste sel.

Paulus en Silas word beveel om plat op hulle stukkendgeslane rûe te gaan lê op die vuil, koue klipvloer. Dan word hulle voete in houtblokke vasgeklem. Die pyn is ondraaglik! Die swaar ysterdeur word agter hulle toegeslaan en gesluit.

Die prys wat jy betaal vir die Evangelie, is soms baie duur. Vandag gebeur nog baie erger dinge dikwels in lande soos Sirië, waar 'n Christen nie sy lewe seker is nie.

In 'n vry land soos Suid-Afrika weet ons nie wat vervolging is nie. Nogtans is die meeste van ons bang om op te staan vir Jesus. Ons is bang dat ons dalk gespot sal word of uit 'n vriendekring gestoot sal word.

Kom ons neem standpunt in en lewe openlik 'n lewe vir Jesus, vreesloos vir die gevolge!

Gebed:

Here, maak my vreesloos om U Lig en Woord onder alle omstandighede uit te dra.



Gaan Na Inhoud



# Bevryding in die Tronk

## Handelinge 16:25-40

Paulus en Silas krul van die pyn as die swaar tronkdeur agter hulle toeslaan. Hulle weet nie mooi hoe om te lê nie, want die houtblokke waarin hulle voete vasgeklem is, beperk hulle bewegings. Daar is maar net één genade: kners op jou tande en probeer uithou. Paulus voel hoedat elke korreltjie sand en elke klippie op die vuil vloer die wonde aan sy rug indring en hom nog verder pynig. Hy hoor hoe sy goeie maat kreun van die ondraaglike pyn. Die koue van die klipvloer dring dwarsdeur sy hele liggaam.

Die stank in die sel is onhoudbaar, en dit vererger hulle haglike situasie. Dit is feitlik pikdonker in die kerker, die enigste bietjie lig is die flou skynsel van die fakkel in die gang wat onder die tronkdeur deursyfer.

“Wat het julle gedoen om hier te beland?” hoor hulle 'n krakende stem uit die donker. Hulle is dus nie die enigste gevangenes in hierdie donker gat nie. Vaagweg raak hulle bewus van 'n paar ander manne wat ook hier vasgeketting lê. Kort-kort hoor hulle iemand lelik vloek as 'n rot oor sy gesig loop. Paulus en Silas het te seer om enigiets te sê. In stilte lê hulle daar en bid dat God hulle genadig sal wees om hulle deur hierdie verskriklike marteling te dra.

Harmansdrupstadig sleep die tyd verby. Laatnag, wanneer die twee manne lê en bibber van die koue en die slaap hulle totaal ontwyk, begin Paulus saggies 'n lied neurie. Silas val


Gaan Na Inhoud

in saam met hom, en kort voor lank sing die twee een van Dawid se mooi Psalms. Nie lank nie, of hulle pyn en ongemak is vergete, as hulle die een loflied na die ander met volle oorgawe sing. As hulle durf asemskep, dan por hulle medegevangenes hulle aan: “Kom, moenie nou ophou nie, sing nóg asseblief! Julle twee sing só mooi.”

Teen middernag weerklink die twee manne se mooi stemme deur die gange van die tronk, en 'n paar manne probeer selfs saam sing, al ken hulle nie die woorde nie.

En dan gebeur dit: Skielik begin die vloer onder hulle bewe. Dit raak al erger en erger totdat die ganse gebou onder hulle skud terwyl 'n onaardse rammeling deur die gange eggo. Paulus-hulle hou op sing, en 'n paar van die gevangenes skreeu benoud van angs. Lig stroom skielik in hulle sel in, en as hulle omkyk, sien hulle hoedat die swaar ysterdeur oopswaai sonder dat daar iemand is wat dit oopmaak.

Paulus voel hoedat die blok wat sy voete pynlik omklem skielik meegee en oopval. Een van die medegevangenes gil as die swaar kettings om sy gewrigte en voete met 'n harde geklingel op die grond val. Die kettings van die ander gevangenes volg. Die manne is rasend van vrees en hulle kruip beangs in die verste hoekie in. Hulle kan gladnie verstaan wat besig is om te gebeur nie. Dan kalmeer Silas hulle: “Wees net kalm, dit is ons Almagtige God wat ons bevry het. Bly nét waar julle is, moenie weghardloop nie, julle sal niks oorkom nie!”


Gaan Na Inhoud

Verder in die gang af kan Paulus die harde geluid van staal op staal hoor soos die tronkdeure een-vir-een oopval. Dan hoor hy die tronkbewaarder ingehardloop kom: “Nee! Nee!” skree die man benoud as hy al die tronkdeure oop sien. As Paulus by die deur uitloer, is hy net betyds om te sien hoedat die bewaarder sy swaard uitpluk en gereedmaak om daarin te val, want nou is selfmoord sy enigste opsie. As die owerhede uitvind dat hy nalatig was en die gevangenes laat wegkom het, is sy straf baie erger as die dood!

“Wag! Moenie!” skree Paulus nét betyds om hom te keer. “Kyk, ál jou gevangenes is steeds in hulle selle, nie een het ontsnap nie. Hulle is te bang om te ontsnap!”

Die bewaarder gryp 'n lig en dan storm hy in Paulus en Silas se sel in en val op die grond voor hulle neer: “Wat moet ek doen om gered te word?” kerm hy.

“Glo net in die Here Jesus, en jy sal gered word,” kalmeer Paulus hom. “Gaan roep al jou huismense, dan verduidelik ek jou alles.”

En so bring Paulus en Silas daardie nag die Evangelie na die geharde bewaarder en sy hele gesin en ook sy slawe. Iemand bring vir hulle 'n skottel water en die twee manne se wonde word gewas en versorg. Daarna word die bewaarder en sy hele huis gedoop.

“Gaan berei gou vir die twee manne 'n ete voor,” beveel hy sy slawe, en dan neem die bewaarder die twee huistoe om hulle daar te trakteer op 'n smaaklike maaltyd. Die volgende

oggend word die twee manne vrygelaat, maar eers nadat die ringkoppe van die stadsbestuur nederig om verskoning kom vra het. Daarna is hulle na Lidia se huis waar hulle die gelowiges bemoedig het en toe vertrek hulle na hulle volgende bestemming.

“Wees bly in die Here,” skryf Paulus aan die Filippense terwyl hy vir die hóéveelste keer in die tronk sit. Dan is dit nie maar net mooi woorde nie, maar Paulus het dit prakties uitgeleef. En nou vra hy my en jou om daardie selfde blydskap in alle omstandighede prakties uit te leef. Blydskap is ook nie afhanklik van jou omstandighede nie. Dit is iets wat diep in jou is wanneer jy in 'n verhouding met Jesus staan. Kom ons leef dit uit!

Gebed:

Here, dankie dat U vir my daardie wonderlike blydskap gegee het. Help my om dit ten volle te ervaar en uit te leef.


Gaan Na Inhoud



## Oproer in Tessalonika

## Handelinge 17:1-9

Wanneer Paulus en sy geselskap vertrek uit Filippi, moet Lukas hulle verlaat en teruggaan na sy tuisdorp. Dit sal egter beslis nie die laaste keer wees wat hy saam met Paulus sendingwerk doen nie!

Paulus, Silas en Timoteus se volgende bestemming is Tessalonika, omdat hulle verneem het dat daar 'n Joodse sinagoge is. Hulle reis neem hulle deur Amfipolis en Apollonië.

In Tessalonika aangekom, mors hulle nie tyd nie, maar hulle gaan reguit na die sinagoge en begin daar met die Jode redeneer oor die Messias. Vir drie Sabbatte na mekaar is hulle elke keer in die sinagoge, en Paulus verduidelik vir hulle uit die Skrif van Jesus. Hy wys vir hulle hoedat die profete alles haarfyn voorspel het, en dat Jesus volgens die Skrif móés ly en sterf. En Hy moes ook uit die dood opstaan, soos Hy inderdaad gedoen het! "Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig," sê Paulus vir die Jode, "Hý is die Christus wat almal so lank voor gewag het!"

Paulus en Silas se prediking is 'n sukses. Inderdaad oortuig hulle 'n klompie van die Jode. Maar die gróót sukses is onder die "Godvresende" Grieke, nie-Jode wat hulle tot die Joodse Godsdiens bekeer het. 'n Groot aantal van hulle word gelowig en sluit hulle aan by Paulus en Silas. Daar is ook 'n hele klomp vooraanstaande vroue wat diep geraak word deur

die manne se prediking en volgelinge word van hierdie nuwe geloof.

Paulus, Silas en die jong Timoteus is in die wolke! Is dit nie absoluut wónderlik hoedat die Here hierdie mense se harte aangeraak het nie! Met 'n lied in die hart stap die drie daardie aand terug na hulle blyplek waar hulle tuisgaan by een van die gelowiges met die naam Jason.

Maar soos gewoonlik is alles nie hééltemal wel nie. En weereens is dit die Jode wat die klippie in die skoen is. 'n Klompie van hulle is bymekaar, en hierdie manne is gládnie gelukkig nie. “Hierdie Paulus-kêrel het nou net álles kom staan en deurmekaarkrap!” tier een van die ou ringkoppe.

“Ja, en kyk net hoe tou ál daardie Godvresende Grieke waaraan ons so hard gewerk het agter hulle aan! As ons nie baie gou iets doen nie, loop ons sinagoge hééltemal leeg.”

“Maar wat gaan ons doen? Daardie Paulus het 'n punt beet! Hy is baie oortuigend, en alles wat hy sê, haal hy uit die Skrif uit. As dit nie was dat my tradisies so vasgestaan het nie, het ek hom dalk geglo!”

“Daardie man is só glad met die bek, dat ons hom nooit as te nimmer gaan vastrek as ons die Skrif as grondslag gebruik nie. Ons sal iets anders moet doen om hom te uitoorlê.”

Een kêrel kry 'n slinkse glimlag op sy gesig: “Ek weet presíés hoe ons hulle hier gaan wegkry. Ons reël 'n opstand!”

“Nee, nou verstaan ek nie, hoe kry ons dit reg?”

“Eenvoudig: ons koop bloot daardie klomp leeglêers om wat elke dag by die stadspoorte sit en niksdoen, en sê hulle aan om in opstand te kom teen hierdie vreemdelinge wat ons mooi stad kom staan en in beroering bring het met hulle mooi praatjies.”

Die volgende oggend is daar 'n verskriklike rumoer voor Jason se huis. Die woedende skare eis van Jason om sy gaste aan hulle te oorhandig, want hulle is moeilikheidmakers. Jason trek sy skouers op: “Hulle is al vroegoggend hier uit.”

“Dan vat ons jóú in sy plek!” skree hulle, en hulle gryp hom en sleep hom voor die stadsbestuur. Op pad kollekteer hulle nóg 'n paar gelowiges wat ook hardhandig saamgesleep word.

Voor die munisipale amptenaar skree hulle: “Hier is mense wat besig is om die hele wêreld in beroering te bring, en Jason gee vir hulle huisvesting! Daardie manne doen alles wat in stryd is met die keiser se wette, hulle wil beweer dat 'n sekere Jesus eintlik die koning is, en nie die keiser nie!”

Die manne van die stadsbestuur is bitterlik ontsteld. Maar wanneer Jason en sy medebeskuldigdes die nodige waarborge gee dat Paulus-hulle nie die openbare rus verder sal versteur nie, word hulle vrygelaat.

Daardie nag, onder dekking van die donker word Paulus en sy geselskap uit die stad gesmokkel om hulle reis voort te sit na die stad Berea.

Die beskuldigings teen Paulus-hulle het 'n baie sterk

politieke kleur gehad. Hulle en hulle medegelowiges word voorgehou as 'n rewolusionêre groep wat die bewind wil oorneem.

As Christene mag ons nooit vyandig wees teenoor ons regering nie, en moet ons gesag aanvaar. Dit is slegs wanneer die regering optree in stryd met God se wil, en van gelowiges verwag om dieselfde te doen, dat ons onverskrokke moet standpunt inneem. Ons mag egter nooit gewelddadig wees nie, maar slegs die gesindheid weerspieël van: ons is aan God meer gehoorsaam as mense.

Gebed:

Here, waar ek soms so opstandig raak teenoor die owerhede, gee my asseblief kalmte in my gemoed.



Gaan Na Inhoud



# Atene, Groot Kultuurstad.

## Handelinge 17:10-18

In die donker sluip Paulus en sy geselskap soos skelms uit Tessalonika. Hulle reis neem hulle na die volgende stad, Berea. Weereens gaan hulle reguit na die sinagoge, soos Paulus nou al gewoonte gemaak het. Met groot belangstelling sit die Jode en luister na Paulus. Maar hulle eet nie alles wat hy sê sommer vir soetkoek op nie. Nee, hulle gaan toets dit aan die Skrif om seker te maak dat hy hulle nie probeer ore aansit nie. Die mense is ontvanklik vir die Woord, en baie van die Jode sowel as Grieke word gelowig, óók 'n aantal vooraanstaande vroue.

Dalk moet ek net hier noem, dat vroue in die Joodse tradisie nie saam met die mans aanbid het nie. Hulle is uitgesluit uit die sinagoge. In die Grieks-Romeinse wêreld is dit egter 'n ander saak, en hier is daar selfs vroue in leiersposisies in sommige sinagoges! Van die welgestelde vroue het sinagoges geborg, en in ruil daarvoor het hulle ereposisies beklee. Daarom dat ons lees van die vooraanstaande vroue wat in die kerk inskakel.

Ons kan gerus gaan leer by die versigtige Jode van Berea, en ook die boodskap wat ons van predikers kry gaan toets aan die Woord. Nie alleen maak ons seker dat hy nie iewers dwaal nie, maar dit versterk ook wat ons geleer het.

Dit wil vir ons klink asof die bootjie glad geseil het in Berea, maar ongelukkig was dit nie die geval nie. Natúúrlik sal die

duiwel mos nie gelukkig wees as die Evangelie seepglad versprei nie. Gerugte oor Paulus-hulle se suksesse in Berea het die ore van die Jode in Tessalonika bereik. Dadelik stuur hulle 'n afvaardiging om ook dáár te gaan onrus stook.

Inderhaas word Paulus na die kus geneem waar hy op 'n skip gesit word om hom na Atene te neem, eintlik 'n totaal onbeplande besoek. Silas en Timoteus bly egter agter in Berea om eers sake daar af te handel. Wanneer Paulus in Atene aankom, vra hy vir die mense wat hom daarheen geneem het: "Ag, stuur asseblief my twee reisgenote so gou moontlik hierheen sodat hulle by my kan aansluit!"

Wanneer Paulus in Atene aanland, kom hy baie gou tot die besef waarom almal praat van Atene as die groot kultuurstad van die wêreld. Nie alleen is dit die bloeipunt van filosofie en kuns nie, maar boonop is dit die geboorteplek van demokrasie. Die groot reuse van die filosofie soos Sokrates en Plato het hier gebly.

Maar baie gou sien Paulus ook dat hierdie mooi dinge alreeds besig is om ten gronde te gaan. Atene is slegs 'n skaduwee van daardie eertydse glorie. Baie huise staan leeg, en die bevolking het gedaal na 'n skamele 5000 inwoners.

Ten spyte hiervan is daar steeds die filosowe wat graag daagliks vir ure lank in allerhande ingewikkelde redenasies betrokke raak wat uiteindelik op niks uitloop.

Wanneer Paulus die eerste dag in die straat afstap op soek na 'n sinagoge, is hy geskok tot in sy siel oor die talle

afgodsbeelde wat om elke hoek en draai staan. Hy is uiters verontwaardig, want die mooi kultuurstad is letterlik vervuil van afgodsbeelde!

By die sinagoge redeneer hy saans met die Jode en die Godvresendes, maar dit voel vir hom asof niks inslag vind nie, dit bly net by redenasies. Bedags gaan hy na die stadsplein en probeer daar gesprekke aanknoop met die verbygangers, óók sonder veel sukses.

Daar kom egter 'n paar wysgere verby wat in diep gesprekke met hom betrokke raak. 'n Epikuriër skud sy kop meëwarig as hy Paulus se verduideliking van die Evangelie aanhoor. Sy filosofie is dat die hoofdoel van die lewe is om lewensvreugde te ervaar. Hy vermy pyn, vrees en bygeloof ten alle koste, en volgens hom bestaan daar géén God nie. Jy lewe voluit vir hier en nóú, en wanneer dit verby is, is dit verby!

'n Stoīsyn verduidelik weer vir Paulus dat alles in die lewe gaan oor innerlike vrede en om in harmonie met die natuur te lewe. Inderdaad is daar, volgens hom, wél 'n goddelike voorsienigheid, maar dit is nie 'n god nie maar eerder 'n vae, onpersoonlike goddelike mag.

Paulus is verslae. Die mense spot hom: hy is niks anders nie as 'n "saadplukker", dit is nou iemand wat dinge kwytraak wat hy sélf nie eers verstaan nie. Ander sê weer dat Paulus 'n boodskapper is van vreemde gode. Waar kom hy tóg aan sulke dinge?

"Wat moet ek doen, Here?" bid hy radeloos.

Die vraag is: hoe redeneer jy met sulke mense? Selfs Paulus was moedeloos. Die eenvoudige antwoord is, dat jy nié met sulke mense kán redeneer nie. Ek het dit al probeer, en hulle het tien argumente vir elke een van jou. Dit is nie binne my vermoë om iemand van Jesus te oortuig nie. Alleen die Heilige Gees kan dit doen.

Beteken dit dan nou dat ek maar hande gevou moet gaan sit en niks doen nie? Nee, beslis nie. Die Here vra van ons om die eenvoudige boodskap van Jesus oor te dra, dit is ál! Dit is vir daardie persoon om sélf te besluit wat hy daarmee wil doen. Dit is dalk nét moontlik dat hy sy hart sal oopmaak om na die Heilige Gees te luister.

Gebed:

Here, gee my asseblief die moed en wysheid om by elke moontlike geleentheid die boodskap van redding aan mense oor te dra.



## Op die Areopagus

## Handelinge 17:19-34

"Wat moet ek doen, Here? Hoe kan ek hierdie mense oortuig van die Evangelie?" Paulus is radeloos, want vir hom wil dit voorkom asof hierdie mense van Atene net heeldag lank wil redeneer, en dat hulle nie eers belangstel om die ander kant se saak uit te luister nie. Hulle is so verstrengel in hulle eie kultuur en boonop nog die talle gode ook, dat hulle menslikgesproke onbereikbaar is. "Here, ek weet werklik nie watter kant toe nie!" bid hy radeloos.

Maar die volgende dag kom die antwoord uit 'n totaal onverwagse rigting. Een van die filosowe met wie hy die vorige dag 'n vrugtelose redenasie gehad het, kom haal hom by sy blyplek. "Jy is 'n goeie redenaar," bemoedig die man vir Paulus, "en die mense sou graag jou redenasies wil hoor. Ek wil jou nooi om saam met my te kom na die Areopagus. Dis nou die plek waar al die filosowe bymekaarkom, en daar kan jy ons meer kom vertel van hierdie nuwe leer wat jy verkondig."

"Dankie Here," prewel Paulus, "waarom was ek kleingelowig? Ek moes mos weet dat U op die regte tyd sou voorsien! Vergewe my asseblief Here!"

Die man neem vir Paulus oor die markplein in die rigting van die manjifieke Akropolis. "Dit is darem só jammer dat só 'n asemrowende gebou 'n afgodstempel moet wees!" sug hy terwyl die magtige gebou op die berg voor hom opdoem.

Maar dan verrys daar 'n reuse wit rots voor hulle op. Hy wil nog wonder oor die rots, maar dan is dit asof die man sy gedagtes lees: "Die beroemde Areopagus! Hier kan jy jou sê sê." lag die kêrel. "En boonop is dit ook die bymekaarkomplek van die beroemde raad van ons stad, wanneer hulle belangrike sake moet bespreek en gewigtige besluite moet neem."

Hulle bestyg die rots. Bo is dit plat, en oral sit of staan groepies mense rond en niksdoen. Paulus is baie beïndruk. Maar hy het nie baie tyd om hom te verwonder oor alles nie, want baie gou word hy aangepor om sy betoog te lewer, want die mense wil hoor wat hy te sê het. "Here, gee my asseblief hope wysheid!" pleit hy terwyl hy in die middel van die rots gaan staan.

Hy laat sy oë gly oor die manjifieke stad Atene wat hier uitgestrek aan sy voete lê. Hy sien weer die talle afgodsbeelde en tempels, en hy kan maar net nie die Akropolis uit sy gedagtes kry nie. En dan weet hy wat hy moet sê: "Ateners, ek merk op dat julle in alle opsigte baie godsdienstig is," begin hy. Hy sien sommer dadelik dat die mense baie hou van wat hy sê. Hy móét hulle vertroue wen!

"Terwyl ek so deur julle mooi stad geloop het, het ek die talle plekke gesien waar julle aanbid. Daar is 'n menigte tempels en baie gode. En dan is daar natuurlik hierdie argitektoniese wonder wat hier agter my op die berg staan, die Akropolis."


Gaan Na Inhoud

Almal stem heelhartig saam met Paulus. Hierdie man se toespraak maak darem vir jou sin!

"Ek het iets baie interessant in julle stad raakgeloop wat ek nog nêrens op al my reise teëgekom het nie: 'n altaar wat opgedra is aan 'n onbekende god."

Almal knik instemmend: hierdie man weet beslis waarvan hy praat!

"Wel, ek het vandag vir julle goeie nuus, want ek ken hierdie onbekende God, en dit is juis Hóm van wie ek julle wil vertel."

Nou is almal die ene ore, want hulle het al baie gewonder oor hierdie onbekende God. Dan begin Paulus verduidelik dat Hy die Here van hemel en aarde is, die Een wat alles gemaak het. In 'n lang, ingewikkelde relaas vertel hy vir hulle van Jesus, en dat Hy gesterf het en weer uit die dood opgestaan het.

Hierdie was egter een te veel vir hierdie mense. Dat iemand uit die dood kon opstaan, is tog mos onmoontlik! Hulle lag hom uit oor hierdie sinnelose opmerking. "Ons sal jou weer later hieroor wil hoor!" spot hulle hom terwyl hulle huistoe loop.

En so draai Paulus weereens onverrigtersake om. Maar alles is nie puur verniet nie, want daar is tóg 'n klompie mense wat agter hom aanloop, een van hulle 'n man met die naam Dionisius. Hy beklee 'n baie belangrike posisie in die stad as lid van die beroemde Areopagus raad.

As gelowige wat ernstig is om die Evangelie uit te dra, raak jy dikwels moedeloos wanneer dit lyk asof jou woorde net die hele tyd op dowe ore val. Jy probeer só hard, maar jy sien net eenvoudig nie resultate nie. En dan voel jy dalk dat jy dit maar sal opgee vir 'n slegte saak. Moenie moed verloor nie! Hou aan! Al lyk dit dalk vir jou asof niks gebeur nie, die Here werk op ander maniere as wat jy dink. En soms word daar vir jou op die mees onverwagte tyd en plek wonderlike deure oopgemaak, wat jou na jou asem laat snak.

Al wat die Here van jou en my vra is om gehoorsaam te wees en om met volle oorgawe te doen wat ons hand vind om te doen. Hy sal voorsien en Hy sal die res doen!

Gebed:

Here, maak my gewillig om met volle oorgawe te doen wat U van my vra, al lyk dit soms vir my hopeloos.



## Akwila en Priscilla

## Handelinge 18:1-6

Akwila en sy dierbare vrou Priscilla is twee baie bekommerde mense. Dinge is nie lekker hier in Rome nie. Akwila is 'n tentmaker. Die enigste dinge in die lewe wat werklik vir hom saakmaak is sy liewe vrou wat vir hom só baie beteken in die lewe, en sy ambag om tente te maak. Met groot trots het hy dit in sy geboortestad Pontus van sy pa geleer, en elke tent wat hy maak is 'n meesterstuk. Maar die belangrikste natuurlik is die uitleef van sy Godsdiens. As toegewyde Jood, aanbid hy die Here met alles binne in hom, en hy probeer om die wet so nougeset moontlik na te kom. Maar hier in die hedendaagse “Sodom en Gomorra”, Rome, is dit maar bitter moeilik. En die omgesukkelde Keiser Claudius maak dit ook nie juis makliker vir die Jode nie, hy haat hulle!

En dan kom die skokkende bevel op 'n dag: Alle Jode moet Rome met onmiddellike effek verlaat. Akwila het geweet dat Claudius nie van die Jode hou nie, maar hy het nooit besef hoe groot hierdie haat werklik is nie. Inderhaas moet hy en Priscilla hulle goedjies inpak en vlug vir hulle lewens. Maar waarheen? Dan besluit hulle op Korinte, 'n stad in Griekeland. En dáár gaan vestig die toegewyde paartjie hulleself. Hy bekom 'n werkswinkeltjie en baie gou verwerf hy weer vir hom die naam van uitmuntende tentmaker.

Paulus is moedeloos wanneer hy Atene verlaat. Daar kon hy


Gaan Na Inhoud

dit nie eers regkry om 'n gemeente te stig nie. Die klein handjievol gelowiges wat hy daar agterlaat, kan beslis nie 'n gemeente genoem word nie. Hy kies koers na die buurstad, Korinte. Gaan hy hier dieselfde houding aantref?

Met sy aankoms in die stad, stap Paulus deur die strate. Hy moet 'n blyplek kry! Maar daar is 'n ander ding wat ook dringend aandag nodig het: sy finansies! Hy sal baie gou plan moet maak om fondse te kry.

En dan gebeur dit: Paulus kan sy oë nie glo as hy by 'n werkswinkeltjie verbyloop, en hy sien daar 'n man besig om tente te maak. En boonop is die man 'n Jood! Met 'n groot glimlag storm Paulus op hom af en stel homself voor. Die man se naam is Akwila. Paulus vertel met trots vir Akwila dat hy ook 'n tentmaker van beroep is.

Akwila is in die wolke: “Sou jy nie dalk belangstel om by my te kom aansluit nie? Ek het hóéka te veel werk, en ek kan beslis doen met iemand om my te help! Waar is jy tuis?”

Wanneer Paulus vertel dat hy so pas hier aangekom het, en dat hy juis nou op soek is na huisvesting, skop Akwila se ingebore gasvryheid sommer dadelik in: “Ag nee, jy hoef nie verder te soek nie. Hier is baie plek in ons huis, jy kan sommer by my en Priscilla intrek. Dan is jy mos sommer hier vir jou werk ook!” Paulus laat hom nie tweekeer nooi nie! Weereens voorsien die Here op presies die regte tyd en plek!

Die Sabbat breek aan, en soos die gewoonte is van elke

toegewyde Jood, stap die twee manne na die naaste sinagoge om daar te gaan aanbid. Paulus tref daar 'n goeie klompie Jode aan, maar daar is ook 'n aantal Godvresende Grieke. Akwila stel hom voor aan die manne, en Paulus word genooi om 'n woordjie te spreek.

Nou is Paulus in sy element, en hy gryp die geleentheid met albei hande aan. Met volle oorgawe vertel hy hulle van die Verlosser, Jesus. Maar die manne is baie skepties, en moedeloos stap Paulus laat daardie aand saam met Akwila huistoe. Dit is asof die mense proppe in hulle ore het! Hulle wil maar net eenvoudig nie aanvaar dat sy boodskap die waarheid is nie. Hy het dan só mooi vir hulle probeer verduidelik uit die Skrif hoedat die profete alles voorspel het, en dat alles presies gebeur het soos wat voorspel is. Maar hierdie Jode wil net eenvoudig nie verstaan nie.

“Here, ek het vir liewe ou Silas en Timoteus só bitter nodig om my te help! Wanneer gaan hulle tog eendag kom uit Berea?” Paulus se gebed word verhoor, en 'n paar dae later kom klop Silas en die jong Timoteus aan sy deur. Paulus is in die sewende hemel! Hy is só bly dat die twee hier is. Die afgelope ruk het sy prediking maar droewige resultate gehad, miskien sal hulle kan help dat daar iets gebeur!

Met volle oorgawe preek die drie manne in die sinagoges, en probeer met alles in hulle om die Jode te oortuig dat Jesus waarlik die Christus is. Maar dis alles verniet. Paulus en sy span is moedeloos: “Wat kan ons meer doen? Jy kan 'n perd tot by die water lei, maar jy kan hom beslis nie máák drink

nie!” Dan neem Paulus 'n besluit: “As hulle die Evangelie wil bly verwerp, dan is dit hulle saak! Ek gee op met hierdie weerbarstige Jode!”

Nog een laaste keer probeer hy die Jode oortuig tydens 'n Sabbat, maar dan staan hy uiteindelik op: “As julle verlore gaan, is dit julle eie skuld!” sê hy verontwaardig, terwyl hy vinger wys na hulle. “Ek aanvaar nie verder verantwoordelikheid vir julle nie, van nou af werk ek onder die heidene!” En daarmee stap hy uit.

Jy kan die Evangelie net tot só ver met iemand deel. As hy dit bly verwerp, dan moet jy liewer jou energie gebruik om die te deel met iemand wat dit sal waardeer. Moenie skuldig voel daaroor nie, jy het jou deel gedoen!

Gebed:

Here, my gebed gaan uit aan almal met wie ek reeds die Evangelie gedeel het, maar wat dit verwerp het. Heilige Gees, werk asseblief in daardie harte!



Gaan Na Inhoud



# Paulus wil 'n Brief Skryf

## Handelinge 18:7-11; Galasiërs 1:1-3

Paulus en sy twee medewerkers se moraal is maar baie laag, want niks wat hulle doen lewer resultate nie. En dit is veral die feit dat die Jode hulle boodskap verwerp, wat hulle so hartseer maak.

Maar net wanneer hulle begin dink dat alles puur verniet was, kom 'n Griek met die naam Titius Justus na hulle, en hy bied aan dat hulle sy huis kan gebruik as bymekaarkomplek vir die gelowiges. Sy huis is egter reg langs die sinagoge. En nou ontstaan die interessante situasie dat die "kerk" en die sinagoge reg langs mekaar is! En spoedig is hier 'n lewenskragtige huiskerk.

Maar dis nie ál nie, die hoof van die sinagoge, Krispus kom tot geloof in Jesus, en sy hele huisgesin volg in sy spore. Jy kan jou natuurlik indink hoe woedend die Jode hieroor was! Wie sou óóit kon droom dat die hoof van die sinagoge 'n Christen sou word.

Dalk moet ons eers hier 'n netelige sakie regstel: as ons praat van die "kerk" langs die sinagoge, dan is dit eintlik 'n totale wanpersepsie. Die kerk is nie 'n gebou nie, die **gelowiges** is die kerk. Ons kan so maklik in die slaggat trap om groot geld te spandeer aan onderhoud en mooimaak van ons kerkgebou, en dan die éintlike kerk, die mense af te skeep. Ons durf ook nie die kerkgebou as “heilig” te sien nie, dit is slegs 'n bymekaarkomplek vir die gelowiges.


Gaan Na Inhoud

Na Krispus se bekering, begin dinge gebeur, en talle mense in Korinte kom tot geloof. En skielik sit hierdie manne met hope werk op hulle hande. Die gemeente groei met rasse skrede, sodat Paulus-hulle besluit dat hulle nie maar net 'n week of twee hier sal kan bly nie. Terwyl die mense ontvanklik is vir die boodskap, moet hulle so lank moontlik hier vertoef. En uiteindelik word die weke maande, en die kerk groei en bars uit sy nate!

Een nag skrik Paulus wakker. Helder en duidelik hoor hy die Stem van die Here in 'n visioen: "Moenie bang wees nie Paulus; hou net aan met preek en moenie stilbly nie, want Ek is by jou. Niemand sal jou aanval of jou kwaad aandoen nie, want in hierdie stad behoort baie mense aan My."

Paulus is só opgewonde oor hierdie wonderlike visioen, dat hy nie kan wág om dit met sy vriende te deel nie. Uiteindelik, na baie angs en pyniging en selfs die tronk, is daar nou oorvloedige vrug op hulle arbeid. En boonop het die Here dit vir hom bevestig. "Ons bly nét hier totdat die Here ons elders heen stuur!" besluit hy.

Vrugbare maande gaan verby, en Paulus begin wonder hoe dit gaan met die gemeentes wat hulle oor die jare gestig het. Dit is veral die gemeentes in Galasië wat hom bekommer. Kom hulle ooit die mas op? Hy het gerugte gehoor van mense wat daar dwaalleringe verkondig. Hy begin wonder of hy nie dalk 'n besoek moet bring aan die gemeentes nie? Maar dit sou maande se reis beteken, en die werk hou hom hier só vas dat hy gladnie 'n geleentheid vorentoe kan insien


Gaan Na Inhoud

nie. Hy deel sy hunkering en sy kommer met die ander twee. En dan besluit hy: "As ek hulle nie kan besoek nie, dan skryf ek aan hulle 'n brief!" En almal stem saam.

Vir dae tob Paulus oor hierdie brief. Hoe begin hy dit? En wat skryf hy vir hulle? Maar daar is ook 'n ander probleem: sy oë. Van daardie dag toe hy die ontmoeting met Jesus gehad het op pad na Damaskus, sukkel hy om behoorlik te kan sien. En dit maak dit vir hom baie moeilik om te skryf.

Die manne kom baie gou met 'n oplossing: "Ons kry 'n sekretaris om die skryfwerk te doen. Hier is sékerlik iemand in die gemeente wat maar té gewillig sal wees om vir jou 'n briefie te skryf!"

Nou het Paulus meer rustigheid oor die brief, en hy begin beplan wat hy alles vir die gemeentes wil sê. En daar is só baie dinge wat hy met hulle wil deel. Die probleem is egter dat hierdie gemeentes ook so uiteenlopend is. Die brief moet gaan aan ál die gemeentes in Antiogië, Ikonium, Listre en Derbe. Dalk moet hy die boodskap vir hulle deurgee dat jy nie jou verlossing kan of moet verdien, soos sommige dwaalleraars daar die mense probeer verwar nie. God gee dit gratis vir ons uit genade alleen, nét omdat Hy dit wíl gee!

Paulus glimlag: "Beteken dit dat jy dan maar kan doen wat jy wil? Dis mos wat sommige mense dink! Nee, beslis nie, ons hoef nou wel nie krampagtig goeie dinge te doen om by God se genade uit te kom nie, want God gee dit vir ons. Maar dan moet ons uit dankbaarheid lewe soos God dit wil

hê. En die wonderlike is dat God die Heilige Gees gee aan elkeen wat glo, om hom hiermee te help. Ja, dít is die gedagte wat ek by hulle moet tuisbring!"

'n Paar dae later sit Paulus se sekretaris gereed met sy gansveer en ink. "Skryf,” begin hy dikteer. “Van Paulus, 'n apostel, en van al die broers wat by my is, aan die gemeentes in Galasië." Maar dan bedink Paulus hom: “Nee wag eers, ons moet iets daar invoeg. Ek moet mos sê waarom ek myself 'n apostel noem.........”

En só begin 'n totale nuwe bediening, die eerste van talle briewe, wat nie net deur die gemeentes aan wie dit geadresseer is, gelees sal word nie, maar deur baie miljoene mense oor die volgende 2000 jaar.

Gebed:

Dankie vir die wonderlike brieweskat van Paulus, Here.



**Paulus is Omgekrap!**

**Galasiërs 1:1-10**

"Aan die gemeentes in Galasië. Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus," begin Paulus dikteer terwyl hy ongeduldig op en af in die vertrek stap. Die sekretaris se gansveer-pen "grts, grts" soos hy pynlik netjies die woorde op die perkament neerpen. Dit gee Paulus baie kans om sy woorde mooi te kies. Paulus is maar ál te bewus dat die Heilige Gees die regte woorde in sy gedagtes plaas, want hy het mos vir die Here gevra om hom te sê presies wat hy moet skryf.

Paulus wil reg aan die begin doodseker maak dat die lesers baie mooi sal verstaan wat die kern van die Evangelie is, daarná kan hy die ander sake ophaal. Daarom dikteer hy verder: "Christus het Homself vir ons sondes gegee om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld om so die wil van God ons Vader te volbring."

Hierdie is immers waaroor die Evangelie gaan. Daar is géén ander Weg nie. Hy kan nie verstaan waarom die mense hulle laat mislei het nie.

Paulus is nie ‘n gelukkige man nie. Nee, eintlik is dit baie lig gestel, want hy wat Paulus is, is hewig ontsteld as hy hierdie brief dikteer. Hy is deeglik daarvan bewus dat die regte manier is om eers ‘n danksegging te skryf direk na die aanhef, maar hy besluit om dit oor te slaan, want daar is niks in Galasië aan die gang waarvoor hy God kan dank nie!


Gaan Na Inhoud

Boonop wil hy so gou moontlik by die probleem uitkom: “Dit verbaas my dat julle so gou afvallig word”.

Paulus is ontsteld, want hy het berig ontvang dat die mense besig is om te swig voor ‘n dwaalleer, en dat hulle daardeur besig is om die verlossing wat God verniet gegee het, weg te klap! Hulle is besig om agter mense aan te dryf wat ‘n vals Evangelie verkondig deur die Evangelie te verdraai! Hierdie gladdebek predikers verwar die mense. God se kosbare genade is aangetas. Die hart van die Evangelie is gegryp en bloedig uitgeruk!

Wat Paulus hier so hewig ontstel, is dat die mense wat in hierdie gemeentes preek, dinge verkondig wat die diepste fondament van die Evangelie - God se genade deur Jesus Christus - aantas en ondergrawe. Paulus is só ernstig oor hierdie saak dat hy ‘n dubbele vloek uitspreek oor enigiemand wat iets anders verkondig as die ware Evangelie: “Die vloek van God sal hom tref!” dikteer Paulus twee keer.

Dit is baie belangrik dat ‘n mens moet begryp dat God se seën ook ‘n ander kant het: wie God se genade en seën verwerp, bring oor homself ‘n vloek. Dit is ook belangrik om op te let dat Paulus hierdie vloek oor almal uitspreek, homself ingesluit, as daardie persoon ‘n vals leer sou verkondig. God se boodskap is altyd belangriker as die boodskapper, maak nie saak wie hierdie boodskapper is nie. Selfs ‘n professor aan die universiteit se teologiese skool sal nie daardie vloek vryspring nie!


Gaan Na Inhoud

Terloops, hierdie het niks te make met die sogenaamde “bloedlynvloeke” waaroor mense so gaande is nie. Wees verseker: as jy dalk daarmee gekonfronteer word: dit is suiwer snert!

Wat vandag belangrik is, is om te kan weet wie die vals boodskappers is, en hulle dwaalleer te kan onderskei. Die Godslasterlike dinge wat die sogenaamde Nuwe Hervormers kwytraak, laat jou hare regop staan. ‘n Ander groep vals leraars wat besig is om baie veld te wen is die Jehovah’s Getuies, wat die Godheid van Jesus en die Heilige Gees vertrap. Dan is daar New Age, Christian Scientology en ‘n hele boel ander wat ‘n “alternatiewe Evangelie” verkondig.

Paulus stel dit baie duidelik: “Daar is geen ander Evangelie nie!” (Gal. 1:7)

Maar dan besef Paulus dat dit dalk mag klink asof hy uit die hoogte met die mense praat omdat hy dalk 'n trappie hoër gestyg het in die lewe as hulle. Daardie gedagte moet hy stuit voordat iemand dalk 'n vinger kan wys. Dus voeg hy baie vinnig by: “Hoe klink dit vir julle? Wil ek in mense se goeie boekies kom? Of wil ek God tevrede stel? Probeer ek mense gelukkig maak? As ek nog steeds mense gelukkig wil maak, dan is ek nie 'n dienskneg van Christus nie.” (v. 10 NLV)

Ons durf nooit uit 'n verhewe posisie die Evangelie probeer oordra nie, so asof ons reeds daar aangekom het, en die arme ongelowige het 'n ver pad om te gaan voordat hy by my sal

uitkom. Weereens moet ons baie deeglik besef dat dit slegs suiwer genade is dat ons is waar ons is. Paulus het die beste Godsgeleerdheid gehad wat geld kon koop. Maar hy was steeds totaal verlore totdat Jesus hom daar op die Damaskuspad kom red het.

Op dieselfde wyse kan ek ook die belangrikste teoloog wees, maar as ek nie in 'n verhouding staan met Jesus nie, dan is ek verlore. Dit is 'n wonderlike genade om in daardie verhouding met Hom te mag lewe. Ek moet myself elke dag knyp om séker te maak dat ek nie dalk droom nie, want ek het absoluut niks gedoen om sulke genade te kon verdien nie. Ja, ek probeer baie hard om reg te lewe (soms!) maar ek faal dikwels. En dit maak God se genade oor my nog meer onbegryplik.

Gebed:

Here, ek bely vanoggend weereens dat U die enigste Weg is, en dat U die Een is wat my uit die poel van verderf gered het, suiwer uit genade. Dankie Here!



Gaan Na Inhoud



## Slegs Jesus……

## Galasiërs 1:11-2:16

Paulus dikteer voort, en die arme sekretaris moet net skrýf om by te bly, want nou tel Paulus stoom op: “Dit moet julle goed besef, broers: die evangelie wat ek verkondig, is nie deur 'n mens uitgedink nie. Ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of by 'n mens geleer nie. Inteendeel, Jesus Christus het dit in 'n openbaring aan my gegee.”

Nou flits Paulus se gedagtes weer terug na daardie dag naby Damaskus. Helder sien hy weer elke klein detail, hoor hy weer elke woord wat Jesus vir hom gesê het, voel hy weer die onmenslike pyn in sy oë. Instinktief begin sy oë sommer traan.

Paulus voel dat dit noodsaaklik is dat die lesers sal weet waar hy vandaan kom. Dis nou nie sommer net om hom 'n bietjie beter te leer ken nie, maar om te verduidelik waarom die Evangelie wat hy verkondig waar en reg is. Die mense wat dinge in die gemeentes in Galasië kom omkrap het, is manne uit Jerusalem, die hoofsetel van die Christelike kerk, wat wou kom vertel dat Paulus nie 'n apostel is nie, en dat hy nonsens praat. Hy het glo nie werklik gesag om die evangelie te verkondig nie en hy staan eintlik onder die gesag van die apostels. Die mense van Galasië moet teruggaan na die wet en tradisies van Moses, soos wat ál die Jode dit al die jare onderhou het.

“Julle het immers gehoor hoe ek opgetree het toe ek nog die

Joodse leer aangehang het,” dikteer Paulus verder. “Ek het die kerk vervolg! Ek het dit probeer uitroei! Ek was fanaties om die wet ten volle uit te leef, en dit op alle Jode af te dwing, selfs die Christene!”

Maar dan kry Paulus 'n glimlag terwyl die sekretaris skryf dat die biesies bewe. Hy dink aan God se groot genade oor hom, en dat die Here hom al voor sy geboorte vir Hom uitgekies het om Sy kind te wees en die Evangelie aan heidennasies te gaan verkondig. Trane van dankbaarheid stroom oor Paulus se wange as hy terugdink aan hoe wreed hy die gelowiges vervolg het, maar dat die Here ten spyte daarvan hom steeds wou gebruik in Sy diens.

“Dalk moet ek vir hulle sê dat ek oorspronklik nooit eers die ander apostels ontmoet het nie, buiten vir Petrus en Jesus se broer Jakobus,” dink Paulus. Hy het vir twee weke by Petrus gebly, en dit was vir hom 'n wonderlike leerskool, want hierdie fenominale man het in daardie tyd so baie kennis met hom gedeel, nie teologiese kennis nie, maar sy ondervindinge saam met Jesus!

Dit was eers veertien jaar later wat hy die geleentheid gehad het om die res van die manne te ontmoet, toe hy en Barnabas na Jerusalem toe moes gaan vir daardie groot kerkvergadering.

Paulus raak sommer opnuut weer vererg oor die dinge wat daar op die vergadering gesê is. Van daardie stoere ou Jode wou van voor af weer van hulle slawe van die wet maak.

Dankie tog, dat die waarheid van die Evangelie geseëvier het! Hoe heerlik was dit nie toe Petrus hom die hand gegee het as teken dat hulle medewerkers is vir die Evangelie! Paulus en Barnabas sou in die vervolg op die heidene konsentreer, terwyl Petrus-hulle die Jode sou bearbei.

Maar toe kom versuur hierdie samewerkingsooreenkoms 'n ruk later, toe Petrus 'n slag in Antiogië by hulle kom kuier het. Aanvanklik het dit baie goed gegaan, en Petrus het heerlik met die heidene gemeng en alles saam gedoen, selfs saam geëet. Maar toe kom daar weer 'n paar van Jakobus se mense uit Jerusalem aan. En Petrus draai nét daar om en hy word weer 'n rasegte Jood. Neus-in-die-lug wil hy nie eers meng met die ander nie, en hy onttrek hom totaal. Hy was vrek bang dat die manne uit Jerusalem hom dalk sou verwerp. En daar beïnvloed hy toe selfs vir ou Barnabas!

Paulus was tot in sy siel geskok oor Petrus se huigelary. Hy móés hom net eenvoudig daaroor voor stok kry, voordat hy te veel skade aanrig in die gemeente! Daardie dag het hy baie hard met Petrus gepraat oor hierdie netelige saak. Dankie tóg dat Petrus tot besinning gekom het!

"Miskien moet ek tóg vir die gemeentes skryf van hierdie insident," dink Paulus, "want dit bevestig dat hierdie dwaalleraars hulle verkeerde dinge probeer wysmaak."

Paulus dink 'n bietjie ná: Hy moet dit ook vir die Galasiërs onomwonde stel, dat hy wél 'n Jood is van geboorte, en dus deel van God se volk, maar dat dit hom steeds niks gehelp

het nie. Jy kan tog nie die vryspraak kry deur die wet van Moses te onderhou nie! Daar is slegs één manier om vryspraak te kry, en dit is om in Jesus Christus te glo. Die wet kan vir niemand vryspraak gee nie! Dit moet die mense baie duidelik verstaan (Gal 2:15-16).

Ons wil amper vandag vra of hierdie dinge dan nog steeds relevant is? Ons leef nie meer in 'n Joodse agtergrond nie? Inderdaad! Daar is steeds vandag baie “kerkmense” wat dink dat hulle die vryspraak kan verwerf deur die regte dinge te doen, soos Bybel lees, bid, kerk toe gaan ens. Al is hierdie baie edel dinge, en noodsaaklik vir die gelowige se lewe, kan dit jou nie in die hemel bring nie. Slegs geloof in Jesus kan! Glo jy? Het jy 'n verhouding met Jesus?

Gebed:

Here, dankie vir U groot genade, dat U my ook gered het deur U Seun, Jesus Christus.



## Paulus Voor die Hof Gesleep

## Galasiërs 6:11-18; Handelinge 18:12-18

Paulus se sekretaris het dalk gedink dat hierdie sommer 'n gewone ou briefie sou wees wat binne 'n uur of twee klaar geskryf sou wees, maar hy het hom gruwelik misgis met Paulus. Dag-vir-dag moet hy sit en skryf totdat sy hand naderhand lam word. En daar is net géén einde aan Paulus nie. Hy stoomroller voort tot donker elke aand, en dan gaan preek hy eers vir die gelowiges.

Na 'n volle week se harde werk, besluit Paulus dat hy nou sy hart uitgepraat het. “Gee vir my,” vra hy die sekretaris, en beduie na die perkament. “Ek wil baie graag persoonlik die slot skryf.”

Paulus sukkel om te fokus as hy die gansveer neem: “Van hier af skryf ek sélf met my eie hand,” begin hy pynlik stadig skryf. Nou begin hy eers werklik besef van watter onskatbare waarde hierdie sekretaris vir hom was. “Kyk net die groot letters!” lag hy. Vir een laaste keer plaas hy die stempel op sy dringende betoog dat die mense wat daarop aandring dat die gelowiges besny moet word, dit slegs doen om 'n indruk te maak, en nie ter wille van Jesus nie. Die besnydenis kan géén verskil aan jou geloof maak nie!

Dan sluit hy die brief af: “Die genade van ons Here Jesus Christus sal by julle gees wees, broers! Amen!”

Paulus gee 'n groot sug van verligting dat die lywige brief uiteindelik klaar is. Nou moet dit verseël word, en dan moet

hy iemand kry wat bereid sal wees om die lang reis aan te pak om die brief te gaan aflewer in Antiogië. En wanneer die gemeente dit daar klaar gelees en behoorlik deurgewerk het, dan moet dit na die volgende gemeente geneem word, totdat almal dit uiteindelik onder oë gehad het. Elke gemeente moet maar sélf iemand kry om dit vir hulle oor te skryf, sodat daar 'n afskrif daarvan in elke gemeente sal wees. Sodoende kan hulle gedurig herkou aan die waarhede daarin opgeteken.

Daar val 'n swaar las van Paulus se skouers af. Nou kan hy sy volle aandag aan die gemeente in Korinte gee.

Maar hier in Korinte is dinge nie baie lekker nie. Dit is die jaar 51nC, en Keiser Claudius het so pas vir Gallio aangestel as goewerneur in Korinte. Die beswaarde Jode besluit dat hierdie nou hulle kans is om Paulus by te kom. Met die vorige goewerneur kon hulle nie juis iets regkry nie. Hulle span saam, en dan reël hulle 'n opstand, en hulle sleep vir Paulus voor die hof. "Hierdie man probeer die mense beïnvloed om God te dien op 'n manier wat in stryd is met ons Joodse wette!" kla hulle teenoor die goewerneur.

Paulus is dadelik gereed om homself te verdedig, want hierdie aanklag is onregverdig. Maar hy word nie die kans gegun nie, want voordat hy nog kan praat snou Gallio die Jode toe: "Julle mors my tyd! As dit gegaan het oor 'n onreg of 'n misdaad, dan was dit my plig om na julle te luister. Maar hierdie is net 'n geredekawel oor woorde en name en julle eie wette. Julle moet hieroor maar sélf beslis! Oor sulke

dinge wil ek nie regter wees nie!” En daarmee jaag hy die hele spul uit sy hof uit!

Die Jode is woedend! Iemand moet die skuld kry vir die gemors, en die ongelukkige Sostenes, die hoof van die sinagoge is die een wat dit moet ontgeld. Nét daar, reg voor die regbank van Goewerneur Gallio rand hulle die arme man aan. As dit nie so tragies was nie, was dit eintlik 'n komieklike situasie!

Nou ontstaan daar skielik 'n totaal nuwe situasie, want vir die eerste keer sedert Paulus sy bediening begin het, is die Jode wat hom al die jare soveel gas gegee het, se monde gesnoer. Hulle durf nie boe of ba sê nie, want dan is hulle in die sop by die goewerneur. En só gebruik die Here hierdie man, wat eintlik 'n ongelowige heiden is om vir Paulus en sy medewerkers die vryheid te gee om die Evangelie ongestoord te kan verkondig.

Die gevolg van dit alles is dat Paulus-hulle vir 'n volle agtien maande rustig in Korinte kan werk sonder enige vrees van vervolging.

Is dit nie wonderlik nie, hoedat die Here in Sy almag enige situasie en enige persoon kan gebruik om Sy wil tot uitvoer te bring. Dit kan selfs 'n ongelowige, of selfs 'n ateïs wees.

Maar elke goeie ding kom die een of ander tyd tot 'n einde. Op 'n dag begin Paulus besef dat sy werk hier in Korinte nou omtrent afgehandel is. Hy deel sy gevoelens met sy twee goeie vriende, Akwila en Priscilla: "Die tyd het aangebreek

dat ek weer 'n slag 'n draai moet gaan maak in Antiogië in Sirië."

Akwila en Priscilla het vir geruime tyd al daaroor gepraat om na Efese te verhuis. Omdat Paulus juis by Efese moet aangaan op sy reis na Antiogië, besluit die twee dat dit nou die ideale geleentheid is, en dat hulle dan sommer saam met Paulus tot in Efese sal gaan. Paulus is ingenome met die gedagte, en dadelik begin hulle die nodige reëlings tref.

Die afskeid in Korinte is baie groot. Paulus het diep in die harte gekruip van hierdie gemeente in die jaar-en-'n-half wat hy daar gewerk het. Hy en sy reisgenote vertrek na die hawestad Kenchree waar hulle aan boord van 'n skip sal gaan.

Gebed:

Here, dankie dat U wil geskied ten spyte van mense se teenstand.



## Apollos

## Handelinge 18:18-28

Na 'n lang en emosionele gegroetery, vertrek Paulus, Akwila en Priscilla na die hawestad Kenchree. Wanneer hulle daar aankom, het Paulus 'n versoek: "Akwila, my broer, ek wil jou 'n guns vra: skeer asseblief my hare af."

Akwila verstaan nie mooi nie: "Waarvoor?"

"Ek het 'n gelofte aan die Here gemaak, dat ek sal aanhou om die Evangelie te verkondig aan die heidennasies tot die dag wat ek my hoof neerlê. Ek het my hare laat groei om my daaraan te herinner. En nou wil ek alles afskeer om die gelofte te bevestig. Ja, ek weet dat die tradisie is dat dit slegs in Jerusalem kan gebeur, maar jy weet mos dat ek my nie meer juis aan tradisies steur nie!"

En so vertrek Paulus-hulle die volgende dag per skip na Efese, Paulus met 'n skoongeskeerde kop. Vir Akwila en sy dierbare wederhelf Priscilla wag daar oorkant die Egeïese see 'n splinternuwe lewe.

Terwyl die twee hulleself vestig in hulle nuwe stad, gaan soek Paulus eers 'n sinagoge op.

Efese is die belangrikste handelstad, en ook die hoofstad van Asië. Dit is baie strategies geleë op die groot handelsroete tussen Rome en die Ooste, dus gaan hier baie voete deur. "As hier darem 'n brandende gemeente kan wees, kan dit die Evangelie dwarsoor die wêreld versprei!" dink Paulus. "Miskien moet ek weer later hierheen kom."

Hy kan egter nie nou lank in Efese bly nie, dus moet hy die beste van die saak maak. Teen alle verwagtinge in, is die Jode in die sinagoge maar te bly om vir Paulus te sien, want hier kom nou nie juis baie Jode van elders in die stad nie, en dadelik raak hulle aan die gesels. Die Jode hang aan Paulus se lippe, hierdie man wéét waarvan hy praat!

Té gou is die tyd egter om, en Paulus moet vertrek. Die Jode smeek hom om asseblief nog langer aan te bly, maar Paulus se skip gaan binnekort uit die hawe vaar, en hy durf hom nie mis nie. “Ek belowe dat ek weer na julle toe terug sal kom, as dit God se wil is.” troos Paulus, en dan moet hy hom haas om betyds by die skip te kom.

Sy reis na Antiogië neem hom met 'n groot ompad. Eers vaar hulle reguit na Sesarea, waar hy aan wal gaan. Dan stap Paulus die lang ent pad na Jerusalem, want hy wil eers die gemeente in Jerusalem gaan groet. Daarvandaan stap hy die lang, vermoeiende ent pad na sy ou tuisgemeente, Antiogië, waar hy hartlik met groot vreugde ontvang word. Nagte deur moet Paulus vertel wat hulle alles deurgemaak het, en die gemeente sit oopmond en luister na al sy wonderlike ervaringe.

Paulus geniet die tydjie in Antiogië, want skielik is al die druk van hom af, en kan hy maar net 'n “gewone” lidmaat wees sonder 'n swaar vrag verantwoordelikheid op sy skouers. Maar baie gou is Paulus verveeld, en is die verlange na die sendingveld nét te groot. Hy wil gaan kyk hoe dinge in Galasië gaan, en dan is daar Efese wat vir hom wink. Hy

brand om sy tande in daardie woelige stad te kan inslaan! En nou het daar juis berigte gekom van 'n man wat daar begin het om die Evangelie te verkondig, 'n bekeerde Jood met die naam Apollos.

Akwila het vir Paulus laat weet van hierdie begaafde man wat preek dat die biesies bewe! Akwila skryf vir hom dat Apollos 'n deeglike kennis van die Skrif het, maar hy het blykbaar nog nooit gehoor van sake soos byvoorbeeld die doop nie. Toe het Akwila en Priscilla hom op 'n dag gaan haal en mooi vir hom alles verduidelik. Die twee mense het vir Apollos behoorlike onderrig gegee in die Evangelie. En nou preek hy éérs kragtig!

Intussen het hy vertrek na Agaje om daar in Korinte te gaan preek. Priscilla en Akwila het vir hom aanbevelingsbriewe gegee na Korinte omdat hulle die gemeente goed ken. Daar is baie groot vrug op sy werk.

Ons kan leer van hierdie toegewyde egpaar, wat dit as hulle plig beskou om te sorg dat ander gelowiges in die volle waarheid van God se raadsplan onderrig word. Ons sien ook, terloops dat albei betrokke is in hierdie onderrig. Dus is dit nie alleen die mans wat sulke dinge doen nie, maar ook die vrouens van daardie tyd. In die Joodse kultuur was dit nie toegelaat nie.

Ons as gelowiges móét by mekaar betrokke raak. Ons moet mekaar se geloof help opbou en mekaar begelei in die volle raad van God. Ons moet omgee vir mekaar op 'n praktiese

manier. Hierdie soort omgee en opbou van mekaar se geloof werk gewoonlik op sy beste in sulke goed soos selgroepe, waar die betrokkenes later 'n hegte gesin word wat dinge vryelik met mekaar deel en by mekaar leer.

Paulus is in die wolke! Nou kan hy nie langer sy werk uitstel nie, en hy vertrek na Galasië. Hy reis weereens deur sy geboortestad Tarsus, 'n plek wat vir hom baie herinneringe inhou. Een-vir-een besoek hy weer al die stede waar hy voorheen die Evangelie gaan plant het, Derbe, Listra, Ikonium, Antiogië, en dan stap hy die laaste paar honderd kilometer na Efese. Oral waar hy kom, gesels hy met die gelowiges en gee hulle geestelike versterking.

Gebed:

Here gee my asseblief die passie om intens betrokke te raak by my medegelowiges.



## Tirannus se Saal
## Handelinge 19:1-10

Wanneer Paulus in die groot stad Efese aankom, gaan soek hy sy twee goeie vriende, Priscilla en Akwila op. Sommer dadelik word hy genooi om by hulle te kom bly vir so lank as wat hy in Efese is. En natuurlik kan hy en Akwila mos lekker saam werk om tente te maak! Hy vra uit oor Apollos, en dan vertel hulle hom van hierdie wonderlike charismatiese prediker. “Maar op die oomblik is hy nog in Korinte. Die berigte wat ons ontvang, is dat hy veral onder die Jode daar baie vrug op sy arbeid het.”

Paulus is die volgende dag na die sinagoge, waar hy met ope arms ontvang word. Die mense onthou nog baie goed van sy vorige besoek, en hy kan met groot vrug met hulle redeneer.

Wanneer hy 'n los tydjie het, gaan stap Paulus deur die groot stad om dit te verken. Oral probeer hy praatjies aanknoop met mense oor die Evangelie. “O ja, ons is ook gelowiges,” sê een paartjie opgewonde vir hom, en dan word hy uitgenooi om sommer dieselfde aand nog met hulle groep te kom gesels.

Daardie aand tref Paulus 'n groep aan van twaalf gelowiges bymekaar. Hulle wag in groot afwagting op hierdie prediker om iets met hulle te kom deel. Wanneer Paulus sy oë laat gaan oor die groepie, hoor hy 'n stem in sy binneste: “Vra hulle uit oor die Heilige Gees.”

“Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig

geword het?” vra hy met 'n glimlag op sy gesig. Natuurlik ontvang alle gelowiges mos die Heilige Gees!

Paulus is geskok as hy hulle antwoord hoor: “Die Heilige Gees? Het Hy dan al gekom?” Hy kan sy ore nie glo nie.

Nou begin hy wonder of hierdie mense ooit iets weet: “En die doop? Is julle al gedoop?”

“O ja,” vertel een kêrel, “Apollos het ons almal gedoop. Ons het bely dat ons sondig is, en die doop was die teken dat ons ons sondes voor God bely het en dat ons tot bekering gekom het.”

Paulus wil sy klere skeur uit frustrasie. Hierdie mense het nie eers die vaagste idee waaroor dit alles gaan nie! Daar lê vir hom groot werk voor om eers al die wanpersepsies wat hulle het tot niet te maak en dan van voor af te begin om die Evangelie vir hulle duidelik te maak. “G'n wonder dat hulle na al hierdie tyd nog steeds net twaalf is nie!” dink hy. En dan begin hy te verduidelik dat die doop wat hulle ontvang het, lankal uitgedien is. Hulle is met Johannes se doop gedoop, 'n boetedoop. Hulle moet nou die Christelike doop ontvang as teken dat Jesus hulle die verlossing gegee het. En die Heilige Gees moet deel wees van hulle lewe.

Die twaalf is hierna in die Naam van Jesus gedoop en Paulus het hulle die hande opgelê. En dan gebeur die wonderwerk: Hulle is almal vervul met die Heilige Gees! Daarna het die twaalf manne, vol van die Heilige Gees, met groot vrymoedigheid die Evangelie verkondig in Efese. Baie gou

besef Paulus: Hier is sommer baie werk!

Vir drie maande lank is hy gereeld in die sinagoge om daar met die Jode te redeneer oor die Koninkryk van God. Daar is baie Jode in die stad, en 'n goeie aantal van hulle kom tot geloof in Jesus. Maar daar is ook die hardkoppiges wat net eenvoudig nie wil verstaan nie. Uiteindelik begin hulle dit vir Paulus moeilik maak. Hulle loop en vertel allerhande stories oor hierdie nuwe Godsdiens wat Paulus verkondig, en hulle probeer om dit belaglik te maak in die openbaar.

Naderhand kan Paulus dit nie meer vat nie. Hy sal nou 'n ander plan moet maak. Hy kan dit maar net nie kleinkry dat dit altyd die Jode is wat so hardekwas is nie! Onder die heidene is daar talle wat tot geloof kom, maar die Jode bly hulleself verhard! Hy gesels met Akwila en Priscilla oor sy dilemma.

“Tirannus het 'n saal waar hy kinders oplei in retoriek. Jy weet mos dat die kuns van openbare gesprekvoering 'n groot ding is hier in Efese.”

“Ja, maar ons kan tog nie die saal gebruik terwyl hy besig is met klasse nie?”

“Paulus, het jy vergeet dat ons elke dag tussen 11-uur en 4-uur siësta het? Dan is almal besig met sy middagslapie. Ek is séker daarvan dat Tirannus nie sal omgee as ons sy saal gebruik in daardie tyd nie. Dan kan ons retoriek beoefen saam met die gelowiges!”

Paulus is in sy noppies met die idee. Hiervoor gee hy

sommer maklik sy middagslapie op! En Tirannus stem in. Nou het die gelowiges 'n permanente saal waar hulle elke middag kan bymekaarkom om diep geestelike gesprekke te voer in die tyd wanneer al die ander mense 'n middagslapie geniet.

Is ek en jy bereid om opofferings te maak vir die Here? 'n Sondagoggend is mos 'n baie lekker tyd om bietjie in te lê of te ontspan. Dan voel baie gelowiges bitter lui om die erediens te gaan bywoon en daar betrokke te raak. Dit is baie belangrik dat ons nie sonder baie goeie rede 'n erediens sal mis nie. Dit gaan nie net oor die boodskap nie, maar belangriker nog, dat ons daar saam met medegelowiges die Here verheerlik.

Gebed:

Here, maak my asseblief getrou in my diens aan U.



Gaan Na Inhoud



# 'n Brief aan die Korintiërs

## 1 Korintiërs 1:1,2

Paulus is ontsteld: hy het so pas 'n berig ontvang uit Korinte, dat dinge daar nie baie lekker is nie. Daar is gerugte van onsedelikheid, en as hierdie dinge nie in die kiem gesmoor word nie, dan kan dit dalk handuit ruk. Dan besluit Paulus om vir hulle 'n brief te skryf en hulle te waarsku oor die gevare van onsedelikheid: “Moet asseblief nie omgaan met mense wat in onsedelikheid lewe nie! Ook nie mense wat geldgierig is of afgodedienaars, kwaadpraters, dronkaards of rowers nie!” En dan word die brief aan die gemeente gestuur.

In Korinte heers daar groot ongelukkigheid oor hierdie brief, en die mense verstaan dit totaal verkeerd. Paulus wil sy hare uit sy kop trek as hy op 'n dag 'n baie stink brief terug kry van die gemeente af waarin hulle hulle misnoë te kenne gee met sy brief. Paulus wil huil! Hy gaan bekla sy lot by sy twee ou goeie maats, Priscilla en Akwila. “Jy sal maar net wéér vir hulle moet skryf en dinge regstel. Baie duidelik het hulle jou misverstaan!”

Maar nog voordat Paulus kan skryf, kom een van die handelsreisiger Cloë se mense uit Korinte by Paulus aan met nóg ontstellende nuus: Daar het nou onenigheid begin ontstaan in die gemeente, en die twee mense wat onskuldig hiervoor verantwoordelik is, is hy, Paulus en Apollos, die twee manne wat so hard gewerk het om die Evangelie daar

te vestig. Die een faksie hardloop agter Apollos aan en die ander agter Paulus. En die een wil beweer dat die een meer waarheid praat as die ander. En dan word Sefas óók nog hierby ingesleep, en 'n paar ouens sê dat hulle slegs vir Jesus najaag (1 Kor. 1:11-12).

Dit voel vir Paulus asof 'n pikswart wolk van depressie oor hom toevou. Maar dan is daar darem een ou ligpuntjie wanneer hy 'n besoek ontvang uit Korinte van drie van die gemeentelede wat met hom kom gesels oor hulle situasie (1 Kor. 16:17-18). Hulle gee hom darem 'n bietjie gemoedsrus, dat alles in Korinte nog nie verlore is nie.

En so, in die lente van die jaar 54nC begin Paulus sy derde brief aan die gemeentes skryf, die brief wat vandag bekendstaan as 1 Korintiërs. Sostenis is sy sekretaris.

"*Van Paulus, wat deur die wil van God geroep is om 'n apostel van Christus Jesus te wees, en van die broer Sostenes.*" begin hy dikteer. Sostenes wil nog protesteer dat hy mos nie die brief skryf nie, hy is maar net die sekretaris! Maar Paulus verseker hom dat elke ratjie in die horlosie ewe belangrik is. (Was daar al horlosies?)

"*Aan die gemeente van God in Korinte, wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder en geroep het om aan Hom te behoort*," dikteer hy voort. Vir 'n oomblik skok sy eie woorde hom: hoe kan hy só 'n stelling maak? Kyk net hoe gaan dit in daardie gemeente: onsedelikheid, tweestryd, selfs afgodediens! Hoe kan hy dan beweer dat God hierdie

ongehoorsame gemeente vir Hom afgesonder het?

Maar dan moet hy weer tot die besef kom dat hierdie nie sy eie woorde is nie, maar dat die Heilige Gees vir hom die woorde gee om neer te pen. Hoe onverstaanbaar dit ookal mag wees, hy moet daarby berus, want God weet soveel meer as hy, nietige mensie. Sal hy óóit kan begryp hoe groot en hoe diep en hoog en ver God se genade werklik is?

Paulus glimlag as hy by die venster uitkyk en die lentebloeisels sien wat die wêreld tooi in ‘n lieflike kleurewonder in die hawestad Efese.

Dit is ‘n sensitiewe situasie waaroor hy moet skryf, en hy wil nie die nuwe gelowiges van Korinte wegdryf van die Evangelie af deur onsensitief te skryf nie. Aan die ander kant is daar afskuwelike dinge wat besig is om te gebeur in daardie gemeente, en hy durf dit nie maar net daar laat nie. Paulus sidder by die blote gedagte aan van die berigte wat sy ore bereik het. Wat ookal die geval - daardie gemeente behoort steeds aan God!

“Wat ‘n wonderlike gedagte!” gesels Paulus met Sostenes, die sekretaris, “Is dit nie heerlik om te weet dat ons, ek en jy en óók die gemeente in Korinte vir ons Meester afgesonder is nie? Ons is heilig! Hy het ons Sélf, Persoonlik uit die sondige wêreld uitgehaal en ons heilig gemaak! En dit ten spyte van die sonde wat ons steeds elke dag doen!

Maar die dinge wat nou aangaan in Korinte het darem net te erg geword. En boonop laat baie van die gemeente hulle lei

deur daardie verfoeilike misteriekultus, gnostisisme. Dit wil ál die werk wat ons daar gedoen het probeer ongedaan maak. Kan jy glo dat hulle werklik sou dink dat jy onsterflikheid kan kry deur die een of ander inlywingsrite? Hulle wil sowaar beweer dat jy met jou liggaam kan doen nét wat jy wil, solank jy 'n geestelik verligte mens is, en bevry is van die liggaamlike. In kort beteken dit dat solank jy 'n gelowige is, maak dit nie saak hóé erg jy in sonde leef nie. Nee, dit werk nie so nie! Ons moet mos heilig lewe!"

Vandag is die gnostici steeds met ons, en selfs sommige gelowiges glo dat jy kan leef nes jy wil, solank jy in Jesus glo. Dit is baie ver verwyder van die waarheid! Kom ons leef vóluit vir Jesus!

Gebed:

Here, ek wil voluit vir U lewe. Help my asseblief om my lewe skoon en rein te hou vir U.



## Verdeeldheid

## 1 Korintiërs 1:4-17

Paulus rig die brief aan die gemeente van God in Korinte. “Ek dink jy moet vir my nog ’n sinnetjie invoeg by die aanhef. Hierdie brief gaan opslae maak, en dalk gaan baie meer mense as net die gemeentelede in Korinte dit lees.” En dan vra Paulus vir Sostenes om die volgende na die laaste sin in te skryf: “En verder aan almal, waar hulle ook al mag wees, wat die Naam aanroep van Jesus Christus, hulle Here en ons Here.”

Paulus glimlag: “Ja, ek wonder hoeveel mense ooit hierdie brief sal lees? As daar ‘n duisend of tweeduisend mense is wat hierdie brief onder oë kan kry, sal ek ‘n baie gelukkige man wees! Wie weet - dalk doen hierdie brief vir die volgende jaar of drie nog steeds sy rondtes onder gemeentes. Inderdaad kan ál die gemeentes iets leer hieruit!”

Ja, min het Paulus geweet dat hierdie brief vir die volgende tweeduisend jaar nog steeds kruis en dwars reg rondom die wêreld sou gaan, en dat baie miljoene mense dit sou lees en daaruit leer. Daardie paar duisend wat hy dalk in gedagte gehad het, het sy stoutste verwagtinge oortref! Sou hy dalk die brief anders bewoord het as hy dit geweet het? Ek twyfel!

“Kom ons sluit die aanhef af met ‘n seënwens”, sê Paulus vir sy sekretaris, “Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!” Paulus dink diep na oor sy

seënwens: “Weet jy, ek voel so jammer vir daardie arme mense wat so mislei word. Die morele verval in Korinte is skokkend, en dan is daar boonop die verskriklike verdeeldheid en selfs hofsake tussen gemeentelede. Hoe bitter nodig het hulle nie juis nóú hierdie seënwens nie. Hoe verskriklik nodig het die arme mense nie die vrede van God nie, en Sy heerlike genade. Dit is my innige gebed dat hulle dit werklik sal ervaar, en ook al die ander mense wat hierdie brief lees.”

Sostenes knik instemmend.

Nou volg die gebruiklike danksegging, en Paulus moet eers baie mooi dink of daar werklik iets is waarvoor hy kan dankie sê in die gemeente, veral na al die ontstellende berigte wat hy gekry het.

“Ons dank God altyd vir die genade wat Hy in Christus Jesus aan julle geskenk het,” begin Paulus half huiwerig. Maar hoe meer hy dink, hoe meer mooi dinge sien hy tóg, ten spyte van die lelike. Kyk, in daardie gemeente is daar 'n oorvloed van kennis van die Woord. En daar is 'n verwagting na Jesus se wederkoms. Boonop is die Boodskap van Christus goed onder hulle gevestig. Ja, inderdaad is daar baie om voor dankbaar te wees!

“In Hom het God julle in alles ryklik geseën, veral in die gawes van Woord en kennis,” dikteer Paulus voort terwyl Sostenes die skerpgemaakte gansveer laat speel oor die perkament.

Met die danksegging afgehandel, haal Paulus 'n slag diep asem. Nou kom hy by die moeilike deel: nou moet hy die probleme in die gemeente een-vir-een pak en aan die kaak stel. Die eerste groot probleem is die een van verdeeldheid wat dreig om die gemeente uitmekaar te skeur. “Ek doen 'n beroep op julle almal, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus, om eensgesind te wees.” En dan praat hy oor die onding, dat elkeen agter sy eie leraar aanhardloop. “Is Christus dan in stukke verdeel?” huil hy. Paulus troos hom aan die feit dat hy, buiten vir twee of drie mense, niemand anders in daardie gemeente gedoop het nie, want anders sou hulle dalk nog gesê het dat hulle in sý naam gedoop is!

Verdeeldheid is 'n afskuwelike ding! Ons eie gemeente is oor die afgelope klompie jare by minstens vier geleenthede so byna-byna uitmekaar geskeur, en elke keer het dit aaklige letsels gelaat, waarvan sommige vandag nog steeds nie heeltemal geheel het nie. Dit is iets wat die kerk bitterlike groot skade kan berokken.

Verdeeldheid word dikwels veroorsaak deur “edele” dinge, en persone wat onverbiddelik by hulle standpunte staan, en almal wil dwing om daarby in te val. In die proses probeer hy dan so veel moontlik mense beïnvloed om soos hy te dink.

Die probleem is dat, hoe meer mense hy oorreed, hoe sterker raak die teenstand teen sy gedagtes. En as niemand wil kopgee nie, dan het jy verdeeldheid en dalk selfs totale skeuring.

As ons maar net kan leer om mekaar in liefde te respekteer, en te weet dat mense altyd gaan verskil oor sekere dinge, dan sal daar soveel minder verdeeldheid wees. As ons maar net Jesus se liefdesgebod sal onthou, dan kan daar nie verdeeldheid wees nie. Hy het gesê dat Hy ons 'n nuwe gebod gee, dat ons mekaar (ons medegelowiges) moet liefhê. Maar verdeeldheid kweek haat, en dan is al die liefde daarmee heen!

Moeilike mense sal daar altyd in elke gemeente wees. In plaas van om so 'n persoon sommer net af te skiet, kom ons gaan sit in liefde saam met hom en luister na sy kant ook, en dan probeer ons om iewers tot 'n vergelyk te kom, al beteken dit dan nou ook dat ons die minste moet wees.

Gebed:

Here, help ons asseblief om ten alle koste verdeeldheid te vermy. Gee vir ons ware liefde en baie wysheid.



## Skewa se Seuns

## Handelinge 19:11-20

Paulus is algemeen bekend as die grootste sendeling van alle tye. Hy was 'n kookwater prediker en redenaar, en hy was die instrument om talle mense na Jesus te lei. Boonop was hy ook 'n bekwame skrywer wat talle boeke die lig laat sien het. Hierdie feite is algemeen bekend.

Dink ons egter aan wonderwerke, dan is Petrus die man wat dadelik in jou gedagtes opkom, want hy was mos die man wat die verlamde man by die tempel laat opspring en ronddans het.

Maar iets waaroor daar min geskryf is, is die wonderwerke wat deur Paulus plaasgevind het. Lukas noem net so terloops in Handelinge 19:11 dat God wonderbaarlike dinge deur Paulus gedoen het. Dikwels was hy nie eers persoonlik daar wanneer die dinge gebeur het nie. Lukas vertel byvoorbeeld dat mense doeke of voorskote na Paulus gebring het, en dat hy net daaraan moes raak. Dan is hierdie stuk materiaal na 'n sieke geneem en op hom neergesit. Dit was genoeg om sy siekte soos mis voor die son te laat verdwyn. Selfs bose geeste het die loop geneem as so 'n kledingstuk op die besete persoon gelê is.

Dit is egter baie belangrik dat ons mooi lees presies wat Lukas hier skryf. Hy stel dit duidelik dat dit God is wat die wonderwerke deur Paulus gedoen het, en nie Paulus wat hulle gedoen het nie. Hy was slegs die instrument. Ons maak

dikwels die fout om iemand op te hemel as 'n "wonderwerker". Die persoon sou al só baie mense genees het deur sy wonderlike geloof of genesende krag.

Nou wat beteken dit dan as iemand 'n spesifieke geestesgawe ontvang het? Beteken dit dan dat hy die mag het om byvoorbeeld mense te kan genees? Nee, beslis nie! Al wat dit beteken is dat die Here die persoon gebruik as 'n kanaal om Sy wonderwerke te laat gebeur. Presies dieselfde geld vir al die ander sogenaamde Geestegawes. Iemand met die gawe van prediking, word deur die Here gebruik bloot as 'n spreekbuis om Sy boodskap oor te dra.

Daar rus 'n groot verantwoordelikheid op so 'n persoon, want hy moet sorg dat daardie spreekbuis in die beste moontlike toestand is. Dit is sy plig om die boodskap suiwer oor te dra, en hy moet oefen om dit foutloos en glad voor te dra. Dit kos dus baie ure se voorbereiding om die boodskap aan mense te lewer.

Dieselfde geld vir al die ander gawes. Jy moet sorg dat jy die beste moontlike kanaal is vir die Here se werk.

Maar terug by ons verhaal. Paulus was 'n kanaal vir verskeie wonderwerke van God. En baie mense het hom begin bewonder oor hierdie dinge. Hy is gesien as 'n “heilige man” wat oor besonderse bonatuurlike magte beskik. En sy reputasie het hom ver vooruitgeloop.

In die antieke wêreld is feitlik elke onverklaarbare fisiese en veral psigiese toestande gesien as die werk en besetting van

bose geeste. En daar was mense wat dit misbruik het en opgetree het as “uitdrywers”, natuurlik teen 'n fooi. Hulle het allerhande hulpmiddels soos armbandjies, doepa en towerspreuke gebruik hiervoor. Dit is veral die Joodse bosebesweerders wat baie gewild was, want die mense het geglo dat Jode oor baie spesiale magte beskik. En dit was veral wanneer hulle die Naam van die Here gebruik het, wat hulle aansien sommer baie gestyg het!

En só daag daar toe juis 'n groep jong Joodse manne in Korinte op, sewe broers, die seuns van Skeva. Hulle maak aanspraak daarop dat hulle pa 'n hoëpriester was, en dan is almal gaande oor hulle. Hulle kom te hore van die wonderlike dinge wat Paulus doen, en dan besluit hulle dat dit maar net goed kan wees vir besigheid as hulle sy naam iewers inbring. En so begin hulle bose geeste uitdryf deur die geeste te besweer “in die Naam van Jesus wat deur Paulus verkondig word.”

En nét dáár draai die hele ding teen hulle. Hulle is nog besig om met 'n gees se gal te werk, toe kap die demoon terug: “Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?” Die arme manne skrik hulle spierwit. Maar dan begin dinge éérs lol: die besetene draai om en begin die sewe manne toetakel met bose mag. Hy slaan die kêrels pimpel en pers en skeur die klere van hulle lywe af, sodat hulle kaal en stukkend geslaan, al skreeuend uit die huis uit vlug.

'n Reuse oorwinning vir die Evangelie, want die mense wat hiervan te hore kom, word met vrees vervul, en talle mense

kom tot geloof in Jesus. Baie van hulle het die een of ander toorkuns beoefen. Hulle stroom na Paulus om die dinge te bely. En talle mense bring hulle towerboeke om verbrand te word. Die waarde van die boeke word op 50'000 silwerstukke bereken. 'n Silwerstuk is 'n dag se loon, dus beloop dit minstens 5 miljoen Rand!

Lukas skryf: “So het die Woord van die Here sy krag getoon en al hoe verder versprei.” (Hand 19:20).

Bly weg van die okkulte dinge, hoé onskuldig dit ookal mag lyk. Dinge soos die sterre voorspel, geeste oproep, glasie-glasie speel, fortuinvertellery en nog baie soortgelyke dinge word selfs deur gelowiges beoefen. Dit is die dinge van die bose, en dit is bitter gevaarlik! Vra maar vir Skeva se seuns........

Gebed:

Here, bewaar my asseblief van die bose, en gee my die wysheid om weg te bly van alle okkulte dinge.



## Opstand in Efese

## Handelinge 19:21-20:1

Na 'n baie lang brief aan die gemeente in Korinte, sê Paulus, tot groot verligting van Sostenes sy sekretaris, uiteindelik “Amen.” Intussen het hy solank vir Timoteus na Korinte gestuur om die gemoedere daar te gaan probeer kalmeer terwyl Paulus nog besig is om die brief te skryf.

Wanneer Paulus die brief wegstuur, bid hy dat dit die regte uitwerking sal hê. Ja, hy het harde dinge in die brief geskryf, maar hy het dit met groot liefde geskryf. Sy slotwoorde is immers: “Die genade van die Here Jesus sal by julle wees! My liefde is by julle almal in Christus Jesus.” Kon hy dit duideliker gestel het?

Die tyd vlieg verby in Efese. Hulle werk nou al byna drie jaar hier, en daar is asemrowende vrug op hulle arbeid. Maar Paulus het darem ook nie nét in Efese in hierdie drie jaar gewerk nie. Nee, hy het regdeur die provinsie Asië verskeie van die ander dorpe en stede in die omgewing besoek en die mense daar geleer van Jesus. Nou is hy tevrede dat hy gedoen het wat hy kon doen, en dat die tyd dalk begin aanbreek om aan te skuif. Miskien moet hy weer 'n draai gaan maak in Masedonië en al die gemeentes daar gaan besoek. Nog 'n besoek aan Jerusalem sal ook nie 'n slegte idee wees nie. En Rome, hy wil so graag in daardie bose stad sy tande inslaan. Wie weet, miskien is dit hom eendag nog beskore!



Gaan Na Inhoud

Timoteus het intussen teruggekom uit Korinte en alles vir Paulus kom vertel van wat daar aan die gang is. Dinge lyk nie goed nie, en Paulus is bitter ontsteld. Timoteus kon nie veel uitgerig kry nie. Inderhaas besluit hy om besoek te bring aan Korinte om persoonlik daar met die gemeente te gaan gesels. En so klim Paulus op die eerste beskikbare skip en vaar oor na Agaje om daar met die gemeente van Korinte te gaan gesels. Dit was 'n kort en pynlike besoek, wat Paulus liewer sal wil vergeet. Ons lees so 'n ietsie daarvan in 2 Kor. 2:1.

Wanneer Paulus uit Korinte terugkeer, skryf hy weer 'n brief aan die gemeente. Hy is bitterlik bedroef wanneer hy hierdie "tranebrief" skryf. Titus word afgevaardig om die brief in Korinte te gaan aflewer. Moontlik sal hierdie brief versoening bring!

En dan besluit Paulus dat dit tyd geword het om te begin aanskuif. Timoteus en Erastus word afgevaardig om solank vooruit te gaan om daar te gaan voorbereiding doen vir sy besoek. Dan kan hy rustig hier in Efese dinge afsluit en moontlik ook nog 'n laaste besoekie gaan bring aan al die ander gemeentes in Asië waar hy die afgelope drie jaar gewerk het.

Intussen is dinge in Efese nie baie lekker nie. 'n Sekere silwersmid met die naam Demetrius is 'n bitter ongelukkige man. Sy besigheid is besig om ten gronde te gaan, en dit is alles Paulus se skuld. Hy roep 'n vergadering uit vir al die silwersmede van die omgewing, en hy stel sy saak. Paulus se

prediking het gemaak dat mense nou nie meer hulle beeldjies wil koop nie, want hulle is dan kwansuis afgode. Die manne stem saam, hulle voer almal deesdae 'n hongerloon!

Demetrius kry dit reg om die spul góéd op te sweep, en al skreeuende en jillende storm die spul, wat teen hierdie tyd al 'n skare ander mense saamgesleep het, na die amfiteater. Nou ontaard dit in 'n volskaalse opstand.

“Ek moet met hulle gaan praat,” sê Paulus dringend vir sy mense, wanneer hulle sien wat aan die gebeur is.

“Nee Paulus, as jy dit op die amfiteater gaan waag is jy dood! Moenie gaan nie, asseblief!”

Intussen raak dinge lelik op die amfiteater. 'n Klompie Jode reken dat hulle die spul tot bedaring kan bring: hulle stoot vir Aleksander vorentoe, en hy hou sy hand in die lug om stilte te kry. So amper-amper bedaar die spul, maar wanneer hulle sien dat hy 'n Jood is, skree hulle net al harder: “Groot is Artemis van die Efesiërs!” Artemis is immers hulle god!

Uiteindelik kry die stadsklerk dit tóg na 'n groot gesukkel reg om die spul tot bedaring te bring. “Kom ons doen die ding op die regte manier,” paai hy hulle, “as ons die sakie in die hof uitsorteer, sal daar mos reg geskied.” En so gaan die woedende skare tevrede uitmekaar. Die grap is dat die helfte van hulle nie eers geweet het waaroor die hele ding gaan nie!

Moontlik was hierdie vir Paulus 'n teken dat dit tyd geword

het vir hom om te groet. Hy laat kom al die gelowiges van Efese bymekaar, en dan praat hy hulle moed in. Dinge gaan nog baie moeiliker raak vorentoe, hierdie opstand het dit gewys! Maar hulle moenie moed verloor nie, hulle moet vasbyt en volhard in die dinge wat hulle geleer is. Na 'n baie emosionele groetery van 'n gemeente wat baie diep in sy hart gekruip het, vertrek Paulus na Masedonië, waar sy "seun" Timoteus reeds op hom wag.

Ons is bekommerd wanneer ons die verskriklike dinge om ons sien gebeur, die korrupsie, haat, opstande, stakings. Wees net rustig en vertrou op die Here. Moenie dat die dinge jou onderkry nie!

Gebed:

Here, ek sien dikwels met groot angs die dinge rondom my gebeur. Gee asseblief vir my vrede in my hart hieroor, want U is steeds in beheer.



Gaan Na Inhoud

# 2 Korintiërs

## 2 Korintiërs 1:1-11

Die paar rustige dae op die skip oor die Egeïese see, doen Paulus baie goed. Met nuwe moed en ywer sit hy voet aan wal in Masedonië, waar hy met ope arms ingewag word deur Timoteus en Erastus. Hulle verseker hom dat die gemeentes almal reeds in groot afwagting sit vir sy besoek. Maar dan wag daar nóg 'n verrassing op Paulus, wanneer Titus daar opdaag! Hy het die brief in Korinte gaan afgee, en die goeie nuus is dat die gemoedere heeltemal gekalmeer het. Dit het inderdaad die uitwerking gehad wat Paulus wou kry.

Paulus is opgewonde. Sommer dáár en dan besluit hy om 'n vierde brief te skryf aan die gemeente in Korinte. Hy wil hulle bemoedig. Hulle het deur 'n moeilike tyd gegaan, en nou het hulle baie nodig om opgebou te word. “Timoteus my seun, ek het vir jou 'n takie,” roep hy die jongman nader, “ek wil hê dat jy vir my sal help om 'n brief te skryf aan die Korintiërs.”

Timoteus is sommer baie opgewonde om deel te kan wees van hierdie brief. Daar sal so 'n ietsie van homself in die brief wees, al is dit dan net sy handskrif. En so, in die jaar 55nC, vyf jaar nadat hy daardie eerste brief aan die Galasiërs geskryf het, begin Paulus sy 2 Korintiërs-brief, terwyl hy deur Masedonië reis en die gemeentes besoek.

“Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe!” dikteer Paulus nadat hy die gewone seëngroet


Gaan Na Inhoud

gedoen het. Hierdie gemeente het deur 'n baie moeilike tyd gegaan, maar die Here het hulle daar opgetel. “Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid uitkoms gee. In elke moeilikheid help Hy ons.”

Paulus wil dit vir hulle op die hart druk dat jy in alle omstandighede steeds dankbaar kan wees, selfs wanneer dit sleg gaan. Maar dan, nadat die Here jou deur moeilike tye gedra het, kan jy ook ander mense wat deur dieselfde situasie gaan bemoedig, want jy het dan mos eerstehandse ondervinding! Dus dikteer hy vir Timoteus: “Daarom kan ons weer ander help wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig.”

Anne-Marie is deur 'n dubbele slag in die lewe getref, toe haar dogter só vroegtydig deur die dood weggeneem is, en haar familie in dieselfde tyd deur 'n plaasaanval getref is. Maar Anne-Marie het besluit om nie te gaan lê nie, en om ander mense wat deur sulke dinge getref word op te beur. Deur haar ervaring kon sy alreeds 'n wonderlike troos wees vir talle mense wat deur groot hartseer getref is. Sy kon nuwe moed gee waar mense moedeloos was. Ek dank die Here diep uit my hart uit vir mense soos Anne-Marie, wat hulle beproewing omswaai in troos en bemoediging!

Dalk het jy sélf al deur groot trauma of droefheid in die lewe gegaan. Ek ken mense wat al jare nadat 'n geliefde dood is, steeds ontroosbaar treur. As jy dalk een van hulle is, neem

dan vandag nog die besluit om jou droefheid positief te verander en te gebruik om ander mense op te beur.

Paulus dikteer verder vir Timoteus: “Ons wil hê, broers, dat julle moet weet van die moeilikhede wat ons in die provinsie Asië ondervind het. Die swaar wat ons moes verduur, het ver bo ons kragte gegaan, sodat ons selfs die hoop om te bly lewe, laat vaar het. Trouens, dit het vir ons gevoel asof die doodsvonnis klaar oor ons uitgespreek is.”

Inderdaad weet Paulus alles van swaarkry! Kyk maar net hoe is hy en Silas in Filippi eers stukkend geslaan en toe in die tronk in blokke vasgeketting. En wat doen hulle? Hulle sing lofliedere. En in Listra is Paulus selfs “doodgegooi” met klippe. Dat hy daar uit die puinhoop kon opstaan en verder gaan preek, is 'n asemrowende wonderwerk, almal het gedink dat hy dood was! Buiten hierdie twee angswekkende insidente, was daar talle geleenthede waar hy moes vlug vir sy lewe, of waar opstande hom so byna-byna in die stof laat byt het.

“Dit is Hy wat ons uit so 'n groot doodsgevaar gered het en ons weer sal red,” dikteer Paulus voort. Dan sê hy vir die Korintiërs dat dit juis op Hom, die Here is wat sy hoop gevestig is, en ook hulle s'n. Maar dit is ook noodsaaklik dat hulle vir Paulus moet bid. Dit is juis hulle gebede wat hom deur al hierdie beproewinge dra en groot seën gee op sy arbeid. Sodoende sal mense God dank vir die werk wat Paulus doen.

Persone wat in diens van die Here staan het ons gebede baie nodig. Op die oomblik is Sarie besig met 'n groot uitreik in die Noord-Kaap, waar 'n span met fietse ry van dorp na dorp. Hulle het vroeër die week 'n baie geseënde besoek gehad in Ottosdal, waar hulle onder meer die Magdalena film vertoon het. Daarvandaan het hulle deur Wolmaranstad, Bloemhof, Christiana en Warrenton gery, waar hulle oral die Jesus-film vir skole en in “townships” vertoon het. Vandag is hulle in Barkley Wes, en dan ry hulle tot by Griekwastad. Bid asseblief vir hulle, dat die Woord op vrugbare harte sal val waar hulle ookal kom.

Gebed:

Here, ek dra Sarie se span aan U op, en vra dat daar veelvoudige vrug op hulle arbeid sal wees. Beskerm en bewaar asseblief elke lid van die span.



## 'n Nuwe Mens

## 2 Korintiërs 1-9

Oor die volgende week of wat benut Paulus sy tyd om die brief aan die gemeente in Korinte te skryf, en Timoteus het die taak om Paulus se gedagtes op perkament neer te pen. Paulus voel gefrustreerd dat daardie gemeente nie altyd mooi verstaan wat hy vir hulle skryf nie. Hoe kan hy dit duideliker stel? In hierdie brief bekla hy sy lot aan hulle: “In ons briewe skryf ons aan julle niks wat julle nie self kan lees en verstaan nie. Ek hoop net julle sal ons eendag heeltemal verstaan. Tot nou toe het julle ons maar gedeeltelik verstaan.”

Timoteus skud sy kop. Hy kan ook nie verstaan waarom die mense nie kan verstaan nie. Alles is tog so helder en duidelik gestel.

Inderdaad is daar 'n paar dinge wat ek eendag vir Paulus wil vra, want ek verstaan óók nie altyd mooi presies wat hy bedoel het nie. En dan sal Paulus daaroor lag. Sommige van die dinge wat hy geskryf het, het sy lesers al baie laat kopkrap, en daar is selfs tradisies geweef rondom sommige van die dinge, bloot omdat hulle misverstaan is. Vat nou byvoorbeeld die hoed: vir baie jare het almal geglo dat 'n vrou 'n hoed moet dra in die kerk! En dit bloot omdat ons nie verstaan het wat hy bedoel het nie!

In sy brief aan die gemeente in Korinte skryf Paulus mooi dinge. Hy skryf oor die triomf wat die Evangelie behaal het,


Gaan Na Inhoud

waar die Here onder meer in Troas die deure wyd oopgemaak het vir die Evangelie. In Masedonië is die kennis van Christus versprei soos 'n aangename geur. Vir diegene wat Jesus se verlossing aangeneem het, was dit 'n lewensgeur. “Ons verkondig die Woord in opregtheid, in verbondenheid met Christus, in opdrag van God en in verantwoordelikheid aan God,” skryf Paulus (2 Kor 2:17)

Maar dan is hy baie vinnig om te sê dat hy hiermee geensins sy eie stert probeer prys nie. “Ons sê dit omdat ons deur Christus ten volle op God vertrou. Uit onsself is ons nie in staat om iets te bedink asof dit uit onsself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God, wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees, nie van die letter nie, maar van die Gees” (2 Kor 3).

Paulus gee die troos (2 Kor. 4) dat ons soos kleipotte is, broos en maklik breekbaar, maar dat dít wat binne-in ons is, kosbaar is. Ja, ons liggame mag dalk verniel of gebreek word, maar dat Jesus juis sigbaar word in ons sterflike bestaan. “Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly” (2 Kor. 4:16,17).

Dan gaan hy aan met die triomferende woorde: “Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het. Dit is 'n

woning wat nie deur mense gemaak is nie, maar deur God, en dit bly ewig staan” (2 Kor. 5:1).

Paulus besef ook dat versoening noodsaaklik is: “Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou” (2 Kor. 5:17,18). Paulus pleit by die lesers: Omdat God hierdie versoening deur Christus bewerkstellig het, moet hulle dan ook as versoende kinders van God lewe.

En dan skryf Paulus een van daardie dinge wat baie lesers al laat kopkrap het: “Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie.” Beteken dit in vandag se taal dat ek nie saam met 'n ongelowige mag werk nie? Nee, ek dink nie dit is wat Paulus wou sê nie. Dit beteken eerder dat 'n gelowige nie dieselfde soort lewe kan lei as 'n ongelowige nie. Jy is 'n nuwe mens (so het ons hier bo gesien) en dus lei jy 'n nuwe lewe.

En dan doen Paulus 'n beroep op die gemeente: die gemeente in Jerusalem trek finansieel baie swaar. Nou vra hy dat die Korintiërs hulle hande diep in hulle sakke sal steek om hulle te help. Hy sê dat die gemeentes in Masedonië alreeds ruim bygedra het hiervoor, al gaan dit daar ook maar dikwels broekskeur. Hy sal vir Titus stuur om hulle bydraes te gaan haal. En terloops, hy was só bly toe Titus die dag by hom opdaag uit Korinte om vir hom die goeie nuus te kom vertel, dat dit goed gaan in die gemeente.

Oor hierdie bydraes, maak Paulus dit duidelik dat dit vrywillig is. Elkeen moet self besluit hoeveel hy sal gee, nie uit teësin of dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief. Maar onthou: wie karig saai sal karig maai, en wie volop saai sal volop maai (2 Kor. 9:6)!

Dan sluit Paulus die brief af en stuur dit saam met Titus na Korinte. Ja, jy het reg gelees: die oorspronklike 2 Korintiërs-brief het net gegaan tot by hoofstuk 9. Paulus het eers 'n paar maande later hoofstukke 10-13 geskryf, en as 'n aparte brief aan hulle gestuur. Dus het hy altesaam 5 briewe aan die Korintiërs geskryf waarvan ons weet. Daar mag dalk nog meer gewees het, maar daaroor is ons nie seker nie.

Gebed:

Here, dankie vir al die wonderlike waarhede in Paulus se brief. Help my asseblief om waarlik soos 'n nuwe mens vir U te leef.



## 'n Brief aan Rome

## Handelinge 20:1-3 en Romeine 1:1

In Masedonië is daar 'n geniepsige byt in die weer as die winter vinnig die wêreld 'n ysige plek maak. Paulus vertrek suid na Agaje, oftewel Griekeland, waar die weer darem effens warmer is. Hy besluit om vir drie maande te vertoef in Korinte, en die winter daar deur te bring. Dit is dus Paulus se derde besoek aan Korinte. In die lente wil hy na Jerusalem gaan om daar te wees tydens die paasfees.

En dan besluit Paulus om wéér 'n brief te skryf. Maar hierdie een sou totaal anders as al die ander wees. Al sy vorige briewe het hy geskryf aan gemeentes waar hy alreeds gewerk het. Hierdie nuwe brief wil hy egter skryf aan 'n groep gelowiges wat hy nog nooit besoek het nie. Hy wil skryf aan die gelowiges in Rome en hulle bemoedig, want hy besef baie goed dat hulle in baie moeilike omstandighede en onder groot verdrukking leef.

Hierdie brief aan die Romeine moet die manifes wees van God se opmars na die bose stad asook die res van die wêreld. Uiteindelik sou dit ‘n beslissende rol speel op deurslaggewende oomblikke in die geskiedenis van die kerk om gelowiges te laat agterkom hoe hulle verhouding met God daar moet uitsien. Dit is veral wanneer die klem op menslike prestasie volgens wette dreig om die duisternis van dooie formalisme op die kerk te laat neerdaal, dat die helder ligboodskap van die Romeinebrief weerklink: **Vryspraak**

**deur geloof alleen!**

Wanneer Paulus aan sy nuwe briefbegin skryf, hou hy sy visitekaartjie uit na die lesers, en die eerste indrukke wat hy skep is dat ons hier met iemand te doen het van groot statuur. Maar dan staan daar in die heel eerste sinnetjie dat hy inderdaad slegs ‘n slaaf is. Nou weet ons mos dat slawe in die Romeinse Ryk nou nie juis die bopunt van die sosiale lewe gehaal het nie. Hulle was as’t ware niks, maar as ‘n slaaf darem aan ‘n baie hooggeplaasde amptenaar behoort het, kon hy status hê in die samelewing, as sy baas hom die mag sou gee. As hy die keiser se slaaf was, dan het mense geluister na wat hy sê, al was hy ook maar net ‘n slaaf, want hy het gepraat met die outoriteit wat die keiser hom gee. Paulus stel homself voor as die slaaf van niemand anders nie as Christus Jesus. Wanneer Jesus se Name in hierdie volgorde gebruik word, beklemtoon dit die feit dat Hy die oorwinnaar is oor lewe en dood. En dit is van hierdie oorwinnende Christus wat Paulus die slaaf is!

Vir Paulus is daar geen groter status as om die slaaf van Jesus te wees nie. Jare later skryf hy uit die tronk in Rome aan die Filippense: “**Om Christus Jesus, my Here te ken, oortref alles in waarde.**” (Fil. 3:8). Al beweeg ‘n mens ook in die heel hoogste sosiale kringe, bly die heel belangrikste steeds om jou Christenskap voorop alles te plaas. Daar is geen belangriker ding nie!

Christenskap beteken egter veel meer as net ‘n titel - dit is terselfdertyd ook ‘n werk. Paulus stel dit baie duidelik dat

Christus hom geroep en afgesonder het vir ‘n baie belangrike taak, naamlik om die Evangelie van God te verkondig. Hy noem homself ook ‘n “apostel”, ‘n Griekse woord wat beteken om “gestuur” te wees. In die konteks wat Paulus hier skryf beteken dit dus dat hy die gevolmagtigde gestuurde van Christus Jesus is, met ‘n spesifieke opdrag. Indrukwekkend!

Maar ons het darem mos ook al gesien dat Paulus nie maar net gesag van Jesus gekry het, en toe begin preek het nie. Paulus het ‘n leeftyd van studie van die Skrif deurgeloop. Een van sy leermeesters, Gamaliël, was ‘n hoogs gerespekteerde “professor”. Paulus het dus ook die nodige kennis gehad om die Evangelie te verkondig.

Inderdaad kry ek en jy ook daardie indrukwekkende besigheidskaartjie wat Paulus gedra het. Ons kan met presies dieselfde gesag as Paulus praat. Dit verg egter van ons ook ‘n paar dinge, net soos wat dit van Paulus geverg het. In die eerste plek moet ons besef dat om slaaf van Jesus te wees, beteken dat jy in Sy **diens** staan, en dat daar dus **werk** is om te doen. Hoe die werk gedoen word, en wat presies jou plig is, verskil van persoon tot persoon. Die feit is egter dat ‘n mens nie ‘n werk behoorlik kan doen sonder die nodige opleiding nie. Net so het elke mens wat in diens van Christus staan opleiding nodig. Sommige van Sy “dienaars” kry opleiding op universiteit om herders of leraars in ‘n gemeente te word. Jy kan egter uitstekende diens lewer met “in-diens-opleiding”, deur gedurigdeur te soek na kennis in

die Woord. Nuttige kursusse soos byvoorbeeld EE III en Getroue Getuies is beslis ‘n móét vir enigiemand wat evangelisasiewerk wil doen. Sulke kursusse gee jou nie alleen die nodige kennis en vaardigheid nie, maar die inspirasie wat jy daar kry maak jou brandend om aktief in die Meester se diens te staan. Persoonlike Bybelstudie met behulp van ‘n goeie Bybelkommentaar is van groot waarde, maar dan moet jy ook besef dat dit uiters belangrik is om saam met ander gelowiges rondom die Skrif te sit en gedagtes uit te ruil.

Van uiterste belang is natuurlik dat jou gemoed en hart deurentyd oop sal wees vir die influistering van die Heilige Gees, want dit is Hy wat jou al die nodige inspirasie gee en ook die harte voorberei van mense teenoor wie jy van Jesus getuig.

**Gebed:**

**Dankie vir die wonderlike “besigheidskaartjie” wat U vir my gegee het, Here. Gee my asseblief die vrymoedigheid om dit oral te gebruik met trots.**



# Die Wet

## Romeine 1-3

Dit is maar bitter koud in Korinte, en Paulus gaan net buitentoe as dit nie anders kan nie. Om aan die lewe te bly, bedryf hy sy tentmakery. En tussendeur leef hy sy jarelange droom uit om met die mense van Rome te praat. As hy hulle dan nie kan besoek nie, kan hy ten minste vir hulle skryf. Paulus het die onskatbare waarde van hierdie wonderlike medium van briewe ontdek toe hy sy eerste brief aan die gemeentes in Galasië geskryf het, en hy sal nooit weer terug kyk nie.

"*Allereers dank ek my God deur Jesus Christus oor julle almal, want in die hele wêreld praat die mense oor julle geloof,*" skryf Paulus met groot dankbaarheid aan die Romeine. Dat daardie gelowiges staande kan bly ten spyte van die haglike omstandighede waarin hulle bly, gaan 'n mens se verstand te bowe. Alleen die Heilige Gees kan jou daardie krag gee! "*Dit is my begeerte om ook aan julle in Rome die evangelie te verkondig,*" sug Paulus.

Paulus besef maar al te goed wat die omstandighede in Rome is. Na sy danksegging wil hy eers die walglike dinge waarvan hy gehoor het wat in Rome aangaan van sy hart af kry. Die stad leef in 'n rioolput van sonde en Goddeloosheid. En die mense kan nie sê dat hulle nie geweet het dat dit verkeerd is nie. God se werke is duidelik sigbaar vir elkeen om te kan sien!



Gaan Na Inhoud

Maar wat doen hulle? In plaas daarvan om die onverganklike God te dien, maak hulle beelde van verganklike dinge soos diere en slange en aanbid hulle. En dan gee hulle hulleself oor aan hulle onsedelike drange. Hulle verruil die waarheid vir die leuen. Perversiteit is die norm en allerhande skandelikhede is deel van die lewe. Ongeregtigheid, slegtheid, hebsug, gemeenheid, jaloesie, moord, twis, bedrog, skinder, kwaadpraat, liefdeloosheid en alles wat vuil en sleg is, is deel van elkeen se lewe. En hulle verlekker hulleself daarin.

Paulus wy die grootste deel van hoofstuk 1 aan hierdie morsige saak. Maar dan kom die troos, en ook 'n waarskuwing: "*Moenie oordeel oor 'n ander uitspreek nie,*" waarsku Paulus die gelowiges, "*want as jy iemand anders veroordeel, dan veroordeel jy jouself*" (2:1). En dan die troos: "*Ons weet dat God regverdig handel wanneer Hy mense wat sulke dinge doen, veroordeel*" (2:2).

Ja, wie is ek en jy om énigsins te oordeel? Ons het ook maar ons sondes, en daar is nie 'n verskil tudssen groot en klein sondes nie: sonde is sonde! Paulus skryf egter: "*God is ryk in Sy goedheid, verdraagsaamheid en geduld!*" (2:4).

Volgende pak Paulus die wet. Hy wil dit baie duidelik stel dat die wet niemand kan red nie. En dan praat hy spesifiek met die Jode wat hulle só beroem daarop dat hulle onder die wet van Moses is, en dus in die voorste sitplekke sit. "*Jy, jy sê jy is 'n Jood, jy verlaat jou op die wet van Moses, jy beroem jou daarop dat God jou God is......*" (2:17). Paulus is

nou goed op dreef, en hy vertel die Jode kaalkop die waarheid, dat hulle dink dat hulle 'n gids vir die blindes is, maar dat hulle nie hulle eie foute raaksien nie. Hulle preek vir ander, maar dan doen hulle presies wat hulle vir die ander sê om NIE te doen nie. “*As gevolg van julle optrede word die Naam van God deur die heidennasies belaster!*” waarsku Paulus baie ernstig in Rom. 2:24.

En dan moet ek en jy vandag ook hierdie woorde bitter ernstig opvat, en baie mooi dink of ons nie dalk die oorsaak is dat ander mense God laster nie. Ek het al dikwels agter op 'n motor 'n plakker gesien wat dit uitbasuin dat hierdie bestuurder 'n kind van God is. Maar dan is sy optrede op die pad allesbehalwe mooi. Dan is dit maklik vir 'n ongelowige om te sê: “As dit is hoe 'n Christen handel, dan wil ek nie een wees nie!”

Maar Paulus is nog gladnie klaar met die Jode nie: “*Is ons as Jode dan beter as die ander?*” vra hy in 3:9, en dan antwoord hy sy eie vraag: “*Nee gladnie, want ons het al bewys dat Jode sowel as nie-Jode almal in die mag van die sonde is.*” Dan haal Paulus aan uit verskeie dele van die Skrif om sy stelling te staaf: “*Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie*” (Pred 7:20); “*Almal het afgedwaal, almal het ontaard*” (Ps 14:2); “*Die pad van vrede het hulle nie leer ken nie*” (Jes 59:8).

Uiteindelik sug Paulus: “*Almal het gesondig en is ver van God af.*” Maar dan kom die wonderlike woorde, wat soos 'n vars briesie trek: “*Maar hulle word, sonder dat hulle dit*

*verdien, op grond van Sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus*" Rom 3:23-24).

Is dit nie die wonderlikste nuus wat enige mens óóit kan kry nie? Dit is nie deur die wet te onderhou of om 'n Jood te wees of enigiets wat ek doen wat ek die verlossing kan kry nie, maar enkel alleen deur God se onbegryplike en onbeskryflike genade!

En dan vra Paulus die vraag wat baie mense vra, of die wet dan nou totaal wegval? Hef hierdie genade die wet op? Is dit sonder waarde? En dan antwoord hy: "*Beslis nie. Ons laat die wet juis tot sy reg kom*" (Rom 3:31). Die wet kry nou 'n totaal nuwe betekenis.

Gebed:

Ek loof U, Here, vir U wonderlike genade, want uit my eie sou ek nooit die vryspraak kon smaak nie. Leer my om U wet te onderhou uit dankbaarheid vir wat U vir my gedoen het.



Gaan Na Inhoud



## Vryspraak

## Romeine 4-7

Paulus stort sy hart uit teenoor sy broers en susters in Rome wat hy nog nooit eers gesien het nie: "*Geseënd is die mense wie se oortredinge nie gestraf word nie en wie se sonde vergewe word,*" haal hy aan uit Psalm 32. "*Geseënd is die mens vir wie die Here die sonde nie toereken nie*."(Rom 4:7)

Maar nou moet Paulus eers verduidelik: Is hierdie seën slegs vir Jode? Of geld dit ook vir ander mense? Dan gebruik hy Abraham as voorbeeld om te verduidelik dat dit vir almal geld. Maar daar is 'n voorwaarde, en dit is geloof. Hy het God se vryspraak gekry omdat hy geglo het, en vandag kry ons God se vryspraak wanneer ons in Jesus glo: "*God het ons dan nou vrygespreek omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus*" (Rom 5:1).

Maar ons moet baie goed besef dat dit niks te doen het met wat ons doen nie, maar alles is suiwer genade. Jesus het immers gesterf, nie vir goeie mense nie, maar vir sondaars, Goddelose mense! Dit is skokkend as ons so daaroor dink! "*God bewys Sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was*," skryf hy in Rom 5:8. Al wat Hy van ons vra is om daardie geskenk van vryspraak te aanvaar deur in Jesus te glo. Wanneer jy dit die dag aanvaar, dan kry jy volle, onvoorwaardelike vryspraak van God!

 Gaan Na Inhoud

Maar daarmee saam kom 'n verantwoordelikheid. Beteken dit dat ek nou maar kan leef soos ek wil, want ek het nou mos vryspraak? Paulus vra dieselfde vraag: "*Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem?*" En dan antwoord hy met 'n baie besliste: "*Beslis nie! Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe?*" (Rom 6:1,2). In Rom 6:22 en 23 beklemtoon Paulus dit: "*Maar nou – julle is vrygemaak van die sonde en in diens van God gestel en die vrug daarvan is dat julle geheilig word, en die uiteinde is die ewige lewe. Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here*."

Hierdie hele ding van die wet en sonde en vryspraak is 'n baie moeilike een om te begryp, veral vir die ou Jode wat deur eeue heen gedril is met die gedagte dat die onderhouding van die wet jou vryspraak gee. Sommige wou dit selfs só verstaan, dat as jy slegs die wet het, dan is jy alreeds vrygespreek.

En nou kom Paulus met 'n splinternuwe gedagte, dat die wet nie nodig is vir jou vryspraak nie. Is die wet dan verkeerd? Was die ou Jode dan al die jare om die bos gelei deur die wet? Is dit dan selfs moontlik dat die wet verkeerd kan wees?

Paulus vra juis hierdie vraag in Rom 7:7 om die misverstand op te ruim: "*Wat is ons gevolgtrekking? Dat die wet van Moses sonde is? Beslis nie. Inteendeel, ek sou nie geweet het wat sonde is, as dit nie deur die wet was nie.*" In vers 12

skryf hy: "*Die wet is dus heilig, en sy voorskrifte is heilig en reg en goed*."

Die gevolgtrekking wat Paulus kry uit hierdie gedagtes, is dat dit eintlik bitter moeilik is om die wet na te kom. Menslik is dit onmoontlik, en selfs 'n man soos Paulus, wat baie naby aan die Here geleef het, het ook maar die wet oortree. Radeloos beskryf hy hoe hy só hard probeer om reg te lewe, maar die verkeerde dinge, wat hy eintlik nie wil doen nie, dit doen hy. En die goed wat hy behóórt te doen, die dinge wat die Here van hom vra, dié doen hy nie! Dus vra hy die vraag wat elkeen van ons vandag met berou voor die Here kan uitsnik: "*Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here. So is dit dus met my gesteld: met my gees dien ek die wet van God, maar in my doen en late die wet van die sonde*."

As ons dan nou mooi gaan dink oor wat Paulus alles geskryf het oor die wet, kan ons die gevolgtrekking maak dat die wet vandag vir ons as gelowiges daar is as 'n riglyn van hoe God wil hê dat ons moet lewe. Dit beteken dus dat die wet nie daar is as 'n rigiede dokument wat ons veroordeel nie. Wanneer Jesus die wet opsom deur te sê dat die bedoeling daarvan is dat ons God en ons medemens moet liefhê, dan vervang dit ook nie die wet nie, maar dit verduidelik die ware betekenis daarvan.

As ek God waarlik liefhet, sal die natuurlike uitvloeisel wees dat ek Sy heilige Naam sal hoog hou en Hom met hart en

siel aanbid. En dit kan ek alleen doen as daar 'n lewende verhouding is met Jesus. Hieruit moet ook natuurlik vloei dat ek my medemens sal liefhê en só teenoor hom sal optree soos wat die tien gebooie voorskryf.

Die vraag gaan uiteindelik vanoggend dus nie soseer oor die wet, en hoe goed ek die wet onderhou nie. Dit gaan ook nie oor die belangrikheid van die wet nie. Dit gaan in die eerste plek oor vryspraak. Het jy al vryspraak gekry? Inderdaad bied die Here dit vir elkeen aan. Maar vryspraak is alleen moontlik as jy in 'n lewende verhouding met Jesus staan. Die vraag is dus of jy daardie verhouding met Hom het? Indien nie, kontak my asseblief baie dringend!

Gebed:

Here, dankie dat U my vryspraak gegee het. Ek bid vir elkeen wat dit nog nie het nie.



## Riglyne vir die Lewe

## Romeine 8-16

Wanneer Paulus by die venster uitkyk, sien hy die eerste lentebloeisels in Korinte. Nuwe lewe ná die snerpende winter! Hy draai om na sy sekretaris: "*Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie.*" (Rom 8:1,2). Jesus gee ons nuwe lewe, net soos wat die natuur elke lente wys dat daar lewe na die winterdood is.

Paulus besef maar ál te goed dat sy tydjie in Korinte nou vinnig besig is om uit te loop. En nou wink Jerusalem vir hom. Maar eers wil hy 'n draai gaan maak in Sirië op pad na Jerusalem. Hy is sommer opgewonde nét oor die gedagte om weer in sy geliefde stad te kom, dáár waar hy só baie mooi herinneringe het van die tyd toe Gamaliël hom van die dieper dinge van die Woord geleer het. Hy bars sommer uit in 'n lofsang, en die arme sekretaris moet skryf dat die biesies bewe:

"*O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë! Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad? Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen? Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen.*" (Rom 11:33-36).

Paulus het 'n groot deel van die brief gewy aan die wet, en veral vir die nie-Jode wat die brief gaan lees, is dit iets wat


Gaan Na Inhoud

hulle nie maklik verstaan nie. Dus besluit Paulus dat dit dalk goed sal wees om vir hulle te skryf hoe 'n gelowige dan behoort te lewe. Hy sal vir hulle 'n paar riglyne gee. Wat verwag die Here van jou?

"*Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is,"* begin hy in Romeine 12 skryf. *"Dit is die wesenlike van die Godsdiens wat julle moet beoefen*." Dan lê hy 'n klompie riglyne neer oor hoe God gedien behoort te word. En onthou: mense dien Hom op verskillende maniere, want ons is verskillend met verskillende gawes. Die belangrike is dat elkeen die Here voluit moet dien met die gawe wat hy ontvang het.

Maar dan is daar iets anders wat van uiterste belang is: "*Die liefde moet opreg wees,"* sê hy in Rom 12:9. "*Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar*."

Liefde, en veral hartlike liefde vir jou medegelowiges is iets wat só belangrik is, dat jy dit net eenvoudig nie kan oorbeklemtoon nie. Maar dit mag nie maar net 'n hartsliefde wees nie, dit moet praktiese liefde wees. As 'n medegelowige in nood is moet jy help. Vertroos wanneer iemand bedroef is. Betoon hartlike gasvryheid. En kuier nét so lekker saam met diegene wat héél onder op die sosiale leer is as diegene daar bo. "*Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges*," skryf Paulus in Rom 12:16.

Gister het ek heerlik gekuier in 'n klein agterkamertjie by een van ons lidmate wat uit Malawi kom. Ons het sommer lekker gesels oor dinge van die Koninkryk. Dit het my persoonlik geestelik verryk!

En dan is daar natuurlik eensgesindheid! Een van die ernstige kwale van die ou Afrikanervolkie is dat dit só bitter moeilik is om eensgesind te wees. Ons kry dit nie eers reg om onder mekaar eensgesind te wees nie, wat staan nog met ander kulture! Die drie “Susterskerke”, NG, Gereformeerd en Hervormd het presies dieselfde belydenisskrifte en glo presies eenders, maar saamstaan is verniet! Kan ons nie maar vir een keer ons verskilletjies vergeet en eensgesind wees nie?

Paulus begin sy brief afsluit. Maar eers is daar nog 'n paar baie belangrike dinge wat hy die gemeente in Rome (en ook vir my en jou vandag) op die hart moet druk. Die eerste is jou verpligting teenoor die owerhede (Romeine 13). Paulus besef maar ál te goed dat die regering in Rome korrup is. Maar sy lesers moet baie goed besef dat God hierdie regering hulle gesag gegee het. As hulle daardie gesag misbruik, is dit 'n saak tussen hulle en God. Maar omdat God hulle die gesag gegee het, is dit ons as gelowiges se plig om daardie gesag te eerbiedig, want sodoende eerbiedig ons God. Minag ons die regering se gesag, dan minag ons God!

Natúúrlik is daar perke, want as die regering van my sou vra om iets te doen wat teen God se wil is, dan moet ek God eerbiedig eerder as die owerhede, al beteken dit dan ook

straf vir my.

In hoofstuk 14 skryf Paulus oor 'n ander sensitiewe sakie, naamlik dat ons tog só lief is daarvoor om mekaar te veroordeel. Die een doop klein en die ander doop groot. Die een hou stil en stemmig kerk en die ander dans en klap hande. En dan wys ons oor en weer vinger vir mekaar en sê: “Dis nie hoe dit gedoen moet word nie!” Paulus pleit by ons om ons verskille te los en elkeen sy plekkie in die son te gun.

Vir oulaas, voor hy groet, vertel Paulus vir die Romeine hoe graag hy by hulle wil uitkom. Miskien eendag........

En dan groet hy met die woorde: “*Aan Hom, die enigste en alwyse God, behoort die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid! Amen.*” (Rom 16:27)

Gebed:

Here, leer my asseblief om in ware liefde te kan leef.



Gaan Na Inhoud



# Eutigus se Groot Val

## Handelinge 20:1-13

Met die aanbreek van lente maak Paulus gereed om na Sirië te vertrek. Maar dan kom iemand na hom met ontstellende nuus: die man het te hore gekom van 'n Joodse komplot teen Paulus. Op die skip waarop Paulus sou klim, was daar ook 'n klompie Joodse pelgrims, en hy het toevallig gehoor hoedat hulle beplan om van Paulus ontslae te raak sodra die skip in die diepsee is.

Paulus roep die manne wat saam met hom moet reis bymekaar. Daar is sewe van hulle, almal verteenwoordigers van verskillende gemeentes wat deur Paulus tot stand gebring is, en hulle het 'n klomp geld by hulle wat hulle in Jerusalem moet gaan aflewer aan die gemeente daar. “Die risiko is te groot,” besluit die manne, “ons sal 'n ander plan móét maak ter wille van die Evangelie!” Hulle besluit om eerder vir Paulus met 'n groot ompad deur Masedonië te stuur. Hulle sou per skip vooruitgaan na Troas in Asië en daar vir Paulus wag.

En só vertrek Paulus noordwaarts deur Masedonië tot by Filippi, nét betyds om daar te kom vir Paasfees saam met die gemeente. Daar klim Paulus op 'n skip en vaar na Troas, waar die manne reeds op hom wag, 'n reis van vyf dae.

Dit is groot blydskap wanneer Paulus in Troas voet aan wal sit, en dit kan nie anders nie, dat hy 'n week daar oorbly. Lukas is ook onder die gelowiges wat Paulus ontmoet, en hy

besluit om weer saam met Paulus verder te reis. Maar eers wil die gelowiges van Troas alles hoor. Paulus moet preek, want dit is selde dat hulle die geleentheid kry om te luister na 'n prediker van Paulus se formaat.

Die Sondagaand voor hulle vertrek is al die gelowiges van Troas vir oulaas bymekaar terwyl Paulus 'n boodskap lewer. Hulle is bymekaar in 'n bovertrek op die derde verdieping, en die mense moet maar mooi pas om almal 'n sitplekkie te kry. Een jong kêrel met die naam Eutigus is een van die gelukkiges wat darem 'n gemaklike sitplek kry, nou nie juis die veiligste sitplek nie – hy sit in die vensterbank met sy rug in die opening, en drie verdiepings tussen hom en die pad dáár onder.

En Paulus preek. Daar is só baie wat hy vir die mense wil sê, en die tyd is só min. Paulus preek lank, sommer báie lank. Dit is naderhand middernag, maar steeds is daar nie eers náástenby 'n teken dat sy preek einde se kant toe staan nie. En die arme Eutigus sukkel om sy oë oop te hou.

Het jy dit al beleef dat jy tydens 'n preek, veral as die dominee 'n bietjie temerig preek, die slaap nét nie meer kan wegkeer nie? Ek het al! Met katastrofiese gevolge vir my ego!

Nou ja, dit is presies wat met Eutigus gebeur, en so kort na middernag oorval die slaap hom daar in sy vensterbank. Die volgende oomblik word die gemeente geruk deur 'n bloedstollende gil. As hulle omkyk, is hulle net betyds om

Eutigus se voete by die venster uit te sien verdwyn. Hulle storm na die venster, en in die flou maanlig sien hulle die arme Eutigus se liggaam verwronge lê daar onder in die straat.

Haastig hardloop hulle die trappe af. Maar wanneer hulle onder kom, sien hulle dat die ergste gebeur het. Eutigus het hom pap geval, morsdood! Almal is hoogs ontsteld oor die tragiese voorval. Maar Paulus kom óp sy tyd die trappe af. Hy strek hom uit oor die dooie seun en druk hom styf teen hom vas. Wanneer Paulus opstaan, deel hy die skare doodluiters mee: “Hy lewe!” en dan draai Paulus om en stap weer die trappe op na bo.

Grootoog staar die gemeente na die dooie Eutigus as hy stadig sy oë oopmaak. 'n Paar manne help hom op. “Toemaar, ek is reg....” sê hy met 'n bewerige stem, en hy stap kruppel-kruppel die trappe op. Hierdie slag bly hy baie ver van die vensterbank af.

“Nou toe, nou is almal seker wakker! Waar was ek nou weer? O ja, ek was net op pad om te sê dat ons nou saam brood gaan breek.”

En so vier die gemeente saam die nagmaal, en eet 'n gemeenskaplike maaltyd. En wanneer dit verby is, gaan Paulus voort en preek verder tot dagbreek toe!

En dan is dit tyd vir die skip om te vertrek. “Gaan julle maar aan boord met al ons bagasie, ek ontmoet julle by Assus.” Paulus probeer tyd koop om behoorlik van die gemeente

afskeid te neem. Wie weet, dalk is hierdie die laaste keer dat hy hulle sien. Inderhaas gaan Lukas en die ander sewe manne af hawe toe, en hulle is nét betyds om by die skip te kom voordat dit vertrek. 'n Klompie van die gemeentelede stap saam met Paulus die veertig kilometer na die hawestad Assus om nog 'n bietjie te kan gesels en nog 'n bietjie van hom te kan leer.

Hoeveel moeite doen ek en jy werklik om te kan leer van Koninkryksdinge? Dikwels is 'n uur-lange Erediens al klaar te lank. Hierdie mense was só honger vir die Woord dat hulle bereid was om van sononder tot sonop na Paulus te luister. En dan het party nog steeds nie genoeg gehad nie!

Kom ons ontwikkel 'n groot honger vir die Woord. Ja, dit kos deursettingsvermoë, maar uiteindelik is dit deur-en-deur die moeite werd!

Gebed:

Here, ek wil van U leer, meer en meer!



## Die Ouderlinge van Efese

## Handelinge 20:13-38

In die hawestad Assus klim Paulus op die skip en sluit hom by Lukas en die sewe ander manne aan. Vroeg die volgende oggend vaar hulle na Mitilene, waar hulle weer die nag oorstaan. Die kuslyn van Asië is uiters gevaarlik, en as jy nie kan sien presies waarheen jy op pad is nie, beteken dit selfmoord. Daarom het die skepe in daardie tyd slegs bedags gevaar en snags in een van die beskutte hawetjies oornag. Dus vaar hulle die volgende dag na Chios, daarna Samos en uiteindelik tot by Milite.

Paulus wou baie graag by Efese aangaan om daar met die gemeente te gaan praat, maar sy tyd was besig om uit te loop. Hy wou in Jerusalem wees vir die Pinksterfees. As hy by Efese sou vertoef, dan sou hy dit dalk nie betyds maak nie. Dus stuur hy 'n boodskap dat Efese se ouderlinge hom in Milite moes ontmoet, 'n afstand van sowat 60 kilometer, want daar moes hulle vir 'n paar dae oorstaan om vir 'n ander skip te wag wat hulle na Sirië sou neem.

Paulus benut die kort tydjie saam met hulle baie goed, en hy praat hulle moed in. Ja, hy is nou op pad na Jerusalem, gedring deur die Heilige Gees. En wat daar met hom sal gebeur, moet maar gebeur, hy is in God se hande. Hy is maar ál te bewus daarvan dat daar waarskynlik vervolging op hom wag, maar die taak wat hy vir die Here verrig, is baie belangriker as sy lewe. Teen hierdie tyd is hy natuurlik ook


Gaan Na Inhoud

al goed gewoond aan vervolging, want hy was al geslaan, gestenig, in die tronk en, verskeie kere moes hy vlug vir sy lewe.

Daar is vandag baie gelowiges wat wil glo dat geloof soos die bootjie na Kammaland is, waar die maan se helder strale jou begelei op 'n spieëlgladde meer van romanse. Nee, 'n gelowige se lewe is nie een lang suksesverhaal nie, veral nie as jy jou geloof ernstig opneem nie. Die pad kan soms bitter swaar wees, bestrooi met struikelblokke en selfs vervolging. Dikwels betaal gelowiges op die sendingveld met hulle eie lewens. Wanneer ons egter ons roeping met oortuiging uitleef, kan ons selfs die grootste krisis vol vertroue tegemoetgaan.

Paulus sê dan ook vir die manne van Efese dat dit sékerlik die laaste keer is wat hy hulle sal sien. Dit is dus sy afskeidswoorde aan hulle, en juis dáárom rus daar 'n baie groot verantwoordelikheid op hulle skouers, want hy sal hulle nie verder kan pamperlang nie. Hulle moet verantwoordelikheid vir hulleself aanvaar, maar hulle is ook verantwoordelik vir die gemeente. Al die gelowiges is onder hulle sorg, en hulle moet nou alles wat hulle van Paulus geleer het aan die gemeente oordra en sorg dat die gemeente geestelik groei. “Onthou dat ek elkeen van julle drie jaar lank onderrig het, aanhoudend, dag en nag, baiekeer met trane!” sê Paulus vir hulle in Handelinge 20:31. In die drie jaar wat Paulus in Efese was het hy die gemeenteleiers intensiewe opleiding gegee. “Maar nou vertrou ek julle aan

God toe."

Paulus benadruk dit verder dat hy vir hulle in die drie jaar 'n goeie voorbeeld probeer stel het, van hoe hulle moet optree as leiers. Dit moet beslis nie oor geld gaan nie. Hy het in daardie tyd 'n punt daarvan gemaak om vir sy eie lewensonderhoud te sorg. Hy moes bedags hard werk en tente maak om aan die lewe te bly, en saans het hy hulle geleer. Dit het hy onder meer gedoen sodat daar genoeg geld sou wees om vir die armes te kan gee.

"Onthou die woorde van die Here Jesus," sê Paulus met nadruk. "Hy het self gesê: Om te gee maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang." (Hand. 20:35).

Maar dan word dit tyd om te groet, Paulus se skip staan gereed om te vertrek. Saam kniel al die manne en verenig in gebed. Dit is 'n droewige afskeid, en die trane stroom as die manne mekaar omhels en soen. Sal hulle óóit weer vir Paulus sien? Paulus glo dat dit die laaste keer is. Dit is 'n stoet van lang, droewige gesigte en betraande oë wat Paulus vergesel na sy skip!

Ja, Paulus sou wél weer met die gelowiges in Efese praat, maar dit sou eers vyf jaar later wees, en hy sou met hulle praat deur middel van 'n brief wat hy uit die tronk in Rome geskryf het. Daardie brief sou egter nie die persoonlike aanraking met die mense hê soos nou nie, en dit sou bedoel wees vir 'n hele paar gemeentes om te lees.

Is jy dalk 'n leier in jou gemeente? Met 'n leier bedoel ek nie

net die dominee, pastoor en leier-ouderling nie. Elkeen wat leiding neem op die een of ander terrein is 'n leier in eie reg. As jy die week verantwoordelik is om die teeskink te organiseer, dan is jy 'n leier.

Daar rus 'n baie groot verantwoordelikheid op die skouers van elke leier in die kerk. En terloops, daar is nie so 'n ding soos 'n “hoofleier” nie, elke leier het presies eweveel status, die sondagskoolonderwyser, die ouderling, die dominee, die moderator en die pous. Niemand is verhewe bo 'n ander nie! Al wat verskil is die terrein van jou leierskap.

Wat is jou verantwoordelikheid? Elke leier s'n is anders. Vir die een is dit om om te sien na oumense, en hy moet dit doen na die beste van sy vermoë. Doen alles wat aan jou toevertrou is asof jy dit vir die Koning van alle Konings doen.

Gebed:

Here, gee my asseblief die krag en ywer om my verantwoordelikheid as leier ten volle uit te leef.


Gaan Na Inhoud



## Laaste Skof na Jerusalem

## Handelinge 21:1-16

Uiteindelik vertrek Paulus en sy geselskap op die laaste been van hulle reis. Van Melite af vaar hulle al om die kuslyn van Asië, verby Siprus tot by Tirus in Fenisië, waar die skip sy vrag aflaai en daar vir sewe dae oorstaan.

Natuurlik benut Paulus hierdie sewe dae deeglik deur die gelowiges daar te gaan opsoek. Hulle bly die volle sewe dae by die gelowiges. In daardie tyd pleit die mense by Paulus om nie na Jerusalem te gaan nie. Hulle sê dat die Heilige Gees hulle gelei het om so te sê. Nogtans verontagsaam Paulus hulle pleidooie en hy sit sy reis voort na hierdie besoek. Die hele gemeente, mans, vrouens en kinders is saam met Paulus-hulle na die hawe om hulle af te sien. Op die strand kniel hulle en bid saam, en dan neem hulle van mekaar afskeid.

Dit is interessant om te weet dat kinders in die antieke tyd nie normaalweg aan Godsdienstige aktiwiteite deelgeneem het nie. Maar hier sien ons dat kinders 'n belangrike en integrale deel was van die vroeë kerk. En só moet dit natuurlik vandag steeds wees. Ons mag hulle nie uitsluit nie!

Ek het al verskeie kere gehoor dat iemand sê dat die Heilige Gees vir hom sus en só gesê het. Ons moet baie versigtig wees wanneer ons sê dat die Gees ons gelei het om sekere dinge te sê of te doen of standpunt oor iets in te neem. Ons moet doodseker maak of dit nie dalk maar net onsself is wat

voor die tyd al besluit het wat ons wil doen nie, en dan ná die tyd die Heilige Gees se Naam gerieflikheidshalwe gebruik (misbruik!) om gesag te gee aan ons besluite.

Ons moet baie versigtig en veral baie nederig wees wanneer ons oor die leiding van die Heilige Gees praat. Natúúrlik lei die Gees ons in ons daaglikse lewe, maar Hy doen dit op Sy eie manier, en ons moet inval by Sy leiding. Pasop dat jy nie dalk probeer om die Heilige Gees te dwing om by jou eie wil in te val nie!

Paulus-hulle sit hulle reis voort en doen by die Fenisiese hawestad Ptolemaïs aan waar hulle die gelowiges vlugtig besoek voordat hulle verder vaar tot by Sesarea. Daar klim hulle af en gaan vir 'n paar dae tuis by Filippus. Lukas vertel vir ons dat hierdie man se vier dogters die gawe gehad het om die Boodskap te verkondig. Dit is 'n baie belangrike opmerking, want dit wil vir ons sê dat vroue reeds in die vroeë kerk 'n onderwysende rol gehad het en waarskynlik dalk selfs gepreek het in die gemeente.

Maar dan gebeur 'n ontstellende ding: Daar daag 'n profeet op uit Judea, 'n man met die naam Agabus. Hy stap na Paulus en begin Paulus se gordel uitryg. Dan neem hy die gordel en bind sy eie hande en voete daarmee vas. Terwyl die manne vraend na hom staar, kyk Agabus op: “So sê die Heilige Gees: Die Jode sal in Jerusalem die eienaar van hierdie gordel nét so vasbind en aan die heidene uitlewer.”

Lukas en die ander by hom het groot geskrik. Hulle smeek

Paulus met trane in hulle oë om asseblief uit Jerusalem weg te bly. Maar hy het klaar besluit: “Waarom wil julle my hart probeer sagmaak met julle trane?” wil hy weet. En dan maak hy dit duidelik dat hy bereid is om ter wille van die Naam van Jesus tronk toe te gaan, of selfs te sterf.

Die manne probeer dié kant toe en dáái kant toe redeneer, maar Paulus hou voet by stuk. Vir géén oomblik twyfel hy dat hy na Jerusalem toe moet gaan nie. Dan het hulle uiteindelik géén ander keuse nie as om te sê: “Laat die wil van die Here geskied.”

Ons onthou ook dat Jesus se dissipels Hom ook probeer keer het, want hulle het geweet wat daar op Jesus wag, maar Hy het nie vir 'n oomblik gewyfel nie, want Jesus het geweet dat Hy daardie pad móés loop.

Uiteindelik is al hulle voorbereidings vir Jerusalem afgehandel, en dan vertrek hulle na die groot stad. Dit is 'n lang reis, ongeveer 100 kilometer. Nogtans besluit verskeie van die gelowiges van Sesarea om saam met hulle die langpad aan te durf. Hulle gaan nie maar net saam as geselskap nie, maar omdat die reis 'n paar dae sou duur, en hulle langs die pad moes oornag, gaan hulle saam om die manne voor te stel aan Mnason, 'n gelowige vir baie jare al. Hy gee dan vir hulle broodnodige huisvesting. Op hierdie manier word vreemdelinge eensklaps vriende!

Lukas se hart klop in sy keel wanneer hulle die stad op die berg sien. Wat wag daar op hulle? Wat wag daar op Paulus?

Gaan dit dalk die einde van die pad vir hom wees?

Ons raak dikwels angsbevange wanneer dinge vorentoe donker lyk, en ons nie weet wat om te verwag nie. Waarom kan ons nie maar Paulus se voorbeeld volg en vol vertroue op die Here aangaan nie? Alles het daarop gedui dat Paulus dalk hier sou sneuwel, nogtans skroom hy nie om aan te gaan nie.

En later loop dit so amper-amper op 'n tragedie uit, maar die Here is getrou en Hy bring steeds vir Paulus op sy regte bestemming, Rome. Maar nou loop ek die verhaal vooruit!

Gebed:

Here, help my asseblief om my oog altyd op U gevestig te hou en op U te vertrou al lyk dinge vir my sleg.


Gaan Na Inhoud



## Die Besoek aan Jakobus

## Handelinge 21:17-26

Wanneer die groepie manne Jerusalem se poorte binnestap, kan Paulus nie help om te wonder hoe hy hier ontvang gaan word nie. Sy eerste besoek aan die stad na sy Damaskuservaring was 'n katastrofe! Die gelowiges wou niks met hom te doen hê nie, en was dit nie vir dierbare ou Barnabas nie, dan het hy nie 'n enkele gelowige te siene gekry nie.

Sy tweede besoek was óók maar 'n nagmerrie, want die gelowiges was bitter kwaad vir hom oor die dinge wat hy die heidene geleer het tydens sy eerste sendingreis. Hoe sou hulle nou reageer? Paulus word verras met 'n groep gelowiges wat hom egter baie hartlik, met ope arms ontvang! En Paulus slaak 'n groot sug van verligting.

Die volgende dag gaan Paulus en sy geselskap na Jakobus. Hy is een van Jesus se broers, en Paulus het hom al in een van sy briewe beskryf as een van die drie “pilare” van die Jerusalemgemeente, saam met Petrus en Johannes. Jakobus, wat eens op 'n tyd vir Jesus verwerp het en Hom gesien het as 'n skande vir sy familie, is nou een van die sterk kerkleiers.

Al die ouderlinge is bymekaar in Jakobus se huis, en hulle sit daar in groot afwagting om Paulus-hulle te sien en eerstehands te hoor van al die dinge wat daar in die heidenwêreld aan die gang is.


Gaan Na Inhoud

In groot detail moet Paulus vertel van die wonderlike drie jaar in Efese en die groot seën wat daar op hulle werk was. Maar ook die hartseer en frustrasie wat hulle beleef het met die gemeente in Korinte. Dit het hom gekos brief na brief skryf om hulle op die regte spoor te bring, en hy moes 'n paar besoeke aan hulle bring om dinge daar reg te stel. Maar dit het tóg uiteindelik vrug afgewerp, en daardie gemeente staan nou sterk. Hy vertel van hulle ondervindinge in Filippi, Troas en Tessalonika, en hoe wonderlik die kerk besig is om uit sy nate te bars. Maar alles is nie net maanskyn en rose nie. Daar was ook die frustrerende tyd in die groot kultuurstad Atene, waar Paulus nie hond haaraf kon maak nie.

Almal luister met groot belangstelling na Paulus as hy die goeie nuus meedeel dat die kerk lewendig is en 'n bloeitydperk belewe. Aan God al die eer!

Die manne prys God oor al die dinge wat daar in die heidenlande gebeur. Maar dan is hulle baie bekommerd, want gerugte doen die rondte oor Paulus, dat hy maar baie liberaal is in sy bediening. Stories lê die wêreld vol dat Paulus ál die Jode in die heidenlande sou leer om van die wet van Moses af te sien. Hulle moes nie meer hulle kinders laat besny nie, en hulle moes afstand doen van al die ou Joodse gebruike.

Paulus is verstom. Hierdie is 'n totale verdraaiing van die ware feite. Hy het nooit aan enige Jode voorgeskryf wat om te doen nie. Vir die heidene wat gelowig geword het, het hy


Gaan Na Inhoud

gesê dat daar 'n paar Joodse voorskrifte is wat hulle moes respekteer, soos wat daar destyds op die groot kerkvergadering besluit is. Wat Paulus egter baie duidelik gestel het, is dat die onderhouding van die wet niemand ooit in die regte verhouding met die Here kon bring nie. So het hy dit ook baie duidelik in sy brief aan die gemeentes in Galasië geskryf (Galasiërs 3-4).

Die manne verstaan. Maar hulle is steeds baie bekommerd, want hierdie gerugte oor Paulus lê die hele stad vol. Hoe gaan hulle maak om dit te besweer?

Dan kom een kêrel vorendag met 'n blink gedagte: “Al wat ons moet doen is om Paulus iets te laat doen wat ál die aandag op hom sal vestig, iets wat sy lojaliteit sal bewys. Ons móét sy goeie naam herstel!”

Jakobus het die antwoord: “Hier is vier jong manne in die gemeente wat 'n Nasareërgelofte afgelê het. Die tyd het nou aangebreek dat hulle 'n offer moet gaan bring in die tempel om die gelofte te beëindig. Maar ek weet dat hulle dit nie breed het nie. Paulus, as jy bereid is om hulle te neem vir hulle reiniging, en die koste sal dra, dan sal almal mos kan sien dat jy steeds lojaal is.”

Omdat Paulus uit 'n heidense gebied kom, is hy volgens Joodse voorskrifte onrein, en moet hy egter sélf eers 'n reinigingsritueel deurgaan voordat hy in die tempel mag ingaan. Dit behels dat hy by 'n priester moet aanmeld. Drie dae later word hy met water besprinkel asook weer op die

sewende dag. Daarna word hy “rein” verklaar.

Paulus doen soos voorgeskryf, en op die sewende dag neem hy die vier manne en laat hulle hare afskeer volgens voorskrif. Hulle hare word in die offervuur gegooi as teken dat hulle gelofte afgehandel is.

Maar dan kom daar 'n gróót probleem! Maar hieroor praat ons volgende keer.

Hoe ver moet jy gaan om die vrede te bewaar? Paulus was bereid om alles in die stryd te werp! Daar word soms van ons as gelowiges ook gevra om dinge teen ons grein in te doen ter wille van die Evangelie. Ons moet onsself dan afvra: wat is belangriker, dít waarmee ek gemaklik is of die Evangelie? Dit kan soms lei tot baie ongemaklike situasies, maar dan moet ons maar oë toeknyp en doen wat reg is!

Gebed:

Here, gee my asseblief hope wysheid en wilskrag wanneer die moeilike situasies vir my opduik.



# Paulus Gevange Geneem

## Handelinge 21:27-36

Paulus help vier manne om 'n Nasareërgelofte af te lê. Hy betaal vir hulle offer tydens die reinigingshandeling, wat sewe dae duur. Dit is Pinksterfees, en daar is Jode van regoor die wêreld in Jerusalem om saam te kom feesvier. Onder andere is daar ook van Paulus se ou “vriende” uit Asië, die manne wat hom tydens sy sendingreise so baie gas gegee het. Hulle kan hulle oë nie glo as hulle vir Paulus in die tempel raakloop nie. Die manne kry amper 'n hartaanval van pure skok. “Dan was ditt tóg Paulus wat een van die manne saam met 'n Griek hier in Jerusalem gesien het!” hyg een kêrel.

“Ja, en hy het hom sékerlik in die tempel ingevat!”

“En al die kennisgewings is hier baie duidelik selfs in Grieks en Latyn aangebring, dat slegs Jode die tempel mag ingaan!” kerm 'n ander Jood.

Paulus het wél saam met Trofimus, 'n Griek deur die stad gestap, maar hy is dééglik bewus daarvan dat dit gróót sonde sou wees om 'n heiden die tempel in te neem, hulle mag nie verder as die voorhof gaan nie. Dus maak hy séker dat die manne saam met hom daar wegbly. Paulus is dus totaal onskuldig aan die dinge wat hierdie Jode hom toedig.

Die ontstoke Jode roep hulle volksgenote nader en dan neem hulle sommer aan dat Paulus die tempel verontreinig het met heidene. Hulle hardloop en gryp vir Paulus en sleep hom

hardhandig uit die tempel uit. Baie gou is daar 'n klomp nuuskieriges wat wil weet wat aan die gang is. Binne sekondes weet almal dat Paulus 'n baie ernstige misdaad gepleeg het, en in 'n japtrap is daar 'n oproer.

Die nuus versprei soos 'n veldbrand, en in 'n ommesientjie is die hele stad daar. Inderhaas sluit die priesters die tempeldeure om te voorkom dat die tempel verder ontreinig word deur 'n moord ook. Terwyl hulle vir Paulus wegsleep, slaan hulle hom pimpel en pers. Die mense is woedend, en Paulus kry géén kans om te verduidelik dat hy eintlik onskuldig is nie. Mense wil nie rede verstaan nie! Hulle is woedend, en hulle het bloed geruik. Nou wil hulle vir Paulus dáár en dan dood hê.

Intussen bereik die berig van die oproer die ore van die plaaslike kommandant, Klaudius Lisius. Hy is die man in bevel van 1000 soldate van die Romeinse garnisoen. Die Romeine het 'n kaserne, Fort Antonia, aan die noordwestelike kant van die tempel gebou reg langs die tempel, met trappies wat die kaserne met die tempelterrein verbind, sodat hulle baie gou op die toneel kan wees as dinge dalk sou skeef loop. Die tempel was beskou as 'n brandpunt waar humeure baie gou kon opvlam en gróót moeilikheid kon uitbreek. Is dit nie tragies nie, dat júís die plek waar liefde gekweek moes word, die plek was waar mense mekaar aan die keel gegryp het?

Wanneer die kommandant van die moeilikheid hoor, vat hy dadelik 'n afdeling soldate om die opstand in die kiem te

smoor.

As die Jode die soldate aangehardloop sien kom, bedaar hulle dadelik. Die soldate neem vir Paulus in hegtenis en boei hom met twee kettings. Klaudius probeer uitvind wat hierdie arme drommel dan gedoen het dat die mense so kwaad is vir hom, maar die skare rumoer en skreeu so hard, dat die kommandant niks kan hoor nie.

“Vat hom kaserne toe!” beveel hy sy soldate, en hulle begelei Paulus na Fort Antonia. Die skare is egter so kwaad vir Paulus, dat die soldate genoodsaak is om vir Paulus na die kaserne te dra, terwyl die skare woedend skreeu: “Weg met hom! Weg met hom!”

Nou het die uitsprake van Agabus en ander gelowiges, dat Paulus in Jerusalem vervolg sou word, waar geword. Maar Paulus skram nie vir één oomblik weg hiervan nie. Hy is bereid om die pad enduit te loop, al gebeur wát ookal!

Paulus se prediking was nie maar net lippetaal, mooi woordjies nie. Hy het gedoen presies wat hy gepreek het. Hierdie was die taal van sy hande en sy voete, inderdaad van sy hele lewe!

Ek en jy moet biddend sorg dat ons lewe ook soos dié van Paulus, wys dat ons nie van vervolging sal wegskram nie. Vervolging is vandag gewoonlik baie meer subtiel as in Paulus se tyd. Dit is dikwels 'n sielkundige aanval wat poog om ons af te kraak. Dikwels kom dit ook in die vorm van leuens wat doelbewus versprei word. Wees bedag daarop en

staan op vir die Here ten spyte van die aanvalle.

Nét voordat hulle hom die kaserne indra, draai Paulus na die kommandant en vra in suiwer Grieks vir hom: “Mag ek u iets vra?”

Klaudius steek in sy spore vas, geskok dat iemand uit hierdie geweste hom aanspreek in sy eie taal: “Ken jy dan Grieks?” wil hy weet. Nou is hy totaal oorbluf. Hierdie man is beslis nie 'n Jood nie, en nog minder is hy 'n Egiptenaar! “Dan is jy nie die Egiptenaar wat in opstand gekom het nie?”

Gebed:

Here, gee my asseblief die krag om staande te kan bly en altyd op te staan vir U tydens vervolging.



# Paulus se Toespraak (1)

## Handelinge 21:37-22:5

Wanneer Paulus die kommandant Klaudius Lisius in sy moedertaal, Grieks aanspreek, is die soldaat baie verbaas. Hy was oortuig dat hy daardie Egiptenaar was wat so baie moeilikheid veroorsaak het.

Die Egiptenaar ter sprake het homself voorgedoen as 'n profeet, so vertel die Joodse historikus Flavius Josefus. Hy het 'n klomp Jode opgesweep en hulle na die Olyfberg geneem. Daar moes hulle saam met hom wag vir die regte oomblik. Op sy bevel sou die mure van Jerusalem ineenstort, soos destyds met Jerigo, en dan sou hulle al die Romeine uit die stad uit verdryf. Daar was 'n groot skare mense in groot afwagting saam met hom op die Olyfberg.

Voordat hy egter sy daad kon uitvoer, slaan die Romeinse garnisoen op hulle toe en maak 'n klomp van hulle dood. Die Egiptenaar het die woestyn van Judea ingevlug saam met vierduisend van sy volgelinge.

Nee, Paulus is nié daardie Egiptenaar nie, so lig hy die kommandant in. Hy is 'n Jood. Maar nie sommer enige plaaslike Jood nie, hy is afkomstig uit die belangrike kultuurstad Tarsus in Silisië, en hy is 'n burger van daardie stad. Die kommandant moet dus besef dat Paulus Romeinse burgerskap het, en dus het hy voorregte wat die gewone Jode nie het nie. “Laat my asseblief toe om die volk toe te spreek,” versoek hy vir Klaudius.

Die kommandant staan sy versoek toe, en Paulus gaan staan op die trap en draai na die rumoerige skare. Hy hou sy hande in die lug, en die mense begin stil raak. Dan begin Paulus in perfekte Aramees met hulle praat. En skielik sak daar 'n doodse stilte toe. Jy kan 'n speld hoor val wanneer Paulus begin praat.

Dalk moet ek dit net hier noem, dat wanneer die Nuwe Testamentiese skrywers praat van Hebreeus, dan word daar eintlik verwys na die algemene spreektaal van die Jode, Aramees. As Lukas dus in Hand. 21:40 sê dat Paulus in Hebreeus met hulle praat, dan bedoel hy Aramees.

“Broers en vaders, luister na wat ek nou tot my verdediging vir julle wil sê,” begin Paulus baie beleefd. Almal luister aandagtig wanneer Paulus vertel wie hy is en waar hy vandaan kom. Hy is 'n rasegte Jood uit Tarsus. Volgens sy afkoms móét hy 'n eerbare man wees. En dan het hy boonop onder die beroemde en gerespekteerde Gamaliël gestudeer, waar hy volgens die streng opvattings van die wet van Moses opgelei is. “Ek was net so 'n kampvegter vir God soos julle vandag is,” vertel hy, en hulle respek vir hierdie groot man styg nog hoër.

Hierdie skare het hom in die openbaar tot skande gebring, en Paulus moet sy eer herstel. Daarom is dit noodsaaklik dat hy nie sommer met 'n verdediging wegval nie, maar dat hy die regte inleiding tot homself gee. Hy maak dit dan ook baie duidelik dat hy nie besig is om die een of ander vreemde godsdiens te verkondig nie. En boonop is hy gladnie vyandig

teenoor die Joodse tradisies nie. Hy respekteer dit, en sy agtergrond getuig daarvan.

Paulus vertel vir hulle hoe hy destyds die Christene vervolg het. Hy het hulle totaal uitgeroei, mans en vrouens in die tronk laat stop. “Vra maar vir die hoëpriester, hy en die hele Joodse Raad sal dit alles bevestig!” vertel hy smalend. “Ek het selfs bekendstellingsbriewe van hulle gekry om die Christene te gaan jag so ver as Damaskus!” voeg hy by.

“Het ons onsself dan totaal misgis met hierdie eerbare man?” vra 'n paar ou ringkoppe vir mekaar.

Sien ons hier 'n totaal ander sy van Paulus? Beslis nie! Hy probeer maar net om die skare se volle aandag te kry sodat hy aan hulle die ware blye nuus, die Evangelie van Jesus kan meedeel.

Later, wanneer hy in die tronk sit in Rome, skryf hy 'n brief vir die gemeente in Filippi, en dan vertel hy onder meer vir hulle dat sy Joodse afkoms en sy eerbare posisie as Fariseër eintlik vir hom bitter min werd is in vergelyking met die Evangelie van Jesus Christus (Filippense 3:2-7). Hy skryf in vers 7: “Maar wat eers 'n bate vir my was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde.”

Wat is die dinge wat vir ons waardevol is? Die een sal sê dat sy werk vir hom van groot waarde is. Hy geniet sy werk en hy het 'n goeie posisie. Iemand anders sal weer meen dat sy

eiendom vir hom baie beteken. Hy het die huis met groot sorg ontwerp en gebou, of dalk het hy die plaas van sy oupa geërf, en dit is vir hom van groot sentimentele waarde. Vir 'n ander is haar tuin, waarin sy soveel liefde gesit het, en wat die sieraad van die omgewing is, weer die groot waarde in haar lewe.

Dit kan jou gesin wees, jou kinders, jou ouers, jou vriende. Inderdaad is sulke dinge kosbaar, maar ons mag vir géén oomblik vergeet nie dat hulle almal gawes van God is. En ons moenie so verknog raak aan hierdie kosbaarhede dat dit 'n moeilike keuse raak tussen hulle en die Here nie.

Gebed:

Here, dankie vir al die wonderlike dinge wat U my gegee het. Maar vir my is daar slegs één ding wat wáárlik kosbaar is, en dit is om U as deel van my lewe te kan hê!



## Paulus se Toespraak (2)

## Handelinge 22:1-22

Wanneer Paulus die vertroue van die skare het, begin hy vertel van sy Damaskuservaring. Hy vertel dat hulle besig wat om te reis na Damaskus, juis om daar die mense van "die Pad" (soos Christene daardie tyd genoem is) te gaan vervolg. Hy het beplan om almal wat hierdie leer aanhang te gaan uitsleep en in die tronk te stop. En toe skielik, toe hulle die middag naby Damaskus kom, straal daar 'n helder lig uit die hemel wat Paulus totaal verblind. Al sy reisgenote het die lig gesien.

Paulus het op die grond neergeval. Toe kom daar 'n stem uit die hemel: "Saul, Saul, waarom vervolg jy my?" Toe Paulus vra wie dit is wat met hom praat, antwoord die Stem uit die hemel: "Dit is vir My wat jy vervolg." Jesus het uit die hemel met hom gepraat, en dan stuur Hy vir Paulus na Damaskus, waar alles vir hom verklaar sou word.

Paulus was blind na hierdie ondervinding, en sy reisgenote moes hom na Damaskus lei, waar 'n sekere Ananias, 'n hoogs gerespekteerde Jood na hom gekom het en hom vertel het waaroor dit alles gegaan het.

Paulus vertel vir die skare, wat steeds met volle oorgawe na hom luister, dat hierdie Jesus van Nasaret sy lewe dramaties verander het. Na sy ontmoeting met Jesus het hy 'n totale nuwe visie en lewenstaak gehad. Om die waarheid te sê, het die Here hom aangestel as getuie van Sy opstanding!

Wanneer jy die Evangelie met iemand deel, moet jy dit kontekstualiseer.  Wat beteken dit? Eenvoudig: jy moet dit binne die konteks plaas van die omstandighede waarin jy dit deel. As ons terugdink aan die vorige hoostuk, en hoe Paulus eintlik sy eie stert geprys het (so wou dit voorkom), dan wil jy amper sê: “Maar só deel jy mos nie die Evangelie met mense nie!”

Maar binne die konteks van die omstandighede sou géén ander metode waarskynlik énige resultate opgelewer het nie. Die mense sou hom net bly uitjou het! Maar met hierdie totaal onortodokse benadering kon Paulus daarin slaag om die mense se aandag gevange te hou.

As ek met iemand praat wat alreeds 'n goeie agtergrond van die Bybel en Godsdienstigheid het, sal ek 'n totaal ander benadering gebruik as wanneer ek met iemand praat wat totaal onverskillig staan teenoor geloof en Godsdiens.

'n Hindoe, wat meer as driemiljoen gode dien, en Jesus dalk sien as maar net nóg 'n god, sal ek anders benader as 'n Moslem wat glo dat daar slegs een God is, en wat Jesus nie kan sien as deel van die God-heid nie.

Op dieselfde wyse sal ek vir 'n kind die Evangelie “inkleur” met 'n storie wat hy sal onthou en vir die intellektuele persoon sal ek dit moontlik koppel aan baie Skrifgedeeltes en dalk selfs aanhalings uit geskiedkundige geskrifte.

In kort: daar is nie een enkele standaardmetode om die Evangelie met iemand anders te deel nie. Nou weet ek ook

sommer dat 'n paar mense nie met my gaan saamstem nie: “Wat dan nou van die EE III metode? Dit is 'n onfeilbare model! Of wat van Getroue Getuies? En Campus Crusade se 4 Geestelike Wette?”

Hierdie is almal uitstekende riglyne om jou te help om die Evangelie met mense te deel, en hoe meer van hulle jy onder die knie kan kry, hoe beter! Die kennis wat jy hieruit kry kan jy gebruik en kombineer met die omstandighede waarin jy die Evangelie met die persoon deel.

Maar terug by Paulus se toespraak: Hy vertel dat hy na sy Damaskuservaring na Jerusalem is. Hy het na die plek gegaan waar hy oor die jare gewoond was om met die Here te praat, die tempel. Daar het hy gaan bid, soos wat hy al sóveel keer gedoen het. Maar hierdie slag was dit anders, want terwyl hy in gebed was, het hy 'n geestesvervoering beleef. Hy het 'n visioen gehad waar hy vir Jesus gesien het. Die Here het hom gewaarsku om dadelik uit Jerusalem weg te gaan, want die mense sal nie sy boodskap aanvaar nie.

Paulus het dit begryp, want dit was nog vars in almal se geheue dat hy die gelowiges wreed vervolg het, en selfs betrokke was by Stefanus se steniging.

Daar in die tempel kry hy toe sy opdrag van Jesus om weg te gaan en die Evangelie na die heidene toe te neem.

Hierdie laaste sin was een te veel vir die skare, en hulle begin weer skreeu: “Weg met hom! Weg met hom!”

Het iemand ooit tot geloof in Jesus gekom deur hierdie

aangrypende toespraak van Paulus? Ons weet nie! Maar een ding is seker, en dit is dat die boodskap helder en duidelik weerklink het! Iemand in daardie gehoor móés daardeur geraak wees.

Hoeveel mense het ek al tot geloof gelei? Ek het nie die vaagste idee nie! Maar ek het al duisende kere die Evangelie gesaai, en my innige gebed is dat baie van daardie saadjies gegroei het en hopelik vandag al sélf vrug dra en die saad van die Evangelie saai.

Gebed:

Here help my asseblief om onverpoosd tydig en ontydig te saai, en gee my asseblief die wysheid om altyd die regte metode te gebruik.



# Op die Rooi Tapyt

## Handelinge 22:22-23:5

Die skare is woedend wanneer Paulus vertel dat hy deur God geroep is om die Evangelie aan die heidene te gaan bring. Hulle skreeu: "Weg met hom! Weg met hom!" Baie van hulle pluk hulle klere uit om daardeur te wys dat hulle nou gereed maak om hom onder die klippe te steek. Hulle gryp stof en gooi dit in die lug op om hulle bittere misnoë te kenne te gee. Hiermee wil hulle dit ook duidelik maak dat hulle nie Paulus se "Godslastering" oor hulle wil laat kom nie.

Die kommandant sien dat hier 'n baie lelike ding kom, en dan gryp hy in om die saak te beredder. Haastig vat hulle vir Paulus in die kaserne in. "Gésel hom, dan sal ons uitvind wat hy werklik gedoen het!" beveel hy sy soldate. 'n Goeie dosis lyfstraf sal die belhamel beslis aan die praat kry! Omdat Paulus die skare in Aramees toegespreek het, het hy nie verstaan waaroor die hele ding gaan nie, en hoekom die mense hom dan wou doodhê nie.

Die manne gehoorsaam en hulle bind vir Paulus aan 'n paal vas. Dit sou nie die eerste keer wees wat Paulus hierdie wrede straf sou deurmaak nie, en hy weet presíés watter nagmerrie op hom wag. Dan draai Paulus ewe kalm na die kaptein: "Sê my, mag julle 'n Romeinse burger gésel? En dít boonop nog sonder 'n verhoor ook?"

Die man skrik hom spierwit! As hulle vandag vir Paulus

gésel, is hulle kniediep in die sop, want hy het die Romeinse reg aan sy kant. “Wat gaan u doen?” vra hy verskrik vir die kommandant, “Hierdie man is 'n Romeinse burger!”

“Sê my, is jy 'n Romeinse burger?” vra die kommandant vir Paulus. Hy wil dóódseker maak dat hulle nie vandag hier 'n gruwelike fout begaan nie. As Paulus bevestigend antwoord, vertel hy vir Paulus dat hy sélf Romeinse burgerreg het, maar dat hy 'n klomp geld moes betaal vir daardie voorreg.

“Ek het dit deur geboorte gekry,” deel Paulus hom mee.

Nou het die offisier sommer groot respek vir Paulus: “Maak hom los! Toe, góú!” skree hy vir die verskrikte soldate. Hy besef dat hy eintlik al klaar in die moeilikheid is nét omdat hy vir Paulus laat boei het. Nou moet hy báie versigtig wees hoe hy die saak verder gaan hanteer. As Paulus maar net 'n gewone Jood was, kon hy hom verinneweer nés hy wou. Maar 'n Romeinse burger is 'n bevoorregte mens. Aan hom mag jy nie raak sonder baie goeie rede nie! Hy ril as hy dink wat die gevolge sou wees as hy voortgegaan het en Paulus laat gésel het. Dit sou die einde van sy loopbaan beteken het, en dalk nog baie erger. Hy wil nie eers daaraan dink nie!

Die volgende dag roep die kommandant, Klaudius Lisius, die Joodse Raad en priesterhoofde bymekaar. Hy wil agter die kap van die byl kom. Hy wil nou weet waarom hierdie gesiene manne dan so giftig is teenoor Paulus. Wat het hy so verskriklik verkeerd gedoen?

Wanneer almal bymekaar is, bring hy vir Paulus in.

Vreesloos kyk Paulus die klomp nors gesigte vierkant in die oë: “Broers, ek het heeltemal 'n skoon gewete oor hoe ek tot vandag toe my lewe in diens van God gelei het.”

Annanias, die hoëpriester is sommer dadelik woedend. Hoe kan hy nog sê dat sy gewete skoon is na alles? “Slaan hom op sy mond!” skree hy vir een van sy onderdaniges.

Annanias was 'n berugte figuur, gierig en gewelddadig, en boonop was hy baie danig met die Romeine. Hieroor is hy uiteindelik in 66nC vermoor deur Joodse nasionaliste.

“God sal jou slaan, jou skynheilige witgeverfde graf!” snou Paulus hom toe wanneer die vuishou hom vol in die gesig tref. “Jy sit hier om my volgens ons wet te verhoor, en dan handel jy sélf teen die wet deur my te laat slaan!” Die wet is baie duidelik dat jy nie iemand mag slaan voordat hy nie skuldig bevind is nie.

Die mense is geskok oor Paulus se heftige reaksie: “Skel jy die hoëpriester van God uit?”

Vir 'n oomblik is Paulus uit die veld geslaan. Hy het nie besef dat Annanias die hoëpriester is nie, en dan vra hy dadelik om verskoning, en hy voeg by dat 'n mens respek moet hê vir jou volksleiers.

Paulus kan sy tong afbyt oor sy uitbarsting, want hiermee het hy nou ál sy kanse om die Raad se goedgesindheid te wen, verbrou. Nou sal hy blitsvinnig 'n nuwe strategie moet uitdink as hy sy eie bas wil red.

As gelowiges moet ons te alle tye ons liefde uitleef, selfs

wanneer ons vervolg word. Dit beteken egter nie dat ons nou maar 'n vloermat moet word en gelate toelaat dat almal op ons trap nie! Gelowiges het óók regte nés al die ander mense, en ons mag nie toelaat dat ons regte van ons ontneem word nie.

Ek was die afgelope tyd in gesprek met 'n paar mense wat soos vloerlappe behandel is deur hulle werkgewers. Moet jy dit maar net aanvaar? Nee beslis nie! Maar jou optrede teen hierdie buffel moet voldoen aan die voorskrifte van die Bybel. Paulus het baie slim van sy regte gebruik gemaak. Ons moet dieselfde doen!

Gebed:

Here, dankie dat ek die reg aan my kant het. Gee my asseblief die wysheid om dit met vrug te gebruik.



# Chaos in die Joodse Raad

## Handelinge 23:6-11

Terwyl Paulus voor die Joodse Raad is, noem hy die hoëpriester 'n "witgepleisterde graf." Hy het nie besef dat dit die hoëpriester was nie. (Die 1983 vertaling het dit vertaal as "skynheilige".) Dit is interessant dat Jesus ook per geleentheid die Fariseërs witgepleisterde grafte genoem het.

Hierdie uitlating van Paulus het hom nou egter die gramskap van die Raad op die hals gehaal. Hulle laat nie iemand hulle hoëpriester só beledig nie! Nou moet Paulus baie vinnig dink om homself uit hierdie gemors te wurm.

Eers vra hy mooi om verskoning, en hy verduidelik dat hy nie geweet het nie. En sommer in dieselfde asem beklemtoon hy dat hy 'n gerespekteerde Fariseër is uit 'n hele familie van Fariseërs. "En ek word eintlik vandag verhoor omdat ek vas glo dat daar 'n opstanding uit die dood is!"

Hierdie is 'n baie slinkse skuif van Paulus, al lyk dit op die oog af baie onskuldig. Paulus weet baie goed dat die Joodse Raad saamgestel is uit Fariseërs sowel as Sadduseërs. En hierdie twee groepe glo nie eenders oor die hiernamaals nie. Die Fariseërs glo dat daar lewe is na die dood, en dit is een van die redes waarom hulle die wet so nougeset nakom, om die ewige lewe te kan verwerf.

Die Sadduseërs, aan die ander kant, glo nie dat daar lewe na die dood is nie. Jy leef eenmaal, en tydens daardie lewe moet jy God voluit dien. Wanneer jy egter die dag jou oë

toemaak, dan is alles verby vir ewig. Hulle beweer selfs dat daar nie sulke dinge soos engele of geeste bestaan nie. (Nou wonder ek hoe hulle dan hulle Bybel gelees het? Wat van die talle beskrywings van engele in die Ou Testament?)

Deur hierdie opmerking te maak, gooi Paulus nou 'n baie sensitiewe klip in die bos, en sommer dadelik begin 'n hewige stryery losbreek tussen die twee groepe. En Paulus glimlag in sy mou! Eintlik het Paulus die waarheid so 'n effentjies verdraai toe hy vertel het dat hy so 'n groot Fariseër is, want later, in sy brief aan die Filippense skryf hy dat sy Fariseërskap eintlik vir hom waardeloos is.

In die debat tussen die Fariseërs en die Sadduseërs word daar oor en weer verwyte geslinger. En dan gebeur die lagwekkende ding, dat die Fariseërs naderhand vir Paulus begin kant kies. Hulle erken selfs dat "Iemand" wél aan Paulus verskyn het op die pad na Damaskus, en met hom gepraat het. Hulle erken nou wel nie dat dit Jesus was nie, maar dit kon 'n engel of die gees van die een of ander afgestorwe heilige gewees het.

"Ons het niks teen hierdie man nie!" verdedig hulle vir Paulus. En diep in sy binneste skater Paulus dit uit van die lag: hy het bereik presies wat hy wou bereik!

Kommandant Klaudius Lisius kyk hierdie woedende spul hoogwaardigheidsbekleërs grootoog aan, en hy raak baie bang. Sê nou net die spul skeur vir Paulus uitmekaar, dan sit hy vandag met 'n gróót gemors op sy hande. Dus beveel hy

sy soldate om Paulus te red en terug te neem na die kaserne.

Daardie nag, terwyl Paulus rustig in sy bed lê in die veiligheid van die kaserne, gebeur daar 'n ding met hom waarvan enige gelowige maar net kan droom: Vir die derde keer in sy lewe verskyn Jesus aan hom. “Hou moed!” vertroos Jesus hom. “Hier in Jerusalem het jy vir my getuig. So moet jy in Rome ook doen.”

Paulus se hart klop woes in sy borskas. Het hy reg gehoor? Rome? Hoe lank droom hy nie al daaroor om na Rome te kan gaan om daar in die hartjie van Sodom en Gomorra vir die Here te kan getuig nie! En hier kry hy die belofte uit die mond van Jesus persoonlik dat hy na Rome gaan. Paulus is só opgewonde dat hy die hele nag nie 'n oog kan toemaak nie. “Dankie Here, Dankie, dankie, dankie,” prewel hy, en dan begin hy sommer spontaan sing, nes hy en liewe ou Silas dit gedoen het daardie nag in die tronk in Filippi:

“*Ek wil die Here prys!*
*Ek wil die Here prys so lank ek lewe,*
*ek wil die lof van my God besing so lank ek daar is!*
*Dit gaan goed met die mens*
*wat sy hulp van die God van Jakob ontvang,*
*die mens wie se hoop gevestig is op die Here, sy God!*”

Paulus leer vir ons as gelowiges vandag om strategies te dink. Jy moet jou kop gebruik wanneer jy die blye boodskap van Jesus wil uitdra. Partymaal vra die situasie van ons om die waarheid luid en onverskrokke uit te basuin. Ander kere

weer in doodse stilte. Persone wat uitreik na lande waar dit verbode is om die Evangelie uit te dra, “plant” dikwels die boodskap deur 'n koevert met die Evangelieboodskap op 'n tuinbankie of 'n ander strategiese plek te “vergeet”. Die regte persoon sal dit wél optel en lees, en dan is die saad gesaai! Op hierdie wyse het talle mense al tot geloof gekom.

Soms is dit selfs reg om onenigheid te saai, soos wat Paulus gedoen het. Ek is byvoorbeeld lief daarvoor om 'n totaal omstrede ding te sê tydens 'n selbyeenkoms. Dit lok gewoonlik 'n hewige bespreking uit en laat mense dink oor wat waarlik reg is.

Gebed:

Here, leer my asseblief om slim te wees wanneer ek die Evangelie uitdra. Gee my wysheid om die regte strategie te gebruik.



Gaan Na Inhoud



# Die Komplot

## Handelinge 23:12-35

'n Klompie beswaarde manne is bymekaar, veertig van hulle. “Hierdie Paulus is besig om 'n bespotting van ons Jode te maak!” tier een kêrel heftig ontstoke.

“Ja,” brom 'n ander, “maar wat kan ons teen hom doen? Daardie Romeinse kommandant beskerm hom, ons kan nie naby hom kom nie.”

“En as hy voor die Raad gedaag word, dan maak hy verder moeilikheid tussen die manne. Kyk nou maar net watter chaos hy nou die dag in die Raadsvergadering veroorsaak het! Hy is so slim soos die houtjie van die galg!”

“Manne,” staan een kêrel op, “daar is net één uitweg: ons moet permanent van hom ontslae raak!”

“Jy bedoel dat ons hom moet vermoor?”

Hierdie manne is Selote, fanatiese Jode wat selfs tot geweld sal oorgaan om die Joodse geloof te beskerm. Die wet van Moses, die tempel en Godsdienstige reinheid moet ten alle koste gehandhaaf word, en niemand kom in hulle pad nie, nie die Romeine nie en ook nie iemand soos Paulus wat nou vir hulle 'n bedreiging geword het nie!

En so sit die manne tot in die vroeë oggendure en strategieë uitwerk presies hoe hulle Paulus in die hande gaan kry. Uiteindelik het hulle 'n onfeilbare plan. Absoluut níks kan skeefloop nie! En die manne neem saam 'n eed, dat nie een


Gaan Na Inhoud

van hulle van nou af 'n krummeltjie oor hulle lippe sal neem voordat Paulus dood is nie. Dit behoort in elkgeval nie langer as 'n dag of twee te neem om hulle bose plan uit te voer nie. “Mag God ons vervloek as ons dit nie doen nie!” sê hulle vir mekaar.

Die volgende oggend gaan 'n afvaardiging met hulle plan na die ringkoppe, die priesterhoofde en die familiehoofde. “Ons het 'n briljante plan,” vertel hulle, “Ons het 'n dure eed afgelê om nie ons mond aan enige kos te sit voordat ons Paulus doodgemaak het nie.” Al wat die ringkoppe moet doen is om met Klaudius te gaan gesels en hom te oorreed om weer vir Paulus voor die raad te bring sodat hulle die saak noukeuriger kan ondersoek. “Ons sal hom voorlê, en wanneer hy op pad is hierheen sal ons toeslaan en hom vermoor.”

Die manne is sommer dadelik ingenome met die idee. Hulle is lús vir Paulus, want hy het 'n bespotting van hulle gemaak!

Maar hulle het nie rekening gehou met God nie. Hy beskik dat die verkeerde persoon (vir hulle!) te hore kom van hierdie bose komplot. Paulus se suster woon in Jerusalem. Wanneer haar seun baie vertroulik by een van sy maats verneem van die komplot, is hy baie bekommerd oor sy Oom Paulus. Stilletjies sluip hy na die kaserne sonder dat een van die Selote hom opmerk, en dan gaan deel hy die ontstellende nuus aan Paulus mee. “Wat gaan ons maak, Oom Paulus? Hulle gaan Oom doodmaak!” Die mannetjie is

bitter bekommerd.

"Aag toemaar, dit is gladnie so ernstig nie," lag Paulus, "hulle wou my al baiekeer doodmaak. Hulle sal dit ook nie hierdie keer regkry nie, want ek het 'n belofte van die Here gekry dat Hy my na Rome gaan stuur. Hy sal my weer red soos wat Hy al sóveel keer gedoen het."

Dan vat Paulus die jongman aan die arm: "Sal jy my 'n guns doen? Gaan vertel vir Kommandant Klaudius wat jy gehoor het."

Die seun skrik hom yskoud by die blote gedagte aan hierdie hoë offisier. Maar dan roep Paulus een van die kapteins nader: "Neem asseblief hierdie jongman na Klaudius, hy het 'n dringende boodskap vir hom."

Die kaptein maak so, en dan kom die seun met die hele sak patats vorendag en vertel vir Klaudius van die komplot. "Bly asseblief doodstil hieroor," sê Klaudius vir hom, "moenie vir enigiemand sê dat jy dit vir my vertel het nie."

Klaudius besef dat hy baie vinnig sal moet spring as hy Paulus uit hierdie gemors wil red. Hy laat roep sommer dadelik twee van sy centurions en gee opdrag dat Paulus onmiddellik onder swaar bewaking na die goewerneur in Sesarea geneem moet word. Só belangrik is Paulus se lewe vir hom, dat hy die helfte van sy weermag, 470 man, stuur om Paulus veilig te hou.

Opgewonde kom die kaptein by Paulus aan: "Maak reg, ons vertrek nege-uur vanaand."

En die kommandant skryf: “Van Klaudius Lisias. Aan die hooggeagte goewerneur Feliks. Groete.”

In sy brief beskryf hy in groot detail van Paulus, en dat sy mening is dat Paulus onskuldig is en dat hy beslis nie die doodstraf of selfs tronkstraf verdien nie. Die Joodse Raad moet nou maar na Sesarea gaan om hulle hofsaak teen Paulus te gaan voer. In sy brief vermeld hy egter nêrens dat Paulus 'n Romeinse burger is nie, en nog minder vertel hy van sy groot blaps dat hy so ampertjies vir Paulus laat gésel het.

Wanneer die Here 'n doel met jou lewe het, sal Hy nie toelaat dat énigiets of iemand in jou pad staan nie. Vertrou net op Hom – Hy sal voorsien, dikwels uit die mees onverwagse oord.

Gebed:

Here, dankie dat ek vandag my hele lewe in U bekwame hande kan gee, met die wete dat U in volle beheer is.



# Paulus Voor Feliks

## Handelinge 24:1-23

Antonius Feliks word in 52 nC. aangestel as goewerneur, 'n pos wat hy in Sesarea beklee tot 59 nC. Wat sy aanstelling merkwaardig maak, is dat hy aanvanklik 'n slaaf was. Sy broer se kontak met keiser Klaudius besorg hom egter sy fenominale opgang in die lewe. Onder die Jode was hy nou nie juis gewild nie, en daar was gedurig konflik tussen hulle. Hy was die hoofoorsaak dat die Jode hulle toenemend verset het teen die Romeinse owerhede. En nou kry hy die "voorreg" om Paulus te verhoor!

'n Hoëvlak afvaardiging daag in Sesarea op uit Jerusalem, vyf dae na Paulus se aankoms om 'n formele aanklag teen Paulus te kom lê. Die hoëpriester Ananias word vergesel van 'n klompie familiehoofde en 'n advokaat met die naam Tertullus. Die advokaat se strategie is om Paulus voor te hou as 'n Joodse onrusstoker, en dus 'n gevaar vir die samelewing. As hy in sy doel slaag, sal Paulus deur die Romeine tereggestel word.

Wanneer hulle voor die goewerneur te staan kom, haal Tertullus eers die heuningkwas uit en smeer dit mildelik om Feliks se mond. Feliks word geprys dat hy vir die Jode rus en vrede gebring het, en dat hy baie verbeteringe aangebring het vir die volk. Hy kan nie genoeg beklemtoon hoe dankbaar hulle is vir wat Feliks alles vir hulle gedoen het nie. Dit is natuurlik die toppunt van skynheiligheid, want

ons wéét mos hoe die Jode die man haat! Na hierdie heuningsmeerdery stel Tertullus sy aanklag teen Paulus: daar is drie ernstige klagte teen hom.

Klag een is dat Paulus skeuring bring in die Joodse geledere regdeur die wêreld. Hy word voorgehou as 'n politieke onrusstoker wat die harmonie binne die Joodse geledere versteur. Hierdie is 'n baie ernstige aanklag, want die Romeine is baie gesteld daarop dat vrede ten alle koste in die Romeinse ryk gehandhaaf moet word.

Klag twee is dat Paulus 'n leiersfiguur is in die "dwaalrigting van die Nasareners." Hy word met ander woorde beskou as een van die leiers van hierdie sogenaamde afskeidingsbeweging wat baie beslis nie die goedkeuring wegdra van die Joodse Raad nie.

Klag drie is dat hy die Tempel verontreinig het. Die Romeine het die Jode baie vryheid gegee oor hoe hulle die tempel kon inrig volgens hulle eie godsdienstige voorskrifte. Hulle het selfs die reg gehad om enige heiden wat dit sou waag om  die tempel te betree (en dus te verontreinig) dood te maak! Volgens Tertullus het Paulus géén eerbied vir die tempel nie.

Tertullus is baie seker van sy saak: "U kan hom gerus maar onder kruisverhoor neem," sê hy vir Feliks, tevrede dat hy 'n waterdigte saak het. Hier het Paulus nie 'n kat se kans om los te kom nie!

Feliks knik sy kop in Paulus se rigting, en dadelik val Paulus


Gaan Na Inhoud

weg deur vir Feliks te sê dat hy vertroue het in die goewerneur se integriteit.

Op die eerste aanklag sê Paulus dat hy slegs twaalf dae in Jerusalem deurgebring het. Dis mos gans onmoontlik om 'n hele stad in beroering te bring in só 'n kort tydjie! Hy het na Jerusalem gekom met één doel voor oë, om God te aanbid. Nêrens het hy met enigeen gestry nie of enigiemand probeer aanhits nie. Hierdie aanklaers het géén bewyse in hierdie verband nie!

Die aanklag dat hy 'n leier in die kerk is, verdedig Paulus gladnie. Hy wil dit egter baie duidelik stel dat hierdie gladnie 'n dwaalleer is soos hulle beweer nie en dat dit volkome in ooreenstemming is met alles wat in die Joodse geskrifte geleer word. Hy glo steeds elke woord wat in die Bybel staan! Hy glo stééds in slegs een God en hy aanvaar die wet en die profete asook die opstanding uit die dood en die finale oordeel van God.

Die derde klag, dat hy die tempel ontheilig het, is óók ongegrond, want hy het júís na Jerusalem gekom om Jode te kom help. Hy het 'n kollekte saamgebring om vir die Jode te gee. En sy besoeke aan die tempel was allesbehalwe ontheiliging, dit was in der waarheid deel van 'n reinigingshandeling! En terwyl hy daarmee besig was het die Jode uit Asië hom gegryp en vals beskuldig. Hy wys vir Feliks daarop dat dit eintlik hierdie Jode uit Asië moet wees wat aanklagte teen hom moet bring, maar hier is nie 'n enkele een van hulle teenwoordig nie!

Hy sê verder dat die enigste dispuut wat óóit ter sake gekom het, die een is oor die opstanding uit die dood. Die goewerneur kan hom tog nie vonnis oor sy standpunte oor die lewe na die dood nie? Verder is daar absoluut géén grondige regsaak teen hom nie!

Druipstert is die Joodse afvaardiging weg. Paulus bly egter in aanhouding, maar hy het 'n groot mate van vryheid, hy kan selfs besoekers ontvang en hy word toegelaat dat sy mense vir hom sorg.

Die Here het nog 'n groot taak vir Paulus gehad, en daarom kon selfs die skerpste advokaat nie hond haaraf maak met sy verhoor nie. Wanneer die Here vir my en jou 'n taak het, sal niks in ons pad staan nie. Dit beteken nie dat ernstige probleme nie sal opduik nie, maar ek hoef my vir géén oomblik te bekommer wanneer die struikelblokke kom nie, want God is in beheer, en géén struikelblok is vir Hom te groot nie!

Gebed:

Dankie dat U in beheer is, Here!



**Nie Nou Nie.…**

**Handelinge 24:24-27**

Na Paulus se verhoor in Sesarea bly hy in aanhouding. Nee, Feliks vonnis hom nie, hy sê bloot vir Paulus se Joodse beskuldigers dat hy eers gaan wag vir kommandant Lisias om te kom sodat hy die saak kan afhandel.

Deur Paulus nie te vonnis nie, erken hy eintlik dat die man onskuldig is. Hy probeer bloot tyd koop. Eintlik het hy, volgens Lukas, heimlik gehoop dat Paulus hom omkoopgeld sou betaal om hom vry te laat. Wat hom ooit laat dink het dat Paulus los geld op hande sou hê, weet nugter alleen! Dalk het hy gemeen dat Paulus se vriende gou-gou vir hom 'n fondsinsameling sou hou om hom los te koop uit die tronk. Hulle het immers vir die gemeente in Jerusalem fondse ingesamel!

Lukas reken verder dat Feliks vir Paulus in die tronk wou hou om die Jode se guns te probeer wen. En só bly Paulus vir 'n verdere twee jaar in die tronk in Sesarea onder Feliks, sonder dat sy verhoor gefinaliseer word of dat hy skuldig bevind word.

Maar Paulus sit nie in die tronk en speel met sy duime nie. Hy maak gebruik van sy tyd. Enkele dae na sy verhoor word hy alreeds vir die eerste keer ontbied deur Feliks om hom meer te vertel van die Christelike geloof. Wanneer Paulus die vertrek binnekom sit Feliks se vrou, Drusilla ook daar, opgewonde om hierdie merkwaardige man te hoor praat.

Drusilla is Feliks se derde vrou. Sy is lid van die beroemde (of is dit dalk eerder berugte?) Herodiaanse familie. Sy is die dogter van Herodus Agrippa I, dus Agrippa II se suster. Hierdie is ook nie háár eerste huwelik nie. Sy was eers getroud met koning Asis van Emesa. 'n Towenaar genaamd Atomos oorreed haar egter om van hom te skei en met Feliks te trou. Sy volg dus bloot in die voetspore van al die ander Herodusse!

Wanneer Paulus voor die twee gaan staan, hoor Feliks ongelukkig nie wat hy graag wil hoor nie. Anders as die gladdebek advokaat met die heuningkwas, is Paulus reguit. Hy gebruik nie vleitaal om Feliks te beïndruk sodat hy hom uit die tronk sou vrylaat nie. Inteendeel, hy vertel vir die twee dat Christenskap gaan oor 'n lewe van gehoorsaamheid en selfbeheersing. Dit gaan ook oor die komende oordeel. Christenskap het dus sekere praktiese implikasies: Jou lewe moet wys dat jy 'n navolger van Christus is. 'n Christen kan nie maar doen wat hy wil nie, hy moet in gehoorsaamheid aan God die bevele van die Here uitleef. En dit is veral selfbeheersing en nugterheid wat vir iemand soos Feliks, wat gewoond is daaraan om sy drange vrye teuels te gee, so 'n bitter moeilike ding is!

Moontlik het Feliks en Drusilla gedink dat selfbeheersing slegs op gewone mense van toepassing is. Maar dit is selfs nog meer so vir mense in hoë posisies, mense wat status en aansien het. Gehoorsaamheid en selfbeheersing geld vir ryk en arm, oud en jonk, belangrik en doodgewoon. Maar hoe

hoër jou posisie is, hoe groter is jou verantwoordelikheid, want mense sien jou as 'n rolmodel. En daar geld dit vandag veral vir die kalkligvangers soos sportsterre, musikante, filmsterre, leraars en politieke leiers.

Onthou, jou leefstyl is 'n getuienis! Bloot omdat jy 'n gelowige is, kyk mense baie krities na jou. Jou leefstyl weerspieël dus nie alleen jou eie lewe nie, maar veral die lewe van Christengelowiges in die algemeen. Hou die Naam van Jesus hoog!

Feliks en Drusilla luister na Paulus en hulle word baie bang: "Dis nou genoeg!" beduie hy vir Paulus. "Gaan nou maar eers terug, en as ek tyd het sal ek jou weer laat roep."

En só laat glip Feliks en Drusilla vir ewig die wonderlike vryspraak van Jesus deur hulle vingers. Hulle het die grootste voorreg gehad wat enigeen voor kon wens, om die fenominale prediker Paulus privaat tot hulle beskikking te kon hê, maar hulle was nie bereid om 'n klein opoffering te maak nie. Hulle het té verknog geraak aan die begeerlikhede van hierdie wêreld. En om hulle drange en begeertes vrye teuels te gee.

As Paulus, aan die ander kant, slegs bereid was om 'n paar mooi dinge te sê wat Feliks of Drusilla sou vly, sou Feliks hom waarskynlik nét daar vrygelaat het. Paulus se gehoorsaamheid aan die Here oor watter boodskap hy aan hierdie uitgelese egpaar moes oordra, het egter gesorg dat Paulus vir twee jaar in die tronk in Sesarea opgesluit sou

moes bly. Paulus het sy Christelike beginsels konsekwent uitgeleef, selfs tot in die hoogste raadsale van befaamde politieke leiers. Sy eie gerief en selfs sy vryheid het hy van minder waarde geag as sy gehoorsaamheid aan die Here.

Uiteindelik is Feliks in 59 nC. opgevolg deur Porkius Festus, en gevolglik erf Festus ook vir Paulus as sy gevangene, een met wie hy nie raad het nie, want hy weet nie waaraan Paulus skuldig is nie!

Paulus was sékerlik teen hierdie tyd al baie gefrustreerd. Maar hy vestig ál sy hoop op Jesus se belofte dat hy nog in Rome die Evangelie sou gaan uitdra. Dus wag hy geduldig op die Here, en hy gryp elke geleentheid aan om die Evangelie met iemand te deel.

Gebed:

Here, help my asseblief om U heilige Naam te alle tye hoog te hou met my leefstyl.



# Alweer op die Rooi Tapyt

## Handelinge 25:1-12

“'n Nuwe besem vee skoon” – só lui die gesegde. Porkius Festus is die nuwe besem in Sesarea, en die Jode vestig ál hulle hoop daarop dat Festus skoon sal vee. Skaars drie dae na sy aankoms in Sesarea as splinternuwe goewerneur, vertrek hy na Jerusalem, die kookpot van die provinsie om dinge daar te begin regruk.

Sommer met die intrapslag word hy toegegooi met beskuldigings wat die Joodse leiers teen Paulus inbring. “Asseblief, stuur tog daardie belhamel vir ons hier in Jerusalem, doen vir ons daardie een enkele ou gunsie!” smeek die Joodse leiers vir Festus.

Maar weereens is hierdie eintlik net 'n slinkse set van die kerkleiers. Hulle stel gladnie daarin belang om vir Paulus te verhoor nie, hulle beplan alweer om hom in 'n hinderlaag voor te lê om hom dood te maak.

Maar hierdie “besem” weier om na hulle pype te dans: “Paulus word in Seasarea aangehou. Stuur julle maar julle bekwaamste manne saam met my wanneer ek teruggaan, dan kan ons hom daar verhoor.”

'n Week of wat later is Festus terug na Searea, vergesel van 'n groep Jode. Met sy aankoms gaan sit hy by die regbank en roep vir Paulus in. Die Jode kom staan 'n kring om Paulus en hulle slinger allerhande aanklagte teen hom. Festus sit die spulletjie en bekyk, en hy kan nie kop of stert uitmaak van

wat die manne nou eintlik wil probeer bewys nie. “Wat sê jy op al hierdie aanklagte?” vra hy vir Paulus.

“Ek het niks verkeerd gedoen nie,” haal Paulus sy skouers op, “nie teen die Joodse wet óf die tempel of selfs die keiser nie.”

Festus is nou eintlik in 'n baie moeilike posisie: hy besef maar ál te goed dat Paulus onskuldig is. Hierdie Jode kon met géén konkrete bewyse vorendag kom nie. Maar hy sou wát wou gee om in hulle goeie boekies te kom. Dit kan nogal baie vir sy status beteken!

“Sou jy bereid wees om na Jerusalem te gaan vir 'n verhoor daar?” wil Festus weet. Hy weet dat as hy vir Paulus daarheen stuur, dan het hy sommer dadelik die Jode se vertroue gewen. Maar Paulus besef ook dat as hy na Jerusalem gaan, teken hy sy eie doodsvonnis. Dit moet hy ten alle koste vermy.

“Ek staan tereg voor die keiserlike regbank,” wys hy vir Festus op sy regte. “Hier moet ek verhoor word! U weet baie goed dat ek die Jode niks aangedoen het nie. As ek skuldig is, dan is ek bereid om te sterf daarvoor, maar ek is onskuldig.”

En dan neem Paulus 'n baie moeilike besluit. Hy besef maar ál te goed dat hy nou hier vrygelaat kan word as die goewerneur reg sou handel. Maar hy is bitter onvoorspelbaar, en as hy nou besluit om vir Paulus na Jerusalem te stuur, is dit klaarpraat! Dan is sy droom oor

Rome ook daarmee heen. Hy kan egter sy burgerlike reg uitoefen en hom beroep op 'n verhoor deur die keiser. Dit sal egter beteken dat hy beslis in aanhouding sal moet bly totdat die verhoor afgehandel is, en dit kan nog jare duur!

“Ek beroep my op die keiser!” sê Paulus nadat hy die saak goed oorweeg het.

Die goewerneur se gesig val: daar vlieg al sy goeie aspirasies om vriende te maak met die Jode, by die venster uit. Die Jode wil hulle klere skeur, want hulle besef dat dit nou neusie verby is om hulle aardsvyand in die hande te kry. Festus weet nie mooi wat om te doen nie, en hy roep sy raadgewers nader: “Wat moet ek doen?”

“Ons het nie 'n keuse nie,” deel hulle hom mee, “hy is 'n Romeinse burger, en as hy hom op die keiser beroep, mag ons dit nie teëstaan nie!”

“Jy het jou op die keiser beroep; na die keiser toe sál jy gaan!” Festus is moedeloos; die Jode is woedend; Paulus besef skielik die volle implikasies van sy besluit, dit beteken dat hulle hom na Rome gaan stuur! “Rome, hier kom ek!” juig dit in hom.

Hoe lank droom Paulus nie al daarvan om in Rome te kom nie. Maar die geleentheid het hom net nooit voorgedoen dat hy daarheen kon gaan nie. En nou, vanuit hierdie totaal onverwagse oord doem die geleentheid skielik op. En hy hoef nie eers reisgeld te betaal om daar te kom nie, die Romeinse regering stuur hom gratis na Rome! “Dankie


Gaan Na Inhoud

Here, dankie, dankie, dankie!" jubel Paulus dit uit wanneer hy in sy sel kom.

Boonop begin die besef stadig tot Paulus deurdring dat die Jode wat hom so genadeloos vervolg het, die hoof oorsaak is dat hy nou sy droom kan uitleef. En hy word gestuur op hierdie "uitreikaksie," nie deur medegelowiges nie, maar deur afgodsaanbiddende heidene! Hoe wonderlik is die Here ons God nie! Hy gebruik Paulus se vyande en heidene om Sy wonderlike doel te bereik!

Kan ons dan nog vir één oomblik twyfel dat God almagtig is? Kan ons nog énigsins dink dat God nie in vólle beheer is nie? Kom ons vertrou Hom met ons héle wese!

Gebed:

Here, vanoggend moet ek net in aanbidding voor U neerval en U almag erken en U loof omdat U steeds in volle beheer is.



## Voor 'n Uitgelese Gehoor

## Handelinge 25:13-26:32

Wanneer Porkius Festus as goewerneur oorneem, moet hy darem mos nou behóórlik verwelkom word, en so besluit Koning Herodus Agrippa II om 'n staatsbesoek te bring aan Festus om hom baie welkom te laat voel. Hy word vergesel van sy suster Bernice wat by hom bly. Sy was voorheen met Herodus van Chalkis getroud, en sy is ook die suster van Drusilla, van wie ons in 'n vorige dagstukkie gelees het. Herodus van Chalkis was Herodus Agrippa II se pa se jonger broer. Probeer nou maar self hierdie familieverband uitwerk! 'n Groot deurmekaarspul!

En so kom die koning van Judea en sy gevolg met groot seremonie in Sesarea aan om 'n paar dae by goewerneur Festus deur te bring. Festus kan maar nét nie vir Paulus uit sy gedagtes kry nie, selfs nie eers gedurende hierdie koninklike besoek nie. Hierdie man het 'n gróót indruk op hom gemaak. Dan vertel hy vir Agrippa van Paulus: "Hier is iemand wat deur my voorganger, Feliks as gevangene agtergelaat is. Die Jode wil hom met alle geweld laat skuldig bevind, maar toe ek hom verhoor, kon ek rêrag niks kry wat énigsins tronkstraf kon regverdig nie. Dit het alles gegaan oor twisvrae oor 'n sekere Jesus wat glo dood is. Hierdie man beweer egter dat Jesus nog lewe."

"Dit maak nie sin nie", krap Agrippa sy kop.

"Ja, en toe wil die Jode hê dat ek hom na Jerusalem toe moet

stuur sodat hulle hom daar kon verhoor. Ek het eerlik nie geweet hoe om die saak te hanteer nie, en ek wou hom stuur. Maar die man beroep hom toe op die keiser. Hy het verkies om eerder in gevangenskap te bly as om deur die Jode verhoor te word."

Nou is Agrippa baie nuuskierig. Hierdie Paulus klink na 'n baie interessante karakter: "Ek sou baie graag ook die man wil hoor," vra hy vir Festus.

"Ek sal reël dat u hom more kan hoor," belowe hy.

Die volgende oggend blaas die trompette 'n fanfare wanneer koning Herodus Agrippa en Bernice met groot vertoon die saal binnekom. Al die belangrikste mense is daar, die generaals en elkeen met status.

Op Festus se bevel word Paulus ingebring. Hy laat gly sy oë oor die uitgelese gehoor, oral waar hy kyk is dit net goud, blink edelstene en pronkvere. Paulus besef skielik watter groot voorreg dit is om ook die Evangelie te kan deel met al hierdie hooggeplaastes, mense wat andersins nooit óóit die blye boodskap sou hoor nie.

Festus kry eers sy woordjie in: "Koning Agrippa en almal hier teenwoordig, hier voor u is die man wat die Jode almal dood wil hê. Nou het hy hom op die keiser beroep, maar ek weet werklik nie wat om vir die keiser te skryf nie! Dit is mos sinneloos om 'n gevangene te stuur sonder dat daar 'n geldige aanklag teen hom is!"

"Jy kan maar jou saak stel," por die koning vir Paulus aan.

Met 'n dramatiese handbeweging wend Paulus hom tot Herodus: “Koning Agrippa, ek ag myself gelukkig dat ek my vandag juis voor u teen al die beskuldigings van die Jode kan verdedig, veral omdat u so goed bekend is met al die Joodse gebruike en twisvrae. Ek versoek u dus om geduldig na my te luister.”

En dan begin Paulus en vertel hoedat hy in Jerusalem grootgeword het en dat almal hom daar baie goed ken. Almal weet dat hy 'n Fariseër was en hoe nougeset hy die Here gedien het. Hy vertel van hoedat hy Christene vervolg het en uiteindelik dan sy ontmoeting met Jesus op die Damaskuspad. Hy vertel van Jesus wat moes ly, maar dat Hy uit die dood opgestaan het, en dat Hy die lig aan die Jode sowel as die heidennasies bring.

“Paulus, jy is mal!” skree Festus. “Jou groot geleerdheid maak jou mal!”

“Nee,” antwoord Paulus, “ek is nie mal nie u Edele, maar onder leiding van die Heilige Gees praat ek die waarheid. En dan wend hy hom tot die koning: “Koning Agrippa, glo u die profete? Ek weet u glo!”

Die koning is totaal uit die veld geslaan: “Jy dink jy kan my sommer gou-gou 'n Christen maak!” stamel hy.

“Ek bid God dat nie net u nie, maar almal wat vandag na my luister, sal word soos ek is, net sonder die boeie.”

Daarop staan Agrippa en sy gevolg op. Hy is nie gewoond dat 'n tronkvoël hom in die openbaar aanvat nie! Terwyl

hulle uitloop sê Agrippa vir Festus: “Hierdie man het niks verkeerd gedoen nie. Hy kon nou vrygelaat gewees het as hy hom nie op die keiser beroep het nie.”

Wanneer ons die gedeelte in die Bybel lees, sien ons dat die Christelike geloof nie maar net berus op die een of ander ideologie nie, maar dat alles gegrond is op historiese feite. Jesus se kruisiging en opstanding word nie betwis nie. Daar was talle getuies wat die dinge met hulle eie oë sien gebeur het.

Maar ons sien ook hoedat Paulus 'n koning reguit konfronteer met die Evangelie. Dit kos moed! Maar hy doen dit met die krag van die Heilige Gees. Ek en jy het daardie selfde krag vandag steeds tot ons beskikking!

Gebed:

Here, dankie dat ek vanoggend weereens kan besef dat alles oor U waar is. Gee my ook asseblief soos Paulus daardie moed om van U te vertel wanneer die geleentheid hom voordoen.



Gaan Na Inhoud



## Die Storm (deel 1)

## Handelinge 27:1-17

Paulus is baie opgewonde: nie alleen het Lukas na Sesarea toe gekom om by Paulus te wees nie, maar die tyd van sy vertrek na Rome het uiteindelik aangebreek. Hy gaan nou wel as 'n gevangene, maar daar is nie 'n sweempie van vrees in Paulus nie.

Paulus en 'n paar ander gevangenes word in die sorg gelaat van Julius, 'n offisier van die keiserlike regiment. Paulus word vergesel van twee vriende, Lukas en Aristargos op sy seevaart na Rome. Die skip neem hulle na Mira in Lisië, maar in plaas van om reguit na Mira te vaar, seil hulle met 'n groot ompad, al met die kus langs, om die noordweste van die eiland Siprus. Die rede is dat seevaart in daardie jare bitter gevaarlik was, en hulle moes probeer om so ver moontlik in beskutte waters en relatief naby die kus te bly vir ingeval die skip sou vergaan.

Hulle doen by die hawe in Sidon aan, en die offisier gee vir Paulus die vryheid om sy vriende, die gelowiges van die stad te gaan besoek.

Met hulle vertrek uit Sidon, begin die probleme: 'n sterk westelike herfswind maak dit moeilik vir hulle, en hulle moet in die beskutting van Siprus vaar. Maar wanneer hulle om Siprus is, kry hulle die wind van voor, letterlik! En hulle vordering is maar stadig!

Uiteindelik kom hulle tóg veilig in Mira aan. Daar gaan


Gaan Na Inhoud

hulle aan boord van 'n ander skip, een van die talle skepe wat vaar in die graanhandel tussen Aleksandrië en Rome. Van Mira af vaar hulle wes na Knidus. Maar die wind raak al sterker en sterker, en die 200 kilometer reis neem hulle etlike dae. Die kaptein is genoodsaak om by Knidus anker te gooi en eers te wag dat die wind bedaar. Maar die wind bedaar nie, en die kaptein raak ongeduldig, want in Rome wag hulle op sy vrag. Dan besluit hy om tóg maar te seil, maar in plaas daarvan om wes te vaar na Rome, kies hy koers suid om die beskutte kant van die eiland Kreta.

Na 'n groot gesukkel kom hulle by Mooihawens aan, een van Kreta se hawens. Die byna stormsterkte wind teen hulle het veroorsaak dat hulle nou al baie tyd verloor het, en dat die gevaarlike tyd van die jaar vir seevaart aangebreek het. Die kaptein is egter ongeduldig, en hy begin gereed maak om verder te vaar, tot Paulus se groot ontsteltenis. Hy het nou al 'n paar keer beleef dat sy skip sink, en hy weet presies wat om te verwag. Hy gaan pleit by die Romeinse offisier om vir die kaptein te vra om asseblief nie verder te vaar nie. “Dis uiters gevaarlik, en ons gaan nie net die vrag verloor nie, maar menselewens gaan in gevaar wees!”

“Aag, wat weet daardie landrot nou van skeepsvaart?” Die kaptein is sommer omgekrap. “Ek waarborg jou, dis veilig!”

En daarmee trek die Romein sy skouers op en laat die kaptein begaan. In elkgeval is Mooihawens nie werklik geskik om in te oorwinter nie. Feniks, 'n hawe sowat 80 kilometer verder, aan die weste kant van Kreta in 'n baie

beter proposisie, en die kaptein stem in om daarheen te vaar. Die noordweste wind het nou gaan lê, en nou waai daar 'n ligte bries uit die suide. “Lig anker!” blaf die kaptein, en die seemanne spaander in alle rigtings om die skip uit die hawe te kry.

Paulus skud net sy kop, hier kom gróót moeilikheid!

En dan word ál Paulus se vrese waar: skielik draai die suidebriesie noordoos, en dan wéét Paulus sommer dat dit baie slegte nuus is, want dit is die begin van die gevreesde Eurakilon, die noordoos-stormwind wat al menige skip laar vergaan het. Dit is ook nie lank nie, of die wind bereik stormsterkte en dryf hulle totaal van koers af. Die reddingsbootjie wat aan 'n tou agter die skip aangesleep word, is binne minute propvol water, en die manne sien hoedat hulle enigste redding besig is om te sink.

Dan tref 'n klein gelukkie hulle wanneer 'n klein eilandjie met die naam Kauda opduik. Vir 'n kort rukkie beleef hulle 'n effense kalmte. Nou kan hulle dalk probeer om hulle reddingsbootjie te red. Met groot moeite sleep hulle die bootjie nader, skep die water uit en hys dit aan boord.

Die geweld van die storm slinger die skip heen en weer, en Paulus kan hoor hoedat die vaartuig kreun en kraak soos die woeste golwe dit verwring. Hier in die relatiewe kalmte van Kauda kan hulle dalk ook iets hieraan doen. “Bind toue om die buik!” skree die kaptein bo die geweld van die storm uit. Hierdie is nie 'n maklike taak nie, veral nie in hierdie woeste

water nie. Dit moet egter gedoen word, anders gaan die branders die skip uitmekaar ruk. Skaars is hulle ook klaar met hulle taak, of die volle geweld van die storm tref hulle weer.

Teen hierdie tyd word die skip teen 'n verbysterende spoed weg van die land af gedryf. Die matrose gooi 'n dryfanker uit om die spoed te probeer verminder. Dit help nie veel nie.

Gaan hierdie in 'n ramp eindig? Dit wil so voorkom! En gaan Paulus en sy reisgenote die ramp oorleef? Daaroor sal ons DV more gesels.

Gebed:

Here, dankie vir U Woord wat so ryk is. Nie alleen leer ons daarin van U liefde en genade nie, maar daar is ook spanningsverhale en liefdesverhale.



# Die Storm (deel 2)

## Handelinge 27:17-26

Die storm woed onverpoosd voort, en die matrose probeer desperaat om die skip se boeg in die wind te hou, maar dit is 'n hopelose situasie. Hulle kan al sien hoedat die skip hom te pletter loop op die gevaarlike sandbanke van Sirtus. Dan gooi hulle die dryfanker uit om die skip se bloedstollende vaart 'n bietjie te demp, en hulle laat hulleself maar aan die genade van die storm oor om hulle te waai waarheen die storm hulle dan wil waai.

Die volgende dag breek aan, en dinge lyk géénsins beter nie. Nou is die manne doodbenoud, en hulle gaan vra vir die kaptein of hulle nie maar van die vrag kan afgooi om die skip 'n bietjie ligter te maak nie. Dit is 'n noodmaatreël, maar doen hulle dit nie, verloor hulle dalk hulle eie lewens. Die kaptein stem in, en die vrag word oorboord gegooi. En Paulus se voorspelling, dat hulle die vrag sou verloor, word waar.

Die hele dag lank dobber hulle skip hulpeloos in die onstuimige see, rondgeslinger deur massiewe golwe wat elke oomblik dreig om hulle te verswelg. Om dinge te vererger, is die wolkbedekking so dig dat hulle nie die son kan sien, of snags die sterre nie, gevolglik het hulle nie die vaagste idee waar hulle hulle bevind nie. En so worstel hulle die hele dag en nag deur sonder dat daar 'n sweempie van verligting kom.

Die volgende dag lyk dinge selfs nog erger, en hulle is

genoodsaak om al die skip se oorbodige takelwerk en toerusting óók oorboord te gooi. Dinge lyk báie sleg! Hulle kos het opgeraak en die manne het alle hoop verloor om lewendig hier uit te kom. Maar Paulus kom ewe vrolik op die dek staan, 'n reuse glimlag op sy gesig. Hy het, ten spyte van die storm, 'n baie goeie nag gehad. En die droom wat hy gehad het, laat hom oor die onstabiele dek rondhuppel.

Dan roep Paulus die bedremmelde klomp manne bymekaar: “Ek het julle gewaarsku,” tik hy hulle op hulle seer vingers, “maar julle wou nie luister toe ek sê dat ons nie van Kreta af moes wegvaar nie! As julle geluister het, was ons nie nou in hierdie gemors nie!”

“Dit help nie om nóú vir ons te preek nie,” dink die manne jammerlik, “maar daar is nou niks wat ons meer kan doen nie. Ons is gedoem tot 'n seegraf!”

Maar Paulus wil nie preek nie, hy wil eintlik bemoedig. Hulle is nou in hierdie situasie, en nou gaan dit niks help as almal negatief is nie. “Kyk, ons omstandighede lyk beroerd, maar ek wil julle mooi vra: Hou moed! Ek sê julle nou vandag dat niemand hier sy lewe gaan verloor nie! Ja, die skip sal vergaan, maar ons almal sal gered word.”

“Aag man, dis net alles mooi praatjies. Hoe weet jy in elk geval?” dink die manne.

Maar dis asof Paulus hulle gedagtes lees: “Laasnag het 'n engel aan my verskyn,” vertel Paulus, en jy hoor hoe die mense snak na hulle asems. “'n Engel van die God aan wie

ek behoort en wat ek dien het vir my 'n boodskap gebring. Hy het vir my gesê: 'Moenie bang wees nie Paulus. Jy moet nog voor die keiser verskyn. En ter wille van jou gaan God almal wat op die skip saam met jou is se lewens spaar."

Ja, toe hulle in Mooihawens was het Paulus wél die manne gewaarsku dat hulle dalk hulle lewens sou verloor as hulle vaar, maar nou kan hy op die hoogste gesag vir hulle sê dat dit nie sal gebeur nie.

Die manne gaap Paulus grootoog aan, en niemand durf 'n woordjie sê nie. "Manne, hou dus moed! Ek vertrou op God dat alles nét so sal gebeur soos die engel vir my gesê het. Ons sal wél iewers op 'n eiland uitspoel."

As kind van God kan ek in die donkerste uur 'n baie groot verskil maak aan mense se lewens. Ons het die Heilige Gees in ons, en as ons Hom maar net toelaat, sal Hy vir ons 'n onverstaanbare kalmte in ons harte gee, selfs deur die grootste krisis. En slegs deur hierdie kalmte sigbaar te wys wanneer almal verskrik en verslae is, is alreeds genoeg om 'n reuse verskil te maak.

Wanneer jy dan nog 'n stappie verder gaan en rustig met mense gesels, en die situasie nugter bespreek, kan jy God se instrument wees om groot paniek te ontlont.

Wanneer 'n groot krisis opduik, bid daaroor. Nie noodwendig om die Here te vra om jou uit die situasie te red nie, maar om jou absolute kalmte te gee en nugter te kan dink. 'n Baie algemene voorbeeld is die e-posse en selfoonboodskappe

wat dikwels paniek saai en almal oorhaastig te laat reageer. Moenie hulle sommer net links en regs aanstuur nie, bid eers daaroor, en vergewis jou van die ware feite. 'n SMS gons op die oomblik deur die land oor die regering wat kwansuis Kersdag en Goeie Vrydag wil skrap, en baie Christene se harte klop in hulle kele! Ek het dit al dosyne kere gekry. In plaas daarvan om dit aan te stuur, het ek daaroor gebid en toe gaan soek vir die ware feite. Waar ek kon het ek mense gerus gestel dat hierdie slegs 'n siek gerug is wat die waarheid totaal verdraai het. Lees gerus wat Inkonteks sê oor hierdie berig asook ander soortgelyke gerugte. Jy kan dit sien by www.incontextministries.org

Gebed:

Ek wil graag kalmte bring waar mense paniekbevange raak, Here. Gee my sélf innerlike kalmte en die wysheid om sulke situasies te kan hanteer.



## Skipbreuk

## Handelinge 27:27-44

Veertien dae lank dobber Paulus-hulle se skip reddeloos iewers in die Adriatiese see tussen die Balkan en Italië. Waar hulle hulle bevind, weet niemand. Hulle kan steeds nie die son of sterre sien om énigsins 'n rigting te bepaal nie. Lukas en Aristarchos het dit al diep berou dat hulle besluit het om die reis saam met Paulus deur te maak.

Maar dan kom daar 'n stukkie goeie nuus: een van die matrose sê dat hy vermoed dat hulle nou naby land moet wees. Daar is net iets wat anders is, en hy is séker dat daar iewers 'n stukkie droë aarde naby is. Van die ander manne stem saam. “Laat sak die dieplood!” beveel die kaptein, en tot hulle groot vreugde raak die dieplood bodem op dertig meter! 'n Entjie verder is dit twintig meter, dus moet daar land naby wees!

In die donker kan hulle niks sien nie, maar hulle begin inderhaas voorbereidings tref, die kans dat hulle iewers 'n rotsrif kan tref is groot, en hulle wil beslis nie hier in die middel van nêrens die skip verpletter op rotse nie! Haastig word vier ankers aan die agterstewe van die skip uitgegooi om te keer dat hulle op die rotse loop.

Daar is mos altyd in so 'n situasie mense wat net aan hulleself dink. 'n Paar matrose konkel onder mekaar om die reddingsbootjie te steel en daarmee na veiligheid te roei. Hulle laat sak die bootjie, en dan vertel hulle vir die kaptein

dat hulle die bootjie gaan gebruik om die voorste anker te laat sak.

Maar Paulus ruik 'n rot! Hy sien sommer dadelik deur hulle plan, en dan gaan hy haastig na die Romeinse offisier en sê vir hom dat daardie matrose besig is met 'n skelmstreek. “Stop hulle asseblief dadelik, want as hulle wegkom, stel hulle ook ons lewens in gevaar.”

Hierdie slag luister die offisier na Paulus, hy wéét immers waarvan hy praat. Paulus het homself mos nou al bewys. “Kap die bootjie se toue af!” beveel hy sy soldate. En dan moet die oorblufte matrose sien hoedat hulle skelm plan in die onstuimige see wegdryf.

Teen dagbreek roep Paulus almal op die skip bymekaar: “Manne, ons dobber nou al vir veertien dae so rond. Maar nou het die tyd aangebreek dat ons gered gaan word. Julle het krag nodig, ons moet nou die bietjie kos wat ons oorhet eet, want julle gaan die energie nodig hê! Maar moenie bekommerd wees nie, want nie een van julle sal iets oorkom nie, almal sal ongedeerd gered word!”

Daarmee voeg Paulus die daad by die woord, en hy vat 'n stuk droë brood. Terwyl almal hom oopmond aangaap, bid Paulus en sê vir die Here dankie vir die kos en dat Hy hulle bewaar het en vir al Sy genade. Dan breek hy 'n stuk af en eet dit smaaklik op. Die manne skep sommer dadelik moed en spring op om ook iets te gaan eet: “Vandag word ons gered!” sing hulle terwyl hulle die res van die vrag aan

boord oorboord gooi om die skip nog ligter te maak.

“Daar is land!” skree 'n matroos. Almal storm op die dek.

“Waar is ons?” wil iemand weet.

“Ek het nie 'n idee nie! Ek het nog nooit daardie plek gesien nie.”

“Kyk, daar is 'n baai en 'n strand! Ons is gered!”

“Kap af die ankertoue,” bulder die kaptein, “en hys die voorseil!”

In dolle vaart storm hulle op die eiland af terwyl die matrose op die dek ronddans van pure uitgelatenheid. Maar hulle blydskap is van korte duur, want skielik kom die skip met 'n sieklike skudding en 'n gekraak van planke tot stilstand, terwyl matrose soos vrot velle teen die dek geslinger word. Dadelik besef die kaptein dat hulle 'n sandbank getref het. Nou is hulle in gróót moeilikheid! Sy gesig hang as hy toekyk hoedat reuse branders die skip stukkie-vir-stukkie van agter opbreek en uiteindelik die hele agterstewe van die skip verpletter.

Dan begin die besef tot die soldate deurdring dat hier 'n ander soort moeilikheid is. Die gevangenes wat hulle aan boord het gaan ontsnap, en almal weet mos wat gebeur met 'n soldaat wie se gevangenes ontsnap: hy word tereggestel! “Kom ons maak hulle dood voordat hulle wegkom!” En hulle voeg sommer die daad by die woord en storm dreigend op die verskrikte gevangenes af.

Nét betyds stop die offisier hulle. Paulus is mos óók 'n gevangene, en hy kan nie toelaat dat hulle hom skade aandoen nie. “Ek sal dit op my neem as hulle ontsnap,” beveel hy sy soldate, “laat hulle gaan! Almal wat kan swem, spring in en swem vir julle lewens!”

“Ek kan nie swem nie,” kerm een van die matrose, “wat gaan van my word?”

“Kry vir jou iets wat kan dryf, en klou vir jou lewe!”

En so kom almal uiteindelik veilig op die strandjie aan op die eiland Malta. God het voorsien dat hulle almal ongedeerd uitspoel, presies soos wat Hy vir Paulus in sy droom voorspel het. Ons God is almagtig. Alles het totaal onmoontlik gelyk, tóg het Hy ingegryp en almal gered. Moenie toelaat dat 'n onmoontlike situasie jou onderkry nie!

Gebed:

Weereens moet ek maar net in aanbidding neerval voor 'n almagtige God. Dankie Here, dat ook ék in U hande is.



# 'n Slang in die Gras

## Handelinge 28:1-10

Dit is 'n bedremmelde klomp manne wat op die strand van die eiland Malta uitspoel. Maar gelukkig is die inwoners van die eiland vriendelike Fenisiërs wat hulle baie gou welkom laat voel. Maar dan begin dit reën en dis bitter koud. Die eilandbewoners spring gou aan die werk om die verkluimde manne 'n bietjie warmte te gee, en hulle maak 'n groot vuur. Paulus spring ook in om hout bymekaar te maak, maar wanneer hy sy bondel hout in die vuur gooi, is daar 'n giftige slang in wat ontwaak van die hitte. En die dierasie slaan sy gevaarlike tande in Paulus se hand in, en daar hang hy vir almal om te sien.

Die eilandbewoners deins verskrik terug, nie vir die slang nie, maar vir Paulus! “Daardie man moet beslis 'n moordenaar wees!” fluister hulle vir mekaar terwyl hulle skeef na Paulus kyk.

“Ja,” beaam een van die manne, “hy het die storm oorleef, maar nou neem die gode op 'n ander manier wraak oor sy misdaad! Hy sal beslis nie lewe nie!” Die gode sal jou terugkry op die een of ander manier, so glo hulle. As jy die een ongeluk fnuik, kry hulle jou op 'n ander manier beet!

Vandag is dit steeds so dat mense die een of ander goddelike verklaring het vir dinge wat met ons gebeur. Doen jy iets verkeerd, dan rus God se straf op jou, of die duiwel kry jou beet. Doen jy iets goed, dan is die goeie dinge wat met jou

gebeur God se seën op jou omdat jy so goed is.

Hierdie soort van verklarings is baie gevaarlik. Niemand kan God se handelinge verklaar in die dinge wat gebeur op aarde nie. Daar is ook nie 'n verband tussen die mense se sonde en God se straf nie. Lees gerus maar weer die boek Job, waar Job al die regte geluide gemaak het, maar ál wat 'n slegte ding is, het hom getref. Jesus stel dit in die Nuwe Testament ook baie duidelik dat rampe nie noodwendig God se straf is nie. Eers wanneer die finale oordeel kom, sal die Here as Regter optree en 'n oordeel fel, en dan sal die straf gegee word aan dié wat dit toekom.

Wanneer die slang Paulus byt, is hy beslis nie paniekbevange nie. Hy skud bloot die slang in die vuur af en gaan sit by die vuur. Grootoog staar almal hom aan en wag dat sy hand soos 'n ballon moet opswel en dat hy dood neerval. Maar dit gebeur nie. Paulus lyk so normaal soos enigeen van hulle, en sy hand swel nie op nie. “Hy is 'n god!” gaan die fluistering om tussen die mense as hulle sien dat hy niks oorkom nie. Binne 'n kort rukkie verander Paulus dramaties in hulle oë van 'n moordenaar na 'n goddelike figuur.

Met Paulus se aansien wat so styg, kom die hoofman van die eiland, Publius na hom en bied aan dat hy en sy reisgenote, Lukas en Aristarchos by hom tuisgaan as sy gaste vir drie dae. Daar aangekom, verneem Paulus dat Publius se pa baie siek is van maagkoors. “Mag ek hom sien?” vra Paulus, en dan lê hy sy hande op die siek man en bid vir hom. En

dadelik is die man genees.

Die nuus versprei soos 'n veldbrand, en in 'n ommesientjie staan daar 'n groot bondel siekes voor die deur. Paulus bid vir elkeen, en hulle word almal genees.

Die inwoners van Malta is oorstelp van vreugde, en hulle oorlaai Paulus en sy vriende met geskenke. Wanneer hulle drie maande later vertrek, voorsien hierdie inwoners hulle van alles wat hulle nodig het vir hulle reis.

As die kaptein na Paulus geluister het, sou hulle reis nooit in 'n ramp geëindig het nie. Hulle sou waarskynlik nooit in Malta gestrand het of selfs daar aangedoen het nie. Maar God neem hierdie kaptein se ongehoorsaamheid en Hy gebruik dit tot Sy eer. Kyk maar hoe gee Hy die mense aan boord van die skip nuwe krag toe hulle 'n absolute laagtepunt bereik. Hulle ervaar Sy beskerming op 'n wonderbaarlike wyse. Waar hulle gedoem was tot 'n besliste seegraf, red Hy elke mens op die skip, en bring hulle ongedeerd op die eiland.

Maar dan gaan Hy 'n stap verder: Hy voorsien dat 'n giftige slang Paulus pik, maar dat Paulus niks oorkom nie, weereens sodat Sy Naam grootgemaak kan word. Hierdie insident maak deure vir Paulus oop om in die harte van die inwoners van Malta te kruip. Ook Publius se pa word op presies die regte oomblik siek sodat Paulus die krag van God kan demonstreer. En dit maak verdere deure oop sodat Paulus kontak kan hê met al die inwoners van Malta, en dat hy hulle

vertroue onvoorwaardelik kan wen.

Lukas vertel nie vir ons van mense wat die Evangelie aangeneem het nie, maar ek is doodseker dat Paulus beslis nie in daardie drie maande sou stilsit en niksdoen nie. Hy sou sékerlik die Evangelie laat weergalm het op die eiland!

God gebruik dikwels mense se hardkoppigheid om die Koninkryk van God te bou. En dikwels gebruik Hy rampe en slegte gebeurtenisse tot Sy eer. Ek kan getuig van talle slegte dinge wat my getref het, wat die Here omgeswaai het om Sy almag te toon. Wees dus dankbaar in alle omstandighede. Moenie kerm as die ongeluk jou tref nie, maar sien dit in 'n positiewe lig. God kan iets baie goed daaruit laat voortspruit.

Gebed:

Here, maak my asseblief dankbaar in elke situasie!



Gaan Na Inhoud



**Uiteindelik Rome!**

**Handelinge 28:11-16**

Vir drie maande bly Paulus-hulle op die eiland Malta. Dit is in die middel van die winter, en géén skip waag dit gedurende daardie ysige tyd op die see nie. In Februarie van die jaar 60 nC vertrek die skip Dioskuri vanaf Malta. Aan boord is Paulus, Lukas en Aristarchos asook al Paulus se mede-gevangenes en die soldate wat hulle begelei. Op pad doen hulle aan by Sirakuse en drie dae later vertrek hulle na Regium aan die "toon" van Italië. Hulle volgende bestemming is Puteoli, die belangrikste handelshawe in Italië. Hier loop Paulus 'n aantal gelowiges raak, en hy bring 'n week by hulle deur.

Van Puteoli af vertrek hulle te voet na Rome, 'n reis van sowat 150 kilometer. Die nuus van Paulus se aankoms in Italië loop hom ver vooruit, en halfpad na Rome word hy ingewag by die mark van Appius deur 'n klomp gelowiges. 'n Ent verder, by Drie Herberge wag daar 'n verdere klomp gelowiges op hom.

Dit is waarlik 'n riem onder die hart vir Paulus wanneer die gelowiges hom tegemoet kom. Hy het 'n paar jaar vantevore die beroemde brief aan die Romeine geskryf, en nou is hierdie mense aan wie hy geskryf het hier om hom van aangesig tot aangesig te kom ontmoet. Paulus is oorstelp van vreugde, en hy bars uit in 'n lofbetuiging tot God, en hy dank die Here vir dit wat besig is om te gebeur. Nou skep hy

sommer ook weer nuwe moed, en dit sit 'n huppel in sy stap vir die laaste skof na Rome.

Wat 'n wonderlike voorreg is dit nie, om medegelowiges te hê wat vir jou omgee! Dit is veral wanneer die pad swaar raak, dat sulke mense jou las sommer baie ligter maak, al help hulle nie eers fisies nie. In my eie lewe kan ek getuig van dierbare mense in ons gemeente, wat my geestelik op die hande dra deur hulle omgee. Wanneer ek op 'n Sondag by die kerk aankom, is daar 'n klomp mense wat my hartlik groet en lyk of hulle werklik bly is om my te sien. Dit gee jou die gevoel van: “Hier hoort ek!”

Maar daar is ook dierbare vriende iewers daar ver, wat my gedurig bemoedig met briefies, vriende wat hierdie dagstukkies ontvang en meelewe met dit wat ek skryf. Enkeles het ek al ontmoet, maar die meeste het ek nog nooit met 'n oog gesien nie. Maar hulle is vir my soos hegte familie. Baie dankie vir elkeen van julle, julle sal nooit besef wat dit vir my beteken nie!

En dan is daar natuurlik ons selgroep. Hierdie mense is ongelooflik! Die selbyeenkoms is vir my die hoogtepunt van die week, waar ons kuier tot laatnag toe. Maar die aanloop tot 'n selbyeenkoms begin alreeds die aand sodra dit verby is, want dan begin die selfoonboodskappies alreeds te gons, en die gesels en geskerts eindig nie voor die volgende byeenkoms begin nie. Hier is waarlik 'n groep mense wat intens in mekaar belangstel en op 'n tasbare manier omgee. Dankie, dankie, dankie!


Gaan Na Inhoud

Maar terug by Paulus: terwyl hy saam met al sy vriende die laaste klompie kilometers na Rome op die bekende Romeinse pad, die Via Appia stap, kan hy nie help om te wonder wat in Rome op hom wag nie. Hy is opgewonde, want daar wag 'n splinternuwe sendingveld op hom. En die skare van gelowies wat nou om hom saamdrom is die klinkklare bewys dat hierdie uiters vrugbare aarde is. Maar daar is tóg ook die stukkie onsekerheid, want die keiser is uiters onvoorspelbaar. Gaan hy vir Paulus laat opsluit of gaan hy vrygelaat word? Niemand kan 'n voorspelling waag nie.

Uiteindelik doem die manjifieke stad voor hom op, en onwillekeurig snak Paulus na sy asem. Die bouwerke is, om die minste te sê, asemrowend. Wanneer hulle deur die strate van die stad stap kan hy nie help om die aangrypende Kolosseum oopmond aan te gaap nie. Paulus is 'n man wat baie lief is vir sy sport, die talle verwysings na sport in sy briewe, is 'n bewys daarvan. En hierdie aangrypende gebou is spesifiek ontwrep suiwer vir sportgeleenthede! Hy kry hoendervleis as hy die opgewonde skares op die stadion hoor skree en lag. Maar hy het ook al gehoor van die wrede dinge wat agter die hemelhoë ringmuur aangaan. 'n Yskoue rilling gaan teen sy ruggraat af.

Wanneer Paulus in Rome aankom, word hy ingelig dat hy nie in die gevangenis opgesluit gaan word nie. Hy is in huisarres. Dit beteken kortweg dat hy sy eie huisvesting moet gaan soek, maar dat hy 'n gevangene in sy eie huis sal

wees, en dat daar gedurig 'n soldaat sal wees om hom op te pas. Hy het egter 'n groot mate van vryheid, en hy kan vryelik besoekers ontvang.

Kyk net hoe wonderlik voorsien die Here! As 'n gevangene word Paulus gedwing om hom “stil” te gedra. Hy mag nie uit die huis beweeg nie, en dus kan hy nie tyd spandeer om 'n gemeente te organiseer nie. Nou word hy gedwing om na ander opsies te kyk om die Evangelie uit te dra. Die gevolg is 'n hele reeks briewe wat die ganse wêreld verander! En steeds het hy die gerief van sy eie huis waar hy rustig kan skryf met behulp van 'n sekretaris wat die fisiese skryfwerk vir hom doen. Maar steeds kan hy ook mense ontmoet en 'n inspirasie wees vir talle mense wat hom kom besoek.

Gebed:

Here, U is groot! U gebruik situasies tot U eer en om U Koninkryk te bou. Help my om dit altyd so raak te sien, en om U te loof en dank vir elke situasie en geleentheid.



# Die Jode Luister na Paulus

## Handelinge 28:16-29

In die eerste hoofstuk van Handelinge (Hand 1:8) skryf Lukas dat Jesus vir Sy dissipels gesê het dat hulle krag sou ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom en dat hulle Sy getuies regoor die wêreld sou wees. Dit is nou skaars dertig jaar na hierdie uitspraak van Jesus, en alreeds het die Evangelie die hele bekende wêreld bereik. Rome is die verste uithoek van die wêreld, en hier kom die groot sendeling, Paulus in Rome aan. Vir baie jare was hy op die voorpunt van die wêreldwye uitreikaksie, en deur sy ongekende visie en baie harde werk was hy die instrument om die Evangelie dwarsoor die Romeinse Ryk tot stand te bring. Nou is hy ook in Rome om die Evangelie hier in die hoofstad van die wêreld te laat weergalm.

Skaars drie dae na sy aankoms, nooi hy die Joodse leiers uit om met hom in gesprek te kom tree. Die eintlike doel van sy uitnodiging is om te probeer vasstel of die Jode in Rome daarop uit is om hom ook te vervolg soos die Jode van Jerusalem.  Kortliks verduidelik Paulus waarom hy as Jood hier in Rome is om deur die keiser verhoor te word. Hy veréker hulle dat hy 'n lojale Jood is, en dat hy niks verkeerd gedoen het nie. Om die waarheid te sê, wou die Romeinse owerhede hom vrylaat, maar die Jode in Jerusalem het daarop aangedring dat hy veroordeel moes word. En sy enigste aanklag was dat hy vertel het van die Messias, die Een wat sou kom, soos alle Jode mos glo!

Paulus maak dit egter duidelik dat hy beslis nie in Rome is om 'n aanklag teen sy volk in te bring nie. Maar hy wil ook weet of die Jode van Rome enige korrespondensie van hulle kollegas in Jerusalem gehad het oor hom? Het daar enige klagte uit Jerusalem gekom wat hom sou veroordeel?

Die manne skud hulle koppe: Nee, niemand het 'n wóórd gerep nie! Hulle het niks gehoor wat hom énigsins in 'n slegte lig sou stel nie, alhoewel hulle bewus is daarvan dat die Jode oral ongelukkig is oor hierdie leer wat Paulus verkondig. Hulle sou graag uit sy eie mond wil hoor waaroor dit dan alles gaan.

Paulus se hart klop sommer 'n slag vinniger: hier kry hy alweer sommer met die intrapslag die geleentheid om met sy Joodse broers te gesels oor die Evangelie. "Kom ons besluit op 'n datum, dan kom sien julle my. Ek sal julle met groot graagte alles vertel omtrent hierdie leer van Jesus!"

So gesê, so gedaan, en 'n paar dae later daag daar sommer 'n groot groep Jode op om te kom luister na wat Paulus te sê het. Vroeg daardie oggend pak hulle Paulus se huis vol met groot afwagting. En hulle word nie teleurgestel nie. As jy dalk nog steeds dink dat jou dominee se preke te lank is, dan moet jy beslis nie kla nie, want Paulus se preek duur van vroeg-oggend tot laataand, en die Jode hang aan sy lippe.

Paulus verduidelik vir hulle breedvoerig uit die Woord van wat alles beteken. Hy verduidelik van die magdom profesieë wat almal presies nét so gebeur het soos wat Jesaja en al die

ander profete voorspel het. Hy maak die wet van Moses vir hulle duidelik, soos wat hulle dit nog nooit voorheen gehoor het nie. In kort kom Paulus se boodskap daarop neer dat Jesus hierdie Messias is wat alles kom vervul het wat in die wet van Moses en die profete geskryf was.

Paulus praat sy hart uit, en die wonder gebeur dat 'n klompie van die Jode die lig sien en ook gelowig word. Maar nie almal is oortuig nie. Hulle skud hulle koppe. Die ou Joodse tradisies is té diep in hulle ingegrafeer om nou 'n verandering teweeg te bring.

Wanneer die Jode laataand op die punt staan om huistoe te gaan, haal Paulus vir oulaas vir die ongelowiges aan uit Jesaja 6:9-10 om hulle hopelose situasie in woorde uit te druk. Hy stel dit vir hulle dat hulle presies is nes die mense aan wie Jesaja geskryf het, want hulle sintuie is afgestomp. Hulle bly onaangeraak deur God se boodskap omdat hulle nie wil hoor nie, en hulle lewe kan dus nie vernuwe word nie.

Maar dan deel Paulus hulle mee dat hulle ongehoorsaamheid aan God beslis nie die einde van die pad is vir die Evangelie nie. Dit sal beslis nie die blye boodskap aan bande lê nie, want as die volk van God nie wil luister nie, sal God se boodskap van verlossing weergalm in die wêreld van die heidene. Hierdie boodskap behoort nie eksklusief aan die Jode nie! En nou moet die Jode van Rome hoor dat God se reddingsplan vir alle mense is.

Wanneer Lukas berig oor hierdie gebeurtenis, dan wil hy dit baie duidelik stel dat die kerk, die mense wat Jesus in geloof aangeneem het, die nuwe Israel is, maak nie saak wat hulle nasionaliteit of ras of kulturele agtergrond is nie. Ek en jy, die gelowiges is die nuwe Israel!

Ons het gekom by die laaste verse van Handelinge. Maar is dit waar die verhaal van Paulus eindig? Baie beslis nie. Lukas berig dat hy nog vir 'n verdere twee jaar in die tronk in Rome was. En daar het baie dinge gebeur! Maar daaroor lees ons DV more!

Gebed:

Here, dankie dat ek ook vandag deel kan wees van die nuwe Israel, van U uitverkore volk!

 Gaan Na Inhoud



# Brief aan die Kolossense

## Kolossense 1-4

Die dae gaan verby waar Paulus 'n gevangene is in sy eie gehuurde huis in Rome, en die dae word weke en maande. Paulus ontvang dikwels gaste, van die gelowiges wat met hom kom gesels, en hy verwelkom dit. Hy probeer ook gereeld geselsies aanknoop met die soldate wat hom bewaak. Maar dit alles is nie genoeg nie.

Op 'n dag kom Epafras by hom aan. Die vreugde is groot om hom te sien, want hulle het jare gelede in Kolosse ontmoet. Maar Epafras bring ontstellende nuus: alles is nie baie lekker in sy tuisgemeente in Kolosse nie. Nie een van die gemeentelede het 'n teologiese opleiding nie, en diegene wat op Sondae die Woord bring,  doen dit uit die beperkte Skrifkennis wat hulle het. Die probleem is egter dat daar sommige van hierdie lekepredikers is wat andersdenkend is, en die Woord anders verkondig as wat hy dit destyds van Paulus gehoor het. Hy kom soek raad!

"Kyk, ek sit hier as 'n gevangene, en ek kan my nie uit hierdie huis roer nie. Ek wens só dat ek dinge daar kan gaan regstel. Maar ek sal 'n brief skryf vir die gemeente om die probleem aan te spreek. Moenie bekommerd wees nie Epafras, ons sal dit uitsorteer."

Dan laat roep hy vir Timoteus: "My seun, ek het nóg 'n werkie vir jou: kan jy vir my nog 'n brief skryf?"

Timoteus is sommer dadelik opgewonde. Hy het alreeds 'n

week of wat gelede 'n brief vir Paulus geskryf aan die gemeente in Laodisea. Hy geniet hierdie briefskrywery, want sodoende leer hy sommer baie dinge van Paulus oor geloofsake.

Timoteus is nie die enigste van Paulus se getroue vriende hier in Rome nie, Dokter Lukas is ook op die oomblik hier met een van sy vele besoeke aan Paulus, asook Demas, Aristargos, en Justus. En dan is daar Markus, Barnabas se nefie. Dis nou die een wat vir Paulus en Barnabas in die steek gelaat het tydens hulle eerste sendingreis. Uiteindelik het hy en Paulus vrede gemaak, en nou is hy een van Paulus se getroue ondersteuners.

Timoteus maak homself gemaklik voor die skryftafel. Alles is netjies uitgepak: 'n saggebreide perkamentrolletjie, sy skerpgemaakte gansveer en 'n potjie ink wat hy self aangemaak het.

“Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God,” dikteer Paulus terwyl hy diep ingedagte op en af begin stap, “en van die broer Timoteus.” Die mense moet weet dat dit Timoteus is wat die fisiese skryfwerk doen. Hierdie jongman gaan dit nog baie ver in die lewe bring!

“Ek moet dalk net eers vir jou verduidelik waarom ek die brief só begin,” verduidelik hy vir Timoteus. “Nie almal in Kolosse ken my nie, daar het baie nuwe bekeerlinge gekom nadat ek daar was, daarom moet ek myself mos ter wille van hulle bekendstel. Ek sien myself as 'n apostel, 'n gestuurde,

want by Damaskus het Jesus my persoonlik gestuur. Nie almal stem daarmee saam nie, hulle sê dat slegs die twaalf manne wat saam met Jesus was, apostels kan wees!”

Timoteus knik sy kop, hy verstaan. “Aan almal in Kolosse wat aan God behoort, getroue broers in Christus. Genade en vrede vir julle van God ons Vader!”

Dan gaan Paulus voort met sy brief: eers 'n dankbetuiging teenoor die Here vir hierdie gemeente, en daarin noem hy pertinent dat Epafras 'n goeie leermeester is, en dat hulle ag moet slaan op dit wat hy vir hulle leer. Dan skryf hy vir hulle dat hulle almal gedurig in sy gebede is. Hy bid dat hulle sal groei in die kennis van God, en dat daar baie vrug sal wees in hulle lewe.

Dan begin dit sommer in Paulus te borrel oor die goedheid van God, en hy val weg met 'n gedig oor Jesus. Die trane stroom oor Timoteus se wange wanneer hy hierdie aangrypende gedig op perkament neerpen.

Maar dan word dit tyd vir ernstige sake, die éintlike rede vir sy brief. Met groot omsigtigheid skryf Paulus oor die probleme wat in die gemeente voorkom. Hulle moet baie versigtig wees vir allerhande teorië en mooi argumente wat hulle kan mislei. Ja, inderdaad is daar mense in die gemeente wat anders dink. Daar is byvoorbeeld van die Joodse gelowiges wat nog vasklou aan al die ou Joodse tradisies, en dit ook wil afdwing op die nie-Jode. Hulle wil beweer dat alle gelowiges kwansuis besny moet word! Daardie dinge is


Gaan Na Inhoud

alles verby! Christus het gekom om ons vry te maak van ál daardie ou bande. Nou moet ons leef soos vrygemaakte mense!

“Moenie dat iemand vir julle voorskryf wat julle mag eet of drink nie, of watter Joodse feeste julle moet vier nie!” dikteer hy vir Timoteus.

Wanneer hy klaar is, verseël hy die brief en gee dit vir Markus om in Kolosse te gaan aflewer. Sy opdrag is dat wanneer hulle dit klaar gelees het, dit na Laodisea moet gaan, en die gemeente moet dan sommer ook die brief lees wat hy aan die mense van Laodisea geskryf het.

Daar is baie maniere wat ek en jy vandag die Woord kan versprei. Paulus het kreatief gedink en baie miljoene bereik. Dink kreatief!

Gebed:

Here, gee my asseblief die wysheid om op kreatiewe maniere die Evangelie uit te dra.



## Filemon en Onesimus

### Filemon

Maande sleep verby, maande van wag om verhoor te word. Jy kan nie sommer vir die keiser laat weet dat hy nou moet plan maak met jou saak nie, dit word nie so gedoen nie! Jy wag geduldig dat die keiser besluit wanneer dit jou tyd is.

Talle voete gaan intussen deur Paulus se huis, en hy het nie tyd om hom te verknies oor hoe lank dit nog gaan neem vir sy saak om voor te kom nie. Die gelowiges kom gedurig na hom toe vir raad en geestelike versterking, of sommer net om van die wyse ou man te kom leer. En dan is daar natuurlik sy medewerkers wat kort-kort met iemand in die straat in gesprek tree, oor die Evangelie, en gewoonlik eindig die persoon dan by Paulus op, want hy is immers die evangelis by uitstek.

En so gebeur dit dat Timoteus een mooi dag by Paulus opdaag met 'n jong man. Paulus sien sommer dadelik dat Timoteus 'n probleem het wat hy nie mooi weet hoe om te hanteer nie: “Oom Paulus, ek het 'n gróót tameletjie! Hierdie kêrel is 'n slaaf. Die probleem is dat hy weggeloop het van sy eienaar af, en nou is hy baie bang, want sy baas kan hom laat teregstel vir so 'n verskriklike misdaad. Hy sê dat sy baas al baie van jou gepraat het, Oom Paulus.”

“Kom sit hier by my, seun,” nooi Paulus die mannetjie uit. “Wat is jou naam, en wie is jou baas?”

Sy naam is Onesimus, en wanneer Paulus hoor dat sy baas

sy ou vriend Filemon is, dan lag hy. “Ja, ek ken jou baas baie goed, hy is 'n wonderlike mens, 'n ware steunpilaar vir die kerk! Maar kom ons gesels eers oor jou probleem.”

Breedvoerig vertel Onesimus vir Paulus van hoe hy weggeloop het, want hy wou vry wees, hy wou nie meer 'n slaaf wees nie. En nee, sy baas het hom beslis nie sleg behandel nie, Filemon is baie goed vir sy werksmense. Maar nou het Onesimus agtergekom dat die wêreld daar buite wreed is, en hy wil terug na sy baas, en hy is bang.....

Dan begin Paulus by die begin, en hy verduidelik vir Onesimus van die Evangelie. Ja, Onesimus het al menigmaal gehoor dat sy baas daarvan praat, maar hy het hom nie daaraan gesteur nie. Wanneer Paulus egter mooi met die man gesels, gebeur die wonderwerk, en maak hy sy hart oop vir die Here. In trane bely hy sy sonde en aanvaar hy die genade van God. Dit is 'n jubelende Onesimus wat uit Paulus se huis uitdans, en oral wil hy net vertel van die wonderlike ding wat met hom gebeur het. “Ek is 'n Christengelowige!” borrel dit in hom.

Die volgende dag is hy terug by Paulus, en sy gesig hang: “Oom Paulus, ek wil terug na my baas, maar nou weet ek nie hoe ek dit moet hanteer nie! Sê nou net hy wil my laat teregstel! Wat moet ek maak?”

“Toemaar, los dit vir my,” troos Paulus, en hy roep sommer dadelik vir Timoteus nader: “Kom help my gou dat ons 'n brief skryf vir Filemon.”

Timoteus is teen hierdie tyd al gewoond aan briewe skryf, en sy inkpotjie staan klaar vol ink en sy gansveer is skerpgemaak. Paulus begin dikteer, eers die gewone inleiding sodat Filemon dadelik sal weet presies wie hierdie brief geskryf het. Ook die gewone dankbetuiging, en dan kom sy "dankie" diep uit sy hart uit, want Filemon beteken vir hom geweldig baie. Sy liefde in die gemeenskap waar hy bly, is 'n praktiese liefde. Hy gee sy huis gereeld as bymekaarkomplek vir die gelowiges, en boonop doen hy baie om die gelowiges te help in hulle nood.

Dan stel Paulus sy saak uiters versigtig. Hy sê vir Filemon dat hy hom nie wil dwing om vir Onesimus terug te neem nie, maar hy pleit by hom op grond van liefde. Hy sal Onesimus baie graag vir homself wou hou om hom hier te help, maar hy besef dat Onesimus aan Filemon behoort. Hy het immers baie geld vir hom betaal!

Dan verduidelik Paulus vir Filemon dat hy baie goed besef dat Onesimus 'n slegte ding gedoen het om te dros, maar hier het 'n wonderlike ding gebeur, en Onesimus het 'n gelowige geword. Eintlik is hy toe nie werklik meer 'n slaaf in die ware sin van die woord nie, want hy is mos nou vrygemaak deur Christus! Nou is hy mos deel van die familie, as't ware 'n broer!

Ja, inderdaad bly hy steeds fisies 'n slaaf, want Filemon het hom gekoop. Maar Paulus se pleidooi is dat hy vir Onesimus sal terugneem en hom nie straf vir sy oortreding nie. Paulus is selfs bereid om te betaal as daar enige skade was! Maar

Paulus is ook baie gou om vir Filemon daaraan te herinner dat as dit nie vir hom, Paulus was nie, dan was Filemon nie nou 'n gelowige nie! Dus skuld hy eintlik vir Paulus hierdie guns. “Toe Filemon, maak my hart bly, soos 'n broer in Christus!” pleit hy voordat hy die brief afsluit.

Met 'n glimlag wat dreig om reg rondom te gaan, huppel Onesimus uit met sy kosbare brief. “Ek gaan huistoe!” sing dit in hom.

Hoe wonderlik is dit nie om as bemiddelaar te kan optree en vrede maak tussen partye nie! Paulus het dit hier reggekry, en dieselfde Heilige Gees wat vir Paulus die wysheid daarvoor gegee het, is ook in my en jou. Kom ons wees vredemakers!

Gebed:

Dankie dat ek ook 'n vredemaker kan wees, Here. Gee my asseblief hope wysheid daarvoor.



Gaan Na Inhoud



## Brief aan die Efesiërs

## Efesiërs 1-6

Daar is 'n klop aan Paulus se deur. “Waarom kom die man dan nie in nie?” wonder hy, “die deur staan mos altyd oop, en al die gelowiges in Rome weet mos dat hulle maar net kan instap.”

Half vererg stap Paulus deur toe. Met die lig van agter herken Paulus nie dadelik die gesig nie. Maar dan, wanneer die man hom hartlik om die nek val en groet, sien Paulus eers wie dit is: “Tigikus!” roep hy uit, oorstelp van vreugde, “Tigikus van Efese! O, ek is só bly om jou te sien!”

Toe Tigikus die dag die nuus kry dat die gemeente in Efese hóm gekies het om namens hulle vir Paulus te gaan kuier in die gevangenis in Rome, was hy buite homself van blydskap. Hoe het hy nie verlang na sy geliefde prediker nie! Sommer die volgende dag was hy reeds klaar gepak en gereed om die lang, uitmergelende seereis aan te pak.

Vir die volgende maand kuier Paulus en Tigikus heerlik saam. Paulus wil elke dingetjie weet van wat daar in Efese aan die gang is. Is die gemeente lewendig? Groei hulle, nie net in getalle nie, maar ook geestelik? Hy vertel vir Tigikus dat hierdie gemeente baie diep in sy hart gekruip het, en dat hy gedurig aan hulle dink en vir hulle bid. En hy kan dit nie genoeg benadruk nie, hoe hy die wonderlike werk wat Tigikus in daardie gemeente doen waardeer! Tigikus is 'n ware voorslag!


Gaan Na Inhoud

“Tigikus, ek wil 'n brief skryf vir die gemeente in Efese om hulle te bemoedig. Sal jy omgee om dit saam met jou te neem wanneer jy teruggaan, en dit dan vir die mense voor te lees? Maar ek wil ook vra dat jy die brief vir al die ander gemeentes in Klein-Asië aanstuur sodat almal daar dit kan lees. Dit sal selfs beter wees as jy dit persoonlik van gemeente na gemeente kan neem, en dit by elke gemeente vir hulle kan voorlees!”

En só skryf Paulus, natuurlik met behulp van een van die talle gewillige sekretarisse, nóg 'n brief, terwyl Tigikus met groot belangstelling sit en luister wanneer Paulus op en af loop en dikteer.

“*Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God. Aan almal in Efese wat aan God behoort en in Christus Jesus glo. Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus! Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe!*”

Die berigte het Paulus se ore al uit verskeie oorde bereik, dat daar 'n wonderlike geloofsgroei in daardie gemeente gebeur het, en dat hulle elke dag hulle liefde op 'n praktiese en konkrete manier uitleef teenoor al die gelowiges. Wanneer hy dus sy gebruiklike lof- en dankbetuiging teenoor God geskryf het, gaan hy voort en skryf vir die Efesiërs dat hulle geloof en liefde nie ongesiens verbygaan nie, en dat hy die Here ewig dankbaar daarvoor is. Hy bid hulle hope wysheid toe, en dat die Here hulle geestesoë sal verhelder dat hulle altyd die wonderlike hoop sal sien wat God se roeping vir

hulle inhou, en dat hulle die rykdom van Sy erfenis sal ondervind.

Hy herinner hulle aan hulle ou lewe, dat hulle dood was in die sonde van die wêreld, en dat hulle verdoem was tot die ewige straf, maar hulle het nuwe lewe gekry toe Jesus in hulle lewens gekom, en hulle uit daardie dood opgewek het. Alles is suiwer genade! Hulle mag nie vergeet waar hulle eers was nie, sonder enige hoop, en waar Jesus hulle gebring het, sodat hulle een met Christus kan wees!

Paulus skryf dat dit ook van uiterste belang is dat hulle die eenheid van die kerk sal bewaar. Hulle mag nie toelaat dat daar tweespalt ontstaan, en dat die kerk uitmekaar geskeur word nie. As almal maar net beskeie, vriendelik en geduldig is met mekaar, en mekaar in liefde verdra, ten spyte van hulle verskille, dan sál die kerk mos één liggaam wees, nes daar net één Heilige Gees is!

“En moenie die duiwel vatkans gee nie!” skryf hy. “En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie!” Hy gee riglyne van hoe 'n gelowige behoort te lewe, hoe hy sy liefde moet uitleef. Maar hy skryf ook watter dinge nié in 'n gelowige se lewe hoort nie. Hierdie mense kom almal uit 'n heiden-agtergrond, en hulle weet nie altyd wat reg en wat verkeerd is nie, dus maak Paulus dóódseker dat hulle mooi verstaan wat reg en verkeerd is.

“*Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee,*” skryf Paulus. Hulle moet die gordel van waarheid, die borsharnas

van vryspraak, die skoene van bereidheid, die skild van geloof, die helm van verlossing en die swaard van die Gees dra. (Efesiërs 6:13-17)

Uiteindelik, na twee volle dae se skryf, sluit Paulus die brief af: "*Vrede vir die broers, en liefde  en geloof, van God die Vader en die Here Jesus Christus! Die genade sal by almal wees wat vir ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet.*"

Die brief word verseël en aan Tigikus oorhandig met sy vertrek terug na Efese. Die trane stroom oor sy wange wanneer hy vir Paulus groet.

Lees gerus weer 'n slag die brief aan die Efesiërs, dit is nie slegs vir die Efesiërs geskryf nie, maar elkeen van ons persoonlik. Hierdie brief is van onskatbare waarde!

Gebed:

Here, help my asseblief om al die ou dinge agter te laat en te lewe volgens U riglyne.



# In die Dodesel

## Handelinge 28:30-31

*Net 'n nota: die gegewens vervat in die volgende paar dagstukkies word nie in Handelinge beskryf nie, maar ons kan uit ander geskrifte en oorlewering, asook sekere inligting uit Paulus se briewe aflei dat hierdie moontlik die verloop van Paulus se verdere lewe was.*

Dit is die jaar 67 nC. Paulus sit in die tronk in Rome, 'n stokou man, afgeleef. Hierdie slag is hy nie in huisarres nie, maar in die Romeinse kerker in haglike omstandighede. Hy is in Griekeland gevange geneem en toe in die tronk gesmyt in Rome, waar hy wag op net nóg 'n verhoor, hierdie keer deur die wrede Nero, wat intussen die keiserlike kleed op sy skouers gekry het, en alle Christene haat met 'n passie! Paulus wéét al klaar dat hierdie volgende verhoor hom tot die dood gaan veroordeel.

In hierdie moeilike tyd van eensaamheid dwaal Paulus se gedagtes. Dit is nou reeds vyf jaar sedert sy eerste verhoor in Rome, toe die keiser hom vrygespreek het op alle aanklagte teen hom. Die keiser was daardie dag moeilik, want hy het gevoel dat die Jode sy kosbare tyd gemors het deur vir Paulus te laat verhoor.

Met sy vrylating was Paulus weer vry om te gaan waar hy wou, en die eerste wat hy wou doen was om van die ou gemeentes te gaan opsoek. Eerste op sy lys was Kolosse, en daarna Efese. Hy het vir Timoteus saamgevat op hierdie

besoeke, maar toe hulle in Efese kom, besef Paulus dat hierdie vinnig-groeiende gemeente nou 'n leraar nodig het om hulle leiding te gee. Daar was ook probleme met mense wat dwaalleringe verkondig het. Die aangewese persoon om daar aan te stel, was Timoteus. Die jong man was in die wolke om so 'n aanstelling te kry. Maar dit was nie 'n maklike een nie, soos Timoteus wel baie gou sou agterkom!

Van Efese is Paulus na Masedonië. Maar Timoteus het steeds in sy gedagtes gebly. Sou die mannetjie die mas kon opkom met so 'n moeilike gemeente? Is hy nie dalk nog te jonk nie?

En nét daar besluit hy om vir Timoteus 'n brief te skryf om hom te bemoedig en hom raad te gee. In Efese was daar 'n sieklike beheptheid met allerhande twisvrae. Paulus druk dit vir Timoteus op die hart dat hy as teenvoeter die gesonde leer moet verkondig wat in ooreenstemming is met die Evangelie wat die Here aan Paulus toevertrou het. Volgens hierdie Evangelie het Jesus na die wêreld gekom om sondaars te verlos.

Paulus het ook vir Timoteus baie duidelik laat verstaan dat hy 'n voorbeeld moet stel aan die ander gelowiges. Hy is nou die leraar in die gemeente, en sy gedrag moet onberispelik wees, want almal kyk op na hom. Jy kan nie gelowiges lei op die pad na heiligmaking deur bevele uit te blaf nie, maar deur die voorbeeld wat jy stel rig jy hulle lewens.

Paulus verduidelik verder vir Timoteus dat dit nie maklik gaan wees nie, hy gaan beslis baie teenstand kry! Juis om

daardie rede mag hy nie halfhartig die stryd betree nie, maar hy moet sy volle gewig ingooi om die goeie stryd, die stryd van die Here te stry.

En dan is daar die kwessie van jou gewete. Hoe ver strek my verantwoordelikheid? Doen ek werklik wat God en die mense van my verwag? Moenie jou gewete toeskroei nie! Doen wat God van jou vra, en hou jou gewete skoon!

Ja, Paulus onthou hierdie brief nog byna woordeliks!

Maar toe vertrek hy na Klein-Asië, waar hy vir byna twee jaar bly en die verskillende gemeentes besoek en hulle geestelik versterk.

En dan kom die geleentheid waarvan Paulus al die tyd nog net gedroom het. Ja, hy het selfs in van sy briewe geskryf dat hy eendag nog na Spanje wou gaan. En dan kom hierdie wonderlike geleentheid, en Paulus gryp dit met albei hande aan. Nou het hy wáárlik die Evangelie verkondig aan die verste uiteindes van die wêreld! Vir 'n volle twee jaar werk Paulus in Spanje, voordat hy terugkeer na die wêreld van die Grieke en Romeine.

Hy kommandeer vir Titus op om saam met hom te gaan na een van die nagmerrie gedeeltes van die wêreld, die eiland Kreta. Titus is een van Paulus se bekeerlinge, en hierdie knap jong Griek leer baie vinnig. Sommer gou is hy, nes Timoteus, sommer 'n voorslag. Om die Evangelie op Kreta te verkondig onder daardie goddelose inwoners, het hy iemand met die energie en vermoë en Geesvervuldheid soos

Titus nodig. Die Kretense was berug daarvoor dat hulle kansvatters, bedrieërs en diewe was wat selfs so ver gegaan het om Romeinse skepe te plunder. Dit het hulle duur te staan gekom!

Titus kry die taak om agter te bly as leraar van die klein gemeente wat hy en Paulus daar tot stand bring, en daarna vertrek Paulus weer na Klein-Asië. Maar Paulus het baie kommer in sy hart oor die arme Titus!

Wat Paulus vir Timoteus geskryf het, het nét so betrekking op my en jou. Moontlik is ons nie geordende leraars nie, maar ons dra presies dieselfde verantwoordelikhede. Kom ons leef dit uit!

Gebed,

Here, help my asseblief om my verantwoordelikhede as Christenleier met my hele hart uit te leef.



# Filippense, Blydskapsbrief

## Filippense 1-4

Die depressie dreig om 'n vatplek aan Paulus te kry waar hy in die donker kerker sit en wag op sy doodsvonnis. Maar dan plooi daar skielik 'n glimlag om sy mondhoeke. Het hy dan nie die vorige keer toe hy hier in die tronk was vir die gemeente in Filippi geskryf dat jy te alle tye in die Here bly moet wees nie? En hier laat hy dit so ampertjies toe dat die duiwel sy blydskap steel! Hoe het hy dit nou weer vir hulle gestel? "*Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!*" Hardop herhaal Paulus die woorde: "**Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!**" Sy medegevangenes kyk hom vraend aan: "Het die ou man se kop hom nou totaal gelos?"

Inderdaad onthou Paulus hierdie blydskapsbrief nog byna woord-vir-woord. Nee, dit was nie hy wat die brief geskryf het nie, maar die Heilige Gees was die éíntlike Outeur van die brief! Dit glo Paulus met sy hele hart.

Die Filippi-gemeente hou vir hom sulke wonderlike herinneringe in. O ja, daar was die verskriklike géseling wat hy en Silas moes deurmaak. Dit is iets wat hy nie vir sy grootste vyand toewens nie. Dit voel asof die vleis letterlik uit jou rug geskeur word deur die stukkies metaal aan die sweep se punt. En toe hulle twee daar in die stinkende, vuil kerker boonop in blokke vasgeketting word, met daardie stukkende rüe van hulle op die koue, vuil klipvloer, het hy


Gaan Na Inhoud

gewens vir die dood om hulle genadiglik te kom wegneem. Die pyn was ondraaglik, soos die klippertjies en stof in hulle rou wonde geskuur het.

En toe doen Silas dit: hy begin sing! Paulus wou eers vir hom vra of hy dan nou besig is om gek te raak, maar toe besef Paulus watter wonderlike geleentheid hulle hier het in die tronk. Hy kners op sy tande en begin saam met Silas sing. Glo my: dit was nie maklik nie! Kreun-kreun het hulle die eerste versie deurgeworstel. En wonderbaarlik voel hulle toe sommer ook beter! Paulus was die een wat met die tweede lied weggeval het, 'n loflied. Hierdie slag was dit Silas se beurt om hóm skeef aan te kyk. Sing kan nog gaan, maar 'n loflied! Dis 'n bietjie dik vir 'n daelder! Maar Silas mag nie wys dat hy gebelgd voel nie, en hy sing maar gedwee saam, wél onder protes.

Die volgende lied gaan sommer al stukke beter, en weldra sing die twee dat die biesies bewe, hulle seer rüe skoon vergete. Aan die begin het die ander gevangenes hulle gevloek en geskel, maar algaande het dit doodstil geraak soos almal in verwondering na die twee luister.

En toe gebeur die groot wonderwerk, toe die Here die tronk skud en al die gevangenes se kettings losgaan. Daardie nag het die tronkbewaarder en sy hele gesin tot bekering gekom as gevolg van hierdie asemrowende wonderwerk van God.

Instinktief begin Paulus spontaan sing: "*Al julle volke, klap julle hande; juig tot eer van God met 'n jubelende stem*."

Daardie gebeure in die tronk was inderdaad maar net die begin van 'n wonderlike verhouding wat Paulus gehad het met die gemeente. Hulle het vir hom sovéél blydskap besorg! Reg van dag een af het hulle, hierdie splinternuwe gelowiges, saamgewerk om die Evangelie te verkondig. Hulle het onmiddellik verstaan dat dit nie die taak is van 'n hoogsgeleerde leraar om die Evangelie aan ander te bring nie, maar elke gelowige se plig.

Natuurlik is dit nie altyd maklik om 'n gelowige te wees nie. Dikwels word jy vervolg vir jou geloof, en Paulus het dit al menigmaal aan sy baadjie gevoel. Maar wanneer dit gebeur mag jy nie gaan lê en jouself jammer kry nie. Hy het juis vir daardie gemeente geskryf dat hy nou wel in die tronk was, 'n onbenydenswaardige lot, maar dat dit juis die Evangelie bevorder het. Hy kon al die hele keiserlike wag onder hande neem met die Evangelie! Op géén ander wyse sou iemand hulle kon bereik nie! Is dit nie al klaar genoeg rede tot blydskap nie?

Wees bly in die Here, al tref die slegste ongeluk jou! En moenie kla wanneer dit swaar gaan nie. Dank die Here eerder, selfs deur die swaar tye! Op hierdie manier word jy 'n ligdraer vir Jesus.  Ja, inderdaad moet jy met groot blydskap Jesus se lig helder in die donker wêreld laat skyn. Dink net watter wonderlike boodskap van hoop dit nie uitstraal nie, wanneer jy 'n opregte, borrelende blydskap uitdra terwyl al die ander met lang gesigte loop.

Paulus het seker alle rede gehad om bekommerd of besorg te


Gaan Na Inhoud

wees, maar dan skryf hy vir die Filippense: "*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*" (Fil. 4:6,7)

Die vraag wat die Here vanoggend vir jou vra, is of jy waarlik daardie borrelende blydskap in jou het, en dit opreg wys vir almal met wie jy in aanraking kom? Dis maklik wanneer jy Sondag in die kerk is. Maar wat van Maandag in die Supermark? Het jy daar ook daardie aansteeklike blydskap? En wat van Donderdag in die verkeersknoop wanneer mense soms dom dinge doen?

Gebed:

Here, ek wil elke dag asseblief daardie borrelende blydskap in my hê en dit prakties uitleef, al gaan dinge soms beroerd.



Gaan Na Inhoud



## Brief aan Titus

## Titus 1-3

Paulus sit die dae en aftel in die tronk. Dit is bitter moeilik om tred te hou met die tyd wanneer jy nie meer jou vriende mag sien nie. Hy sien net elke dag vlugtig iemand wat vir hom kos bring, en dis al. Hy het darem vergunning gekry om iemand vir 'n dag of twee by hom te hê om 'n brief te skryf, maar verder is hy afgesny van die buitewêreld.

“Watter dag is dit nou weer vandag?” wonder hy hardop. Hy tel: “Dit is nou veertig dae vandat ek die kruisiging en opstanding van Jesus gevier het. Dus is dit mos vandag die herdenking van Jesus se hemelvaart!” Gelate spring die ou man op en begin spontaan 'n loflied sing.

Die ander gevangenes kyk hom skeef aan: “Hierdie ou is nie lekker hier bo nie! Hoe kan jy dan nou sing en vrolik wees onder sulke haglike omstandighede?”

“Ja,” beaam 'n ander kêrel, “maar hy sê mos dat dit sy God is wat hom vrolik maak. Hy praat gedurig met sy God! En dan sing hy boonop sulke vrolike liedere vir sy God! Dit gaan my verstand te bowe!”

Paulus wonder of Timoteus ooit onthou het van die Hemelvaart? En Titus? Maar natúúrlik sal hulle mos nie vergeet nie! Sy hart gaan vandag só uit na daardie twee seuns van hom, en die verlange is baie groot om hulle tog net weer te kan sien voordat Nero hom teregstel. “Ek wil nog een laaste brief skryf,” dink Paulus, “ek wil vir oulaas

nog vir my liewe seun Timoteus skryf voor ek sterf!”

Nadat Paulus vir Titus in Kreta gelos het, was hy bitter bekommerd oor die arme jong man waar hy hom as't ware in die leeukuil gegooi het. Daardie spul Kretense kan sommer baie maklik met sy kop smokkel! Pas nadat hy in Klein-Asië aangekom het, besluit hy om 'n brief te skryf aan Titus om hom 'n bietjie riglyne te gee oor wat om te doen in so 'n moeilike gemeente.

Kreta was eens ’n land met ’n baie roemryke geskiedenis, 'n beskawing wat van 3000 tot 1550 vC ‘n hoogbloei tydperk beleef in welvarendheid, kuns en kultuur. Terloops, die Filistyne van die Ou Testament het waarskynlik uit Kreta gekom! Kreta se boukuns was asemrowend, en die regeerders het in manjifieke paleise gewoon. Een hiervan, die paleis van Knossos, word as een van die sewe wonders van die antieke wêreld beskou. Selfs die klein gehuggies se strate was geplavei. Die Kretensers se pottebakkerskuns, was meesterstukke, en is tot vandag toe nog wêreldberoemd. Kreta kan met reg beskou word as die bakermat van Griekse kultuur en ons kan dus met reg sê dat die Westerse beskawing uit Kreta gebore is.

Maar helaas! Hierdie hoogbloei tydperk van Kreta kon nie volgehou word nie en uiteindelik het die eiland vasgevang geraak in ’n spiraal van geweld en agteruitgang. Aardbewings en vulkaniese uitbarstings het die land ‘n ernstige knou gegee. Die Kretense het probeer opstaan uit die puin, maar hoe harder hulle probeer het, hoe meer het

hulle agteruit geboer. Kansvat, bedrog en diefstal was kitsresepte om uit die gemors te kom, maar die resultate was, nodeloos om te sê, gedoem.

“Aan Titus, my eie kind in die geloof wat ons bely,” het Paulus in sy brief aan Titus geskryf. “Genade en vrede van God ons Vader en Christus Jesus ons Verlosser!”

Paulus was bekommerd dat Titus dalk nie mooi geweet het hoe om dinge daar te organiseer nie, dus het hy dit duidelik op skrif uiteen gesit: “Ek het jou op Kreta agtergelaat met die bedoeling dat jy die dinge wat nog gereël moes word, in orde moet bring en dat jy in elke dorp ouderlinge moet aanstel.” Hy het vir Titus verduidelik dat hierdie ouderlinge 'n onberispelike lewe moes hê. Die slegte lewe was so deel van die Kretense se lewens, en gelowiges, veral die leiers, moes baie goed verstaan dat sulke dinge verby was. “Selfs onder die bekeerlinge is daar baie wat nog klou aan die ou lewe,” skryf Paulus vir Titus, “Een van hulle eie profete het gesê dat die Kretense altyd leuenaars is, ongediertes, lui vrate. Sulke gesindheid moet uitgeroei word onder gelowiges!”

Maar toe het Paulus verder in sy brief vir Titus geskryf hoe die Here eintlik van 'n gelowige vra om te leef. Hy vra nie die onmoontlike nie! Hy vra dat hulle nugter, eerbaar en verstandig moet wees en dat hulle geloofslewe gesond en vol liefde moet wees. Hulle moet, met ander woorde, 'n heilige lewe lei. “En in alles moet jy self vir hulle die

praktiese voorbeeld stel!” het hy vir Titus vermaan.

Tot 'n groot mate leef ons vandag in dieselfde omstandighede as die gelowiges in Kreta. Die voorskrifte wat Paulus gee, geld dus ook vir jou en my, om elke dag onberispelik en heilig te lewe en om op daardie wyse die voorbeeld te stel van wat God van ons as mense verwag.

Maar nie met lang gesigte nie! Kom ons volg ook Paulus se wonderlike voorbeeld en lewe ons borrelende blydskap uit, ten spyte van die verdoemenis van die korrupsie en kragonderbrekings en al die slegte goed wat dreig om ons te verswelg. So 'n borrelende blydskap is aansteeklik, en kan die wêreld om jou verander.

Gebed:

Heilige Gees, lei my om my geloof onberispelik en met borrelende blydskap uit te leef, elke dag.



# Vir Oulaas, Timoteus

## 2 Timoteus 1-4

Paulus het een groot begeerte, om vir oulaas nog 'n brief te skryf aan Timoteus. Hy weet dat dit soms maar baie swaar gaan met die jong man wat in moeilike omstandighede die leraar moet wees in die Efesiër-gemeente. Nadat hy vir Timoteus in Efese gelos het, is hy na Masedonië. En kort daarna het hy vir Timoteus 'n brief geskryf om hom te bemoedig en raad te gee. Hy het vir hom verduidelik hoe 'n gemeente behoort te funksioneer, en wat die pligte was van die verskillende groepe mense in die gemeente, soos ouderlinge, vroue, jongmense ensovoorts.

Paulus pleit by die tronkbewaarder om hom asseblieftog toe te laat om iemand in te kry wat hom kan help om 'n brief te skryf. En wonder bo wonder stem die man in.

'n Paar dae later daag die sekretaris op met sy perkament, ink en skerpgemaakte gansveer, en hy neem stelling in langs Paulus. Hy skrik as hy sien hoe oud en vervalle Paulus geword het in hierdie kort tyd.  Maar ten spyte daarvan is daar steeds die sprankel in Paulus se oë, en plooi die glimlag steeds om sy mondhoeke.

Hy begin skryf: “Aan Timoteus, my geliefde seun. Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Here.”

Onwillekeurig dink Paulus aan die laaste keer toe hy vir Timoteus gesien het, daar toe hulle in Efese afskeid geneem

het. Die trane het onbeskaamd oor Timoteus se wange gestroom. Het hy dalk toe al geweet dat dit die laaste keer sou wees wat hulle mekaar sou sien?

“Ek onthou jou afskeidstrane en wil jou baie graag weer sien. Dit sal vir my 'n groot vreugde wees,” skryf Paulus, al weet hy dat dit nie sal gebeur nie. “Ek dink ook aan jou opregte geloof wat al in jou ouma Loïs en jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.”

Die sekretaris kyk Paulus vraend aan, waar hy ingedagte staan en dink aan hoe hy dit vir Timoteus moet stel. Paulus se innige gebed is dat daardie vuur in Timoteus nooit sal blus nie. Ja, inderdaad moet 'n mens maar gedurigdeur die vuur aanblaas sodat die krag van die Heilige Gees ons kan vul met liefde en selfbeheersing.

“Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie, en moet jou asseblief ook nooit vir my skaam omdat ek in die tronk is vir die Here nie.” Hy wil dit vir Timoteus op die hart druk dat hy te alle tye getrou moet bly aan die Evangelie. Hy moet toegewy bly aan die Here. In die jare wat Timoteus saam met Paulus gewerk het, het Paulus vir hom 'n voorbeeld gestel van wat dit beteken om in diens van die Here te staan. Nou wil Paulus hê dat Timoteus daardie voorbeeld sal navolg. Maar dit moet verder gaan: hy moet ook ander bekwame mense leer en opleiding gee om sélf leraars te wees om so die Evangelie verder uit te dra.

Hy gebruik 'n beeld wat hy veral die laaste tyd baie mee te

doene gehad het, dié van 'n soldaat, om vir Timoteus te verduidelik dat hy nes 'n soldaat absoluut gehoorsaam is aan sy bevelvoerder, so moet Timoteus dieselfde onvoorwaardelike gehoorsaamheid teenoor die Here hê. En hy moet maar daardie begeertes wat so deel is van elke jongmens vermy en eerder streef na opregtheid, geloof, liefde en vrede asook 'n rein hart. "Bly asseblief maar weg van die sinlose strydvrae waarvoor die mense van Efese so lief is. En wees vriendelik! Selfs teenoor die mense wat jou bloed laat kook!"

En dan is daar die dwaalleringe wat nog steeds in die gemeente versprei word. Timoteus ken tog van kleins af al die Heilige Skrif. As hy die Skrif as riglyn gebruik, gee dit hom ál die nodige kennis. "Die hele Skrif is deur God geïnspireer," skryf Paulus vir hom in 2 Tim. 3:16, "en dit het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus kan wees vir elke goeie werk."

Dan pleit Paulus by Timoteus, nee, eintlik beveel hy hom in God se Naam om vol te hou om die Woord van God te bly verkondig, tydig en ontydig.

"Die tyd van my dood is voor die deur," skryf hy vir Timoteus, "maar ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou. Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God."

Vir oulaas, voordat hy die brief afsluit, spreek hy die versugting uit dat Timoteus tog asseblief gou vir hom sal kom kuier.

“Paulus, jou tyd het gekom!” hoor hy die soldaat wat hom na sy verhoor moet neem.

“Dankie Here,” bid Paulus, “dankie vir U groot genade!”

Volgens oorlewering is Paulus onthoof onder die regering van die wrede Nero in Mei van die jaar 68 nC. Slegs 'n maand later, op 9 Junie van dieselfde jaar pleeg Nero selfmoord.

Paulus het 'n vol lewe gehad en 'n ryk nalatenskap agtergelaat vir baie miljoene mense.

Gebed:

Here, dankie vir die wonderlike lewe van Paulus, vir alles wat Hy ons geleer het en die wonderlike voorbeeld wat hy gestel het.



Gaan Na Inhoud